# LANDBOUMAATSKAPPYE
# AS ONDERNEMING
# IN DIE LIG VAN
# DIE NUWE KOÖPERASIEWET

**MARTHA JOHANNA GROBLER, B.Com., Hons. B.Com.**

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad Magister Comercii in Ekonomie
in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes Universiteit.

Studieleier: Prof. P. Styger

Bothaville
Mei 2006

# DANKBETUIGING

Alle eer aan ons Vader in die Hemel: "Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom, Hy sal sorg" (Ps.37:5).

'n Spesiale woord van dank aan die volgende persone en instansies wat op direkte of indirekte wyse 'n bydrae gelewer het tot hierdie verhandeling:

- Prof. P. Styger, vir sy leiding, ondersteuning en geloof in my werk. Dit was voorwaar 'n voorreg en 'n plesier om saam met hom te kon werk.
- Al die personeel by die fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wat 'n bydrae gelewer het.
- Prof. G. vd Westhuizen vir opbouende kommentaar op voorlopige kopieë van die verhandeling.
- Die Biblioteek personeel van die Potchefstroomkampus van die Noordwes Universiteit vir hulle hulpvaardigheid.
- Tobias Doyer, Hoof Uitvoerende Bestuurder van die Landboubesigheidskamer wat uit sy pad uit gegaan het om my te help met my studie.
- Die personeel van Senwes, en veral mev. Elmari Joynt vir hulle hulp deur die jaar.
- Mev. L. Keough vir die taalkundige versorging van die verhandeling.
- Alle direkteure en betrokke personeel van alle ondernemings wat ek besoek het, wat gehelp het met die voltooiing van die vraelyste tydens die onderhoude.
- Basil de Goede, vorige Registrateur van Koöperasies wat ook gehelp met met die bekom van inligting.

- My ouers, vir ongelooflike ondersteuning en begrip regdeur my studieloopbaan, en dan veral vir my pa wat baie moeite gedoen het om my te help met hierdie verhandeling.

**M.J. GROBLER**
**POTCHEFSTROOM**

# OPSOMMING

Die doel van die hele navorsing is drie-ledig. Eerstens is daar gekyk na die redes waarom landboukoöperasies omgeskakel het, en steeds omskakel, na landboumaatskappye. Dit is gedoen om tweedens te probeer vasstel watter ondernemingsvorm die beste is vir die nuwe en opkomende era boere. Laastens is daar gekyk na die veranderinge in die Koöperasiewet (91/1981) om die invloed wat die nuwe Koöperasiewet (14/2005), wat al bekend gestel is, maar waarvan die datum van inwerktreding nog nie bekend is nie, op die keuse van 'n ondernemingsvorm kan hê.

Hoofstuk 1 is 'n inleidende hoofstuk waar die probleemstelling uiteengesit word, asook die metode van ondersoek wat gevolg is. Die probleemstelling is as volg:

*Landboukoöperasies wat 'n groot rol gespeel het in die boerdery bedrywighede van boere in die verlede, het baie verander in hul vorm en manier van besigheid doen. Baie van die tradisionele landboukoöperasies het omvorm tot 'n landboumaatskappy. Die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n landboukoöperasie en die redes tot omvorming in 'n landboumaatskappy is belangrik om te bepaal watter ondernemingsvorm is tot beste voordeel vir die moderne en opkomende boer. Die nuwe koöperasiewet Nr. 14 van 2005, wat op 18 Augustus 2005 in die Staatskoerant verskyn het, se invloed op die studie word ook ondersoek.*

In hoofstuk 2 is daar gekyk na die ontwikkelingsgeskiedenis van landboukoöperasies, eers in die buiteland, en dan in Suid-Afrika. Landboukoöperasies en landboumaatskappye is in hoofstuk 3 en 4 onderskeidelik ondersoek ten einde die verskil in ondernemingsvorme te kan bepaal waarna 'n vergelyking getref word. Daar is gekyk na die wese, samestelling, struktuur en eksterne organisasie van beide ondernemingsvorme, In hoofstuk 5 is die bedryfsondersoek bespreek. Hier kon die redes vir omvorming geïdentifiseer word.

Die redes vir maatskappyvorming van landboukoöperasies is bepaal en hieruit was dit duidelik dat omvorming plaasgevind het as gevolg van politieke redes, sake oorwegings en moontlikhede wat die maatskappyvorm kan bied, wat nie in die koöperatiewe vorm moontlik is nie. Dit was dus nie as gevolg van negatiewe eienskappe of probleme in die koöperatiewe vorm nie. Na aanleiding hiervan is die

gevolgtrekking gemaak dat die koöperatiewe vorm 'n nuwe era of opkomende boer die beste kan dien.

Hoofstuk 7 handel oor die nuwe Koöperasiewet en is dit duidelik dat die regering dit ten doel het om die sogenaame "agtergeblewende" landboukoöperasies te ondersteun. Die kwessies van gelykheid en armoede word ook sterk aangespreek in dié sin dat koöperatiewe strukture in plek gestel moet word om gelykheid te help bevorder en armoede te verlig. Daar is ook gekyk na die reaksie van die Landboubesigheidskamer rakende die nuwe wet.

Na afloop van die hoofstuk is die gevolgtrekking dat die koöperatiewe sektor die beste na die behoeftes van die opkomende boer kan omsien, bevestig. 'n Nuwe of jong boer het die hulp en raad van 'n landboukoöperasie nodig as gevolg van die samewerkingsvoordele wat hy/sy daardeur kan kry. Die regering gaan ook moeite doen om hierdie landboukoöperasies te ondersteun waar nodig en is die nuwe wet se invloed baie positief vir landboukoöperasies. Soos die landboukoöperasies sterker word, kan dit weer omskakel in landboumaatskappye om weer ander voordele te kan benut.

# ABSTRACT

The purpose of the research is threefold. The reasons why agricultural co-operatives converted and were still converting to agricultural companies were looked at first. This was done, secondly, to determine which business form was the best for new and emerging era farmers. Lastly the changes to the Co-operative Act (91/1981) were scrutinised in order to determine the effect of the new Co-operative Act (14/2005), which has been published but the date of commencement is not yet known, on the form of business selected.

Chapter 1 is an introductory chapter, in which the problem is stated, as well as the method of investigation which was followed. The problem is stated as follows:

*Agricultural co-operatives, which played a huge role in the farming activities of farmers in the past, have change drastically in form and the manner in which business is done. A large number of the traditional agricultural co-operatives have converted to agricultural companies. The developmental history of agricultural co-operatives and reasons for conversion to agricultural companies are important in determining which business form would be to the best benefit of the modern and emerging farmer. The influence of the new Co-operative Act No. 14 of 2005, which was published in the Government Gazette on 18 August 2005, is also investigated.*

In chapter 2 we looked at the developmental history of agricultural co-operatives, firstly abroad and then in South Africa. Agricultural co-operatives and agricultural companies were investigated in chapter 3 and 4 respectively in order to determine the difference in business forms, after which a comparison is made. The essence, composition, structure and external organisation of both business forms were investigated. The operational investigation was discussed in chapter 5, where reasons for conversion could be identified.

The reasons why agricultural co-operatives converted to companies were determined and it was clear that conversion took place due to political reasons, business considerations and the possibilities which the company format could offer, which were not possible in co-operative form. The reasons were therefore not any negative characteristics or problems in the co-operative form. On the basis of the above, the

conclusion was reached that the co-operative form would best serve a new era or emerging farmer.

Chapter 7 deals with the new Co-operative Act and it is clear that the government is focussing on supporting the so-called "previously disadvantaged" agricultural co-operatives. The issues of equality and poverty are also addressed strongly in the sense that co-operative structures should be put in place to assist in furthering equality and relieve poverty. The reaction of the ABC (Agricultural Business Chamber) to the Act was also discussed.

After this chapter the conclusion that that the co-operative sector can best address the needs of the emerging farmer, was confirmed. A new or young farmer needs the assistance and advice of an agricultural co-operative due to the co-operative benefits which he/she can enjoy. Government will also go out of its way to support agricultural co-operatives where necessary and the influence of the new Act is very positive for agricultural co-operatives. As agricultural co-operatives grow stronger, they can convert to agricultural companies, thereby acquiring other benefits.

# INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK 1: INLEIDING ........ 1

1.1. AGTERGROND EN MOTIVERING ........ 1

1.2. PROBLEEMSTELLING ........ 2

1.3. UITLEG VAN DIE STUDIE ........ 2

1.4. METODE VAN ONDERSOEK ........ 3

HOOFSTUK 2: DIE GESKIEDENIS VAN LANDBOUKOÖPERASIES ........ 4

2.1. INLEIDING ........ 4

2.2. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING ........ 4

2.2.1. Landboukoöperasies in die buiteland ........ 5

2.2.1.1 Ontwikkeling in Engeland ........ 5

2.2.1.2. Ontwikkeling in die V.S.A. ........ 7

2.2.1.3. Ontwikkeling in Swede ........ 8

2.2.1.4. Ontwikkeling in Duitsland ........ 10

2.2.1.5. Samevatting ........ 10

2.2.2 Agtergrond tot die ontstaan van die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika ........ 11

2.2.2.1. Die periode tussen 1870 en 1910 ........ 11

2.2.2.2. Die periode tussen 1911 en 1939 ........ 13

2.2.2.3. Die periode tussen 1940 en 1976 ........ 15

2.2.2.4. Die periode tussen 1977 en 1981 ... 19

2.2.2.5. Die periode tussen 1982 en 1994 ... 20

2.2.2.6. Die periode tussen 1995 en vandag ... 21

2.3. SAMEVATTEND ... 27

HOOFSTUK 3: LANDBOUKOÖPERASIES ... 28

3.1. INLEIDING ... 28

3.2. DIE WESE VAN KOÖPERASIES ... 28

3.2.1. Stigting en oprigting ... 30

3.2.2. Doelstellings en bevoegdhede ... 31

3.2.3. Beperkings ... 31

3.3. SAMESTELLING EN STRUKTUUR VAN KOÖPERASIES ... 32

3.3.1. Inleiding ... 32

3.3.2. Selfstandigheid van die koöperasie ... 33

3.3.2.1. Inleiding ... 33

3.3.2.2. Soorte koöperasies ... 33

3.3.2.2.1. Primêre landboukoöperasies: ... 33

3.3.2.2.2. Sentrale of Federale Landboukoöperasies ... 35

3.3.2.2.3. Primêre Spesiale Boerekoöperasies ... 35

3.3.2.2.4. Sentrale of Federale Spesiale Boerekoöperasies ... 36

3.3.2.2.5. Handelskoöperasies ... 37

3.3.2.3. Samevattend ... 37

3.3.3. Interne organisasie ... 37

3.3.3.1. Inleiding ... 37

3.3.3.2. Die lede ... 37

3.3.3.3. Toe- en Uittrede ... 38

3.3.3.4. Minimum ledetal ... 40

3.3.3.5. Aanspreeklikheid ... 40

3.3.3.6. Die Raad van Direkteure ... 41

3.3.3.7. Kapitaal en aanwending van die surplusse van landboukoöperasies ... 41

3.3.3.7.1. Aandele in landboukoöperasies ... 42

3.3.3.7.2. Beperkte vergoeding (rente) op aandelekapitaal ... 43

3.3.3.7.3. Surplusverdeling ... 43

3.3.3.7.4. Ledefondse en reserwes van landboukoöperasies ... 44

3.3.3.7.5. Onopgeëiste gelde by landboukoöperasies ... 45

3.3.3.8. Stemreg ... 45

3.3.3.9. Winsverdeling ... 46

3.3.3.10. Likwidasie ... 46

3.3.3.11. Die Statute ... 47

3.3.3.12. Die finansiële struktuur van die koöperasie ... 47

3.3.3.13. Samevattend ... 48

3.3.4. Eksterne organisasie ... 48

3.3.4.1. Inleiding ........ 48

3.3.4.2. Agri SA ........ 48

3.3.4.3. Landboubesigheidskamer (LBK) ........ 50

3.4. KARAKTEREIENSKAPPE WAT KOÖPERASIES VAN ANDER BESIGHEIDSENTITEITE SKEI: ........ 51

3.5. BELANGRIKE FAKTORE WAT DIE SUKSES VAN 'N LANDBOUKOÖPERASIE KAN BEWERKSTELLIG. ........ 52

3.6. SAMEVATTING ........ 53

HOOFSTUK 4: LANDBOUMAATSKAPPYE ........ 57

4.1. INLEIDING ........ 57

4.2. DIE WESE VAN 'N MAATSKAPPY ........ 57

4.2.1. Inleiding ........ 57

4.2.2. Stigting en oprigting ........ 58

4.2.3. Doelstellings en bevoegdhede ........ 58

4.2.4. Beperkings ........ 59

4.2.5. Samevattend ........ 59

4.3. SAMESTELLING EN STRUKTUUR ........ 60

4.3.1. Inleiding ........ 60

4.3.2. Soorte maatskappye ........ 60

4.3.3. Interne organisasie ........ 63

4.3.3.1. Lede ........ 63

4.3.3.1.1. Die begrippe aandeelhouer en lid ........ 63

4.3.3.1.2. Verkryging van lidmaatskap ........ 64

4.3.3.1.3. Beëindiging van lidmaatskap ........ 64

4.3.3.1.4. Bevoegdheid om lid te word ........ 65

4.3.3.1.5. Minimum ledetal ........ 65

4.3.3.1.6. Vergelyking met landboukoöperasies ........ 65

4.3.3.2. Aanspreeklikheid ........ 66

4.3.3.3. Direkteure ........ 66

4.3.3.4. Aandelekapitaal ........ 68

4.3.3.5. Aandele ........ 68

4.3.3.5.1. Toewysing en uitreiking van aandele ........ 68

4.3.3.5.2. Intrinsieke waarde en markwaarde van aandele ........ 69

4.3.3.5.3. Toewysing en aanname na aanbieding aan die publiek ........ 69

4.3.3.5.4. Aandelesertifikate en aandelebriewe ........ 70

4.3.3.5.5. Vergelyking met landboukoöperasies ........ 70

4.3.3.6. Notering op die beurs ........ 71

4.3.3.7. Stemreg ........ 71

4.3.3.8. Winsverdeling ........ 72

4.3.3.9. Likwidasie ........ 72

4.3.3.10. Akte van oprigting en statute ........ 73

4.3.3.11. Die finansiële struktuur van die maatskappy ........ 74

4.3.3.12. Die beheer van die maatskappy ..... 74

4.3.3.13. Ampsdraers ..... 78

4.3.3.13.1. Werknemers ..... 78

4.3.3.13.2. Sekretaris ..... 78

4.3.3.13.3. Bestuurder ..... 79

4.3.3.13.4. Voorsitter van die Direksie ..... 79

4.3.3.14. Samevattend ..... 79

4.3.4. Eksterne organisasie ..... 80

4.3.5. Samevattend ..... 80

4.4. KING II VERSLAG ..... 83

4.4.1. Inleiding ..... 84

4.4.2. Het landboumaatskappye so 'n verslag en die aanbevelings daarin vervat nodig? ..... 85

4.4.3. Hoë risiko besigheid ..... 85

4.4.4. Direkteursvergoeding ..... 86

4.4.4.1. Die konsentrasie van te veel mag in die hande van een persoon ..... 86

4.4.4.2. Toepassing en afdwinging ..... 87

4.5. SLOT ..... 87

HOOFSTUK 5: BEDRYFSONDERSOEK ..... 88

5.1. INLEIDING ..... 88

5.2. NAVORSINGSONTWERP ..... 88
5.2.1. Navorsingsonderwerp ..... 88
5.2.2. Navorsingsprobleem ..... 89
5.2.3. Navorsingsbenadering ..... 89
5.3. AFBAKENING VAN DIE STUDIE ..... 89
5.3.1. Doelgerigte steekproef ..... 89
5.4. DATA-INSAMELING ..... 90
5.5. DATAVERWERKING ..... 91
5.5.1. Data-ontledingsmetode ..... 91
5.5.2. Semi-gestruktureerde vraelys ..... 92
5.6. GELDIGHEID VAN DIE STUDIE ..... 93
5.6.1. Geldigheid ..... 93
5.6.1.1. Interne geldigheid ..... 94
5.6.1.2. Eksterne geldigheid ..... 94
5.6.2. Betroubaarheid ..... 94
5.7. ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN DATA ..... 95
5.7.1. Afdeling A: Polities ..... 96
5.7.1.1. Agtergrond ..... 96
5.7.1.2. Resultate van die gestruktureerde onderhoud ..... 97
5.7.1.3. Gevolgtrekking ..... 101
5.7.2. Afdeling B: Sake-oorwegings ..... 102

5.7.2.1. Agtergrond ........ 102

5.7.2.2. Resultate van die gestruktureerde onderhoud ........ 103

5.7.2.3. Gevolgtrekking ........ 104

5.7.3. Afdeling C: Ledebelang ........ 105

5.7.3.1. Agtergrond ........ 105

5.7.3.2. Resultate van die gestruktureerde onderhoud ........ 106

5.7.3.3. Gevolgtrekking ........ 108

5.7.4. Afdeling D: Algemeen ........ 109

5.7.4.1. Kruissubsidiëring ........ 109

5.7.4.2. Ondernemingskonflik ........ 110

5.7.4.3. Ledebeheer ........ 111

5.7.4.4. Gevolgtrekking ........ 111

5.7.4.5. Ander faktore ........ 112

5.7.5. Gevolgtrekking: Redes vir die omskakeling van 'n landboukoöperasie na 'n landboumaatskappy ........ 118

5.8. BESIGHEDE WAT REEDS OMGESKAKEL HET VANAF 'N LANDBOUKOÖPERASIE NA 'N LANDBOUMAATSKAPPY: ........ 120

5.9. SAMEVATTING ........ 123

HOOFSTUK 6: DIE NUWE KOÖPERASIEWET EN DIE PAD VORENTOE VIR LANDBOUBESIGHEDE ........ 126

6.1. INLEIDING ........ 126

6.2. GESKIEDENIS VAN DIE KOÖPERATIEWE WETGEWING IN SUID-AFRIKA ........ 127

6.3. KOÖPERASIEWET NR. 14 VAN 2005 ........ 129

6.4. KOMMENTAAR HIEROP GELEWER DEUR DIE LANDBOUBESIGHEIDSKAMER ........ 135

6.5. DIE STRATEGIE VAN DIE DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID TEN OPSIGTE VAN DIE KOÖPERATIEWE SEKTOR. ........ 139

6.5.1. Inleiding ........ 139

6.5.2. Die Regering se benadering tot koöperatiewe ontwikkeling en bevordering. ........ 139

6.5.3. Die huidige stand en uitdagings van die koöperatiewe sektor. ........ 140

6.5.4. Inligting en statitieke rakende koöperasies ........ 140

6.5.5. Die struktuur van die koöperatiewe beweging ........ 141

6.5.6. Samevatting ........ 141

6.6. DIE TOEKOMS VAN LANDBOUKOÖPERASIES EN LANDBOUMAATSKAPPYE ........ 142

6.7. SAMEVATTEND ........ 143

HOOFSTUK 7: SLOTHOOFSTUK ........ 145

7.1. INLEIDING ........ 145

7.2. SAMEVATTING ........ 145

7.3. ALGEMENE GEVOLGTREKKING ........ 149

7.4. MOONTLIKHEDE VIR VERDERE STUDIES ........ 150

BYLAAG A ........ 152

BYLAAG B ........ 159

BRONNELYS: ........ 167

## HOOFSTUK 1: INLEIDING

### 1.1. AGTERGROND EN MOTIVERING

Die geskiedenis van die mensdom word vanaf die vroegste tye deur 'n onafgebroke *ekonomiese stryd om bestaan* gekenmerk (van Niekerk, 1982:1). Met die vernietigende gevolge van die Anglo Boere-Oorlog van 1899 tot 1902 nog vars in die geheue, was landbou en mynbou die twee sleutelbedrywe wat kon bydra tot die heropbou en ontwikkeling van die destydse kolonies. Vandag, meer as 'n eeu later, is landbou steeds 'n sleutelbedryf in die voorsiening van voedsel, vesel en werksgeleenthede vir die mense van Suid-Afrika.

'n Nuwe begin, sonder kapitaal, moes na die oorlog in 1902 gemaak word. Die uitdaging wat hierdie omstandighede aan die geteisterde boerebevolking gestel het, was geweldig groot (van Niekerk, 1982:18). Die opkomende nuwe boer van die twintigste eeu, staan voor dieselfde uitdaging, en die vraag wat gevra word is dat indien geskiedenis homself herhaal, kan die oplossings van die verlede nie ook oplossings vir die hede wees nie?

"Indien de behoorlijke coöperatie in dit land wordt gevestigd, dan ben ik zeker dat de toestanden der boeren verbeteren moeten." "If proper co-operation becomes established in the country, then I am sure that the position of farmers must improve." Genl Louis Botha, Eerste Minister, September 1908 (Doyer, 2006:1)

"The Government will ... place more emphasis on the development of a co-operative movement to combine the financial, labour and other resources among the masses of the people, rebuild our communities and engage the people in their own development through sustainable economic activity." Thabo Mbeki, State President, 25 June 1999 (Doyer, 2006:1)

Volgens Radel en Reynders (1980:201) is 'n koöperasie 'n vereniging wat bestaan uit 'n groep persone wat gemeenskaplike belange het en dit vrywillig saamsnoer, tot wedersydse voordeel, by die inkoop, verkoop of produksie van goedere of dienste deur een kanaal. Die belangrikheid van 'n instansie wat diensgerig is om gesamentlike

bedinging en kollektiewe optredes moontlik te maak asook om 'n afset gebied vir hul produkte te vind, is reeds 'n eeu gelede besef. Primêre landboukoöperasies het ontwikkel in kragtige ondernemingsvorme wat self ook aktief aan ekonomiese bedrywighede soos die verwerking, vervaardiging en bemarking van landbouprodukte begin deelneem het. Sommige landboukoöperasies het baie winsgewend geraak en baie landboukoöperasies het van ondernemingsvorm verander en landboumaatskappye gevorm.

Hierdie studie fokus op die maatskappyvorming van landboukoöperasies in die 1990's om sodoende die belangrikste redes vir omvorming te ondersoek. Verskeie landboukoöperasies asook landboumaatskappye is besoek om sodoende 'n breë begrip van beide te kan bekom en in die navorsingsprojek te help. Nie alleen die maatskappyvorming word ondersoek nie, maar die studie gaan ook verder deur te kyk na die nuwe Koöperasiewet wat binnekort in werking gaan tree. Die invloed hiervan op die moderne landboukoöperasie en/of landboumaatskappy, sal ondersoek word.

## 1.2. PROBLEEMSTELLING

Landboukoöperasies wat 'n groot rol gespeel het in die boerderybedrywighede van boere in die verlede, het baie verander in hul vorm en manier van besigheid doen. Baie van die tradisionele landboukoöperasies het omvorm tot 'n landboumaatskappy. Die geskiedenis van die landboukoöperasie en die redes tot omvorming in 'n landboumaatskappy is belangrik ten einde te kan bepaal watter ondernemingsvorm tot die beste voordeel vir die moderne en opkomende boer is. Die nuwe Koöperasiewet (14/2005) word ook bestudeer om die invloed hiervan te bepaal. Die rol van die landboumaatskappy in hierdie nuwe bedeling sal ook ondersoek word.

## 1.3. UITLEG VAN DIE STUDIE

Hoofstuk twee begin met die geskiedenis van 'n landboukoöperasie van so vroeg as 1870. Die koöperasie word generies bestudeer in hoofstuk drie, waarna die fokus verskuif spesifiek na 'n landboukoöperasie. Die doel van die hoofstuk is om die leser 'n volledige oorsig oor die koöperatiewe omgewing te gee, ten einde die landboukoöperasie as ondernemingsvorm te verstaan. Hoofstuk vier handel oor 'n

landboumaatskappy. Die maatskappy word generies bestudeer en weer verskuif die fokus na 'n spesifieke maatskappyvorm, die landboumaatskappy. Na afloop van diè hoofstuk moet daar onderskeid getref kan word tussen die twee ondernemingsvorme, ten einde die redes tot omvorming, wat in hoofstuk vyf volg, makliker te verstaan.

Hoofstuk vyf verduidelik verder ook die metode van navorsing, onder die opskrif bedryfsondersoek. Hier word die pad wat gevolg is, ten einde gevolgtrekkings te kon maak, verduidelik. Hoofstuk ses ondersoek die invloed en rol wat die nuwe Koöperasiewet op die boerderyomgewing kan hê asook die gemeenskap se kommentaar op die beoogde nuwe wet, Wet Nr 14. van 2005. Die pad vorentoe vir landboukoöperasies en landboumaatskappye as ondernemingsvorme word ook hier bespreek. Hoofstuk sewe sluit af met 'n algehele samevatting.

## 1.4. METODE VAN ONDERSOEK

Literatuurstudies oor landboukoöperasies en landboumaatskappye as ondernemingsvorm word gedoen, om sodoende bogenoemde apart te kan bestudeer, wat dan die vergelyking sal vergemaklik.

'n Empiriese studie sal gedoen word deur middel van gestruktureerde persoonlike onderhoude met die bestuur van landboukoöperasies en landboumaatskappye regoor die land om ook hierdeur 'n meer algehele indruk te kry. Hierdie inligting sal verwerk word ten einde die motivering vir die verandering van ondernemingsvorm te kan bepaal. Die vraelys verskaf die nodige struktuur aan die onderhoud, wat bruikbare inligting inwin.

# HOOFSTUK 2: DIE GESKIEDENIS VAN LANDBOUKOÖPERASIES

## 2.1. INLEIDING

Daar is geen land en terrein van ekonomiese aktiwiteit waar die koöperatiewe ondernemingsvorm nie op een of ander wyse toegepas word nie (van Niekerk, 1986a:119). "'n Koöperasie is 'n vereniging van lede wat ten doel het om deur middel van gesamentlike ekonomiese optrede 'n surplus of besparing in die handelsverkeer te bewerkstellig" (van Rensburg, 1997:53).

Die doel van hierdie hoofstuk is om die geskiedenis van landboukoöperasies van nader te bestudeer. Dit is belangrik om te kan bepaal hoekom en hoe landboukoöperasies oorspronklik ontstaan het en dan ook die pad wat landboukoöperasies gestap het om te kon ontwikkel in die gevestigde, suksesvolle ondernemings wat hulle vandag is. Eers word daar gekyk na die geskiedenis van landboukoöperasies in die buiteland en dan in Suid-Afrika.

## 2.2. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING

Wanneer die ontstaan en ontwikkeling van koöperasies, in die besonder landboukoöperasies in Suid-Afrika ondersoek word en die onderskeie denke van koöperateurs, landbouleiers, administrateurs, ministers en navorsers bestudeer word, is dit duidelik dat bepaalde sieninge van tyd tot tyd oorheers het. Soos wat die gebeurtenisse in die verlede afgespeel het, het die koöperasies ook saam met die omstandigdhede ontwikkel, wat maak dat daar verskeie tydsvakke of periodes waargeneem kan word in die ontwikkeling van diè spesifieke ondernemingsvorm (van Niekerk, 1986a:124,125).

Onder die opskrif ontstaan en ontwikkeling van landboukoöperasies, fokus die studie spesifiek op die geskiedenis en verloop van gebeure wat gelei het tot die ontwikkeling van landboukoöperasies soos dit vandag daaruit sien.

### 2.2.1. Landboukoöperasies in die buiteland

As daar gekyk word na die ontwikkeling van landboukoöperasies in Suid-Afrika, soos later in die hoofstuk bespreek word, is dit duidelik dat diè konsep van oorsese lande en die invloed van buitelanders afkomstig is. Om diè rede is dit ook nodig om te kyk na die ontwikkeling van landboukoöperasies in sommige ander lande. Voor daar egter gekyk word na die onstaan en ontwikkeling van koöperasies in die buiteland, moet eers stilgestaan word by die begrip *koöperasie*. Die woord 'koöperasie' is afgelei van die Latynse woord 'co-operari' wat beteken samewerking, dit wil sê om saam te werk vir een of ander gemeenskaplike doel (van Niekerk, 1986a:38). Hierdie is egter 'n baie goeie woordkeuse om hierdie spesifieke ondernemingsvorm te beskryf, want dwarsdeur die geskiedenis kan hierdie noue band van samewerking waargeneem word. Die beginsel van onderlinge hulp bestaan al eeue lank en samewerking vind al plaas in die antieke Mesopotamiё, in Nederland gedurende die Middeleeue en by boere in die Alpe honderde jare gelede (SALU, 1966:13). Vervolgens sal hier slegs na die ontwikkeling in Engeland, die V.S.A., Swede en Duitsland verwys word, om aan te toon hoe die koöperatiewe beweging 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die Nywerheidslande se ekonomieë gespeel het.

#### 2.2.1.1 Ontwikkeling in Engeland

Die ontstaan van koöperasies in Engeland dateer terug tot 1760 toe werkers in die dokwerwe van Woolwich en Chatham, 'n koringmeule op 'n koöperatiewe basis begin het as teenwig vir die hoë pryse van die koringmeulenaars, wat die plaaslike monopolie gehad het (van Niekerk, 1986a:3). In 1844 het 28 persone die eerste suksesvolle koöperasie, die "Rochdale Co-operative Society" gestig (van Niekerk, 1982:3). Toestande in die dorpie Rochdale was chaoties. Lone was laag terwyl hoë werkloosheid, lang werksure en swak behuising tot 'n lae lewenspeil van inwoners gelei het. Slegs deur samewerking en gesamentlike optrede is 'n mate van verligting bewerkstellig.

Die eerste federale groothandelsvereniging, die Co-operative Wholesale Society (CWS), het in 1863 tot stand gekom toe 'n hele aantal kleiner koöperatiewe winkels 'n koöperasie gevorm het op groothandelsvlak in belang van die ledekoöperasies (van

Niekerk, 1986a:5). In vergelyking met ander Europese lande, het landboukoöperasies in Engeland eers relatief later ontstaan. Die eerste landboukoöperasie is in 1870 gestig en die volgende dertig jaar het dit sporadies toegeneem (van Niekerk, 1982:4). In 1901 is 'n organisasie gestig met die doel om landboukoöperasies bekend te stel en te bevorder, en in 1919 is die "Plunkett Foundation for Co-operative Studies" in Oxford ('n koöperatiewe opleidings- en navorsingsorganisasie) deur Sir Horace Plunkett gestig (van Niekerk, 1982:4). Moeilike omstandighede het dus bygedra tot die ontstaan en sukses van die koöperasie en die struktuur en samestelling van diè koöperasie het as model gedien vir baie opkomende koperateurs (van Niekerk, 1982:3).

Uit die geskiedenis van koöperasies in Engeland kan gesien word dat die idee van onderlinge samewerking al vir eeue heen bestaan en dat die eerste koöperasie in Rochdale in Engeland in 1844 ontstaan het, te danke aan die 28 persone wat die "Rochdale Co-operative Society" gestig het. Die gebou waarin die kantore van hierdie eerste koöperasie in Toad Lane in Rochdale Engeland is, is vandag 'n museum waar mense die "Birthplace of Co-operation" kan gaan besigtig (Thompson, 1994:1). As daar egter vandag gekyk word na Engeland se koöperatiewe sektor lyk dit nie so goed nie. Volgens R.H. Burlton, direkteur van die Koöperatiewe Bank en voorsitter van die Koöperatiewe Unie van Engeland (Boudreau, 2001:1), is die koöperatiewe sektor se prestasie oor die laaste 10 jaar onbevredigend. Met 'n swak algehele winsgewendheid, te veel onwinsgewende ondernemings en min ondersteuning van die regering lyk dit nie goed nie. Burlton beweer verder dat die redes hiervoor hoofsaaklik die gevolg is van die sterk kompetisie tussen ondernemings in die land, die konserwatiewe tradisies wat nog bestaan onder die produsente, 'n tekort aan toegewydheid en 'n ontoereikende beleid.

Beheerrade vir verskeie kommoditeite soos melk, wol en aartappels wat nog van vorige geslagte af oorgedra is, het sake vir die boer verder bemoeilik. Tot onlangs het individuele produsente geen beheer gehad oor diè skakels wat voorgekom het in die bemarkingsketting nie, wat beteken dat die produsent nie kompeterende pryse vir sy produkte kon kry nie. Daar is selfs vandag nog onvoldoende kennis onder die mense rondom koöperasies en hul funksionering. Diè onderwerp kry baie min, indien enige aandag in die land se onderrigstelsels en die regering het ook nog geen groot kapitale investerings gemaak of enige poging aangewend om die koöperatiewe ondernemingsvorm aan te moedig nie (Boudreau, 2001:1).

### 2.2.1.2. Ontwikkeling in die V.S.A.

Koöperasiewese in die V.S.A. het veral baie sterk na vore gekom in die agtien-tagtigs (SALU,1966:27). Samewerking tussen boere in die V.S.A. dateer vanaf die baanbrekerstydperk toe hulle mekaar gehelp het om hulle lande te bewerk en om hulself teen aanvalle van die Indiane te verdedig. In die begintydperk 1810 tot 1870 is verskeie kaas- en botterondernemings met koöperatiewe oogmerke opgerig en in 1876 was daar alreeds meer as 400 van hierdie ondernemings (SALU,1966:27). Die bemarking van graan, verskaffing van boerderybenodighede en die hantering van vrugte is in 1887 ook koöperatief onderneem (SALU,1966:27).

In die jare 1870 tot 1890, beter bekend as die tydperk van die "Order of Patrons of Husbandary" of sogenaamde "Grange", was gepoog om die ekonomiese, sowel as maatskaplike en gesinsprobleme van die boer te oorkom (SALU,1966:27). Organisasies het nou gesamentlik bestellings geplaas en so die belange van hul lede gedien. In 1876 was daar alreeds meer as 20 000 van hierdie organisasies. Hierdie ondernemings het in 1874 'n verteenwoordiger na Europa gestuur om die koöperasiewese te bestudeer en in 1875 het hulle regulasies volgens die Engelse model vir koöperatiewe winkels daargestel. Later is hulle aktiwiteite na bemarking en finansiering uitgebrei (SALU,1966:27).

Gedurende die tydperk 1890 tot 1920 het die landboukoöperasies hulself as 'n integrale deel van die bemarking, verskaffing en verskeping van landbouprodukte gevestig (SALU,1966:27). Eers is plaaslike organisasies begin wat later in sentrale streeksorganisasies en ook federale ondernemings ontwikkel het. In die jare 1920 tot 1933 het die slagspreuk van ordelike bemarking na vore gekom met die oogmerk dat enkele landboukoöperasies alleenhanteerders van bepaalde produkte vir sekere streke sou word (SALU,1966:27). Hierdeur sou beheer oor pryse moontlik word en het produsente hulself kontraktueel verbind om hulle produkte te lewer.

Met die meganisasie van die landbou het die boer al hoe meer petroleumprodukte begin gebruik en dit het 'n belangrike koste-element geword. Boere het besef dat groot besparings teweeggebring kon word indien hulle die distribusie van potroleumprodukte

kon ondemeem. Daar is gevind dat, alhoewel petroleumkoöperasies groot mededinging ondervind het, hulle wel bonusse aan lede kon uitkeer (SALU,1966:26).

Sedert 1933 (SALU,1966:27) is veral daarop klem gelê dat landboukoöperasies volgens gesonde sakebeginsels bestuur moet word. Die gevolg was die uitbreiding van landboukoöperasies in veral die prosessering en vervaardiging van landbouprodukte. Alhoewel die aantal plase in V.S.A. sedert 1930 afgeneem het, toon statistieke dat daar in 1966 meer as 10 000 koöperatiewe organisasies was met meer as 8 miljoen lede. Ongeveer die helfte van die lede was van bemarkingsorganisasies en ongeveer 40% van organisasies wat boerderybenodighede verskaf het. Die omset van koöperasies in die V.S.A. het toe reeds $1600 miljoen (gewerk op R1=$6) per jaar oorskry (SALU,1966:27). Volgens 'n berig in SA Koöp stel van Zyl (2003a:4) dat daar in die V.S.A., waar die koöperasiewese die sterkste naas Indië staan, 48 000 koöperasies is en een uit elke vier Amerikaners word daagliks deur een of ander koöperasie bedien. Hy meld verder dat die V.S.A. se beste 100 koöperasies, ook die "NCB Co-op 100" genoem, in 'n tydperk van 5 jaar (1998 – 2003) met 23,2% gegroei het, en bedra hul gesamentlike omset meer as $125 biljoen per jaar.

Die ontwikkeling van koöperasies in die V.S.A. wys vir die leser dat hierdie sterk ekonomiese land ook die hulp van koöperasies en die idee van samewerking gebruik het om homself ekonomies te kon vestig. Dit is opvallend dat die V.S.A. – net soos Suid-Afrika soos gesien in par.2.2.2.1. – ook die Engelse model vir koöperatiewe ondernemings aangeneem het as grondslag vir hul ontwikkeling.

### 2.2.1.3. Ontwikkeling in Swede

Swede is een van die grootste lande in Europa. Omtrent die helfte van die land is bedek met woude, terwyl minder as 'n tiende van Swede se totale landsoppervlakte - bietjie minder as 3 miljoen hektaar – bewerk word. As gevolg hiervan sal Swede nooit regtig 'n groot uitvoerder van landbou produkte kan wees nie. Die land se koue klimaat is ook nadelig vir die landbou deurdat dit die groeiseisoen beperk. Ten spyte hiervan het Swede ontwikkel tot een van die voorstaande landbousektore van die Europeuse Unie (EU) (Swedish institute, 2004).

Dit was vir Swede eers na 1890, toe die houtnywerheid, ingenieursbedrywe, hidro-elektriese krag en minerale rykdom begin ontwikkel het, moontlik om sy vandag bekende hoë lewenspeil daar te stel (SALU, 1966:21). Gedurende die depressie rondom 1930 het die koöperatiewe beweging 'n belangrike aandeel gehad in die heropbou van die land se ekonomie, veral omdat die werkloosheidskoers so hoog was.

In 1951 is die Wet op Ekonomiese Verenigings in Swede aanvaar. Voor hierdie datum was die koöperasies beheer deur 'n wet van 1911, wat nie heeltemaal aan die vereistes voldoen het nie, omdat winsbejagondernemings ook hieronder geregistreer is (van Niekerk, 1982:8). Die gemiddele Sweedse boer het aan vier landboukoöperasies behoort en koöperasies het 'n belangrike plek in alle boerdery-aktiwiteite beklee. Wat die handelskoöperasies betref, kan verwys word na die sentrale groothandelskoöperasie, die Koöperativa Förbundet. Die is in 1899 as groothandelaar en koördineerder van die handelskoöperasies gestig (van Niekerk, 1982:8).

Melkproduksie het nog altyd 'n deurslaggewende rol in Swede se landbou gespeel, maar dit is ook later met vleisproduksie geïntegreer. Teen 2003 het die getal vleisbeeste gebruik vir vleisproduksie vir die jaar gestaan op 168 000 (Swedish institute, 2004). Die aanvraag na vleisprodukte in die land was egter hoër as wat geproduseer kon word en Swede moes in 2003 sowat 42% van die totale vleisprodukte wat in die land verbruik word, invoer. Ongeveer 65% van die voedselverwerkingsmaatskappye in Swede word nasionaal gereguleer, waarvan 45% boerbeheerde landboukoöperasies is. Die koöperasies is vandag prominent in veral die verpakking van die vleis (Swedish Meats), die suiwel- industrie (Arla Foods) en die meule- en bakkersindustrie (Cerealia) (Swedish Institute, 2004).

Weereens is die deurslaggewende rol wat koöperasies gespeel het in die ekonomiese ontwikkeling van hierdie land, sigbaar. Verder is dit duidelik dat dit nie net in die verlede 'n suksesvolle ondernemingsvorm geag is nie, maar as daar gekyk word na die hoë persentasie van die huidige voedselverwerkingsmaatskappye wat landboukoöperasies is, spreek die sukses vanself.

### 2.2.1.4. Ontwikkeling in Duitsland

Die Duitse koöperatiewe beweging is seker die beweging waaraan die hoogste eise van die geskiedenis gestel is. Na die eerste wêreldoorlog, wat Duitsland verloor het, is byna alle koöperasies in die dertigerjare ontbind en hulle is nie toegelaat om sonder staatsinmenging voort te bestaan nie (Van Niekerk, 1982:5). Die basis vir die koöperatiewe beweging in Duitsland is egter stewig vasgelê in die wetgewing van 1889 wat voorsiening gemaak het vir die oprigting van verskeie soorte koöperasies.
Friederich Raiffesen (1818 – 1888), 'n suksesvolle sakeman, het destyds die gedagte gepropageer dat boere hulself moes help om hul skulde af te los en hulle nie moes verlaat op die krediet van die handelaars nie. Hy het geglo dat die heil van die boere in 'n koöperatiewe kredietbank geleë was (Van Niekerk, 1982:5). Deur sy inisaitief het elke klein dorpie sy eie kredietbank gestig, wat gehelp het om die boere se finansiële situasie te verbeter. Schultze-Delitzsch (1808 – 1883) het weer gepoog om die stedeling te help. Deur sy toedoen is geld voorgeskiet vir vakmanne om voorrade mee aan te koop vir produksie en aan kleinhandelaars vir voorrade vir herverkoop (Van Niekerk, 1982:5). Die eerste Duitse koöperatiewe bank is in Mei 1949 in Bonn gestig. Die bogenoemde twee persone kan beskou word as die grondleggers van die Duitse koöperatiewe beweging.

### 2.2.1.5. Samevatting

Wanneer die ontwikkeling in onderskeie lande beoordeel word, moet aanvaar word dat elke land se ontwikkeling beïnvloed is deur daardie land se geskiedenis. Die landboukoöperatiewe ontwikkeling moet ook nie apart van die landbou-ontwikkeling bestudeer word nie. Naas tegnologiese ontwikkeling het faktore soos depressies, oorloë en armoede die koöperatiewe ontwikkeling geraak. Hier is slegs na 'n paar lande se koöperatiewe ontwikkeling verwys, net om vir die leser te toon dat die koöperatiewe ondernemingsvorm nie net in Suid-Afrika nie, maar in die res van die wêreld, van die vroegste tye af kon help om ekonomieë te help ontwikkel, armoede te help verlig en voedsel te voorsien aan miljoene burgers van 'n land. Word die koöperasiewese in Suid-Afrika met die van die res van die wêreld vergelyk, is dit opvallend dat dit steeds 'n uiters gewilde ondernemingsvorm in sowel ontwikkelde as ontwikkelende lande is. Die geskiedenis rondom die ontstaan en ontwikkeling van koöperasies en veral

landboukoöperasies in die buiteland gee 'n agtergrond vir die ontwikkeling in Suid-Afrika. Die hoofstuk gaan dan ook verder spesifiek hierna verwys.

### 2.2.2 Agtergrond tot die ontstaan van die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika

Landboukoöperasies in SA het hulle ontstaan veral te danke aan die wisselvalligheid van die natuur en aan die feit dat die stelsel van distribusie van landbouprodukte en die koopkrag van produsente. Daar word vervolgens gekyk na die ontwikkeling van landboukoöperasies in Suid-Afrika, volgens die verskillende tydsperiodes in die geskiedenis.

#### 2.2.2.1. Die periode tussen 1870 en 1910

Die ontdekking van goud en diamante gedurende diè periode het 'n groot invloed op die ekonomie van Suid-Afrika gehad. 'n Toename in die bevolking was 'n kenmerk van die tyd as gevolg van die groot getalle werkers en rykdomsoekers wat van regoor die wêreld na die binneland gestroom het. Hierdie bevolkingstoename het die vraag na voedsel onmiddellik vergroot. Alhoewel die boere hul bes gedoen het om met bestaande tegnologie en kundigheid in die behoeftes te voorsien, het dit net te veel geword. Depressies, sprinkane, droogtes en peste het die boere geknou (Arangies,1984:2). Ruilhandel was die enigste en eenvoudigste vorm van bemarking en die plaaslike winkelier het hier ook 'n groot rol gespeel. Produkte van die boer is gelewer, waaronder velle, eiers, vleis en graan, en dan kon daar weer gekoop word teen die krediet wat geskep is. Hierdie skema het in die volksmond bekend gestaan as "Good for" (Grobler, 2005).

Na die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot en met 1902 toe vrede gesluit is, was die boerdery-infrastrukture vernietig en alles wat in die Noordelike provinsies tot stand gebring is, is verwoes as gevolg van die "verskroeide aarde beleid" waar plase eenvouding afgebrand is (Arangies,1984:2). Boere in die Vrystaatse en Transvaalse Republiek moes van voor af begin met feitlik geen kapitaal en hulpbronne. Hongersnood het gedreig. Boere was sterk beïnvloed deur die beleid van die nuwe Engelse regering en dit is verstaanbaar dat die beginsels van die koöperatiewe beweging in Engeland hierheen oorgedra is (Van Niekerk,1982:18). Die eerste

amptelike landboukoöperasie in Engeland was toe reeds 'n geruime tyd in bedryf. Die boere was afhanklik van enige hulp wat hulle kon kry. Reeds voor die Anglo-Boereoorlog het van die eerste en belangrikste organisasies ontstaan. Dit was onder andere die Pietermaritzburg Co-operative Society Limited in 1892, die Natal Creamery Ltd. in 1899 en die Transvaalse Landbou-unie in 1897 (Van Niekerk, 1982:18).

Landboukoöperasies in Suid-Afrika het as 'n beweging in September 1905 momentum gekry met die aankoms van P.J. Hannon, 'n Ier, wat na die land gekom het om die betrekking van Superintendent van Landboukoöperasies onder die Kaapse Koloniale Regering te aanvaar (Adams,1952:33). In dieselfde jaar is Wet Nr. 43 van 1905 in Kaapland daargestel (Adams,1952:33). Die wet het dit moontlik gemaak om geld van die regering onder sekere voorwaardes te leen vir aanwending in landbouproduksie. In Natal is die Natalse Landou-ontwikkelingswet, Wet Nr. 44 van 1904, (Adams,1952:33) aanvaar en die Natalse Regering is ook gemagtig om lenings aan koöperasies toe te staan. In die Vrystaat het veral die ontwikkeling van Suiwelkoöperasies voorrang geniet. Onder leiding van die regering is die eerste romery in 1904 opgerig, en is later deur boere oorgeneem (Adams,1952:33).

Op 27 Julie 1904 het die Transvaalse Landbou-unie in die Wetgewende Raadsaal byeengekom vir 'n vergadering waarheen ook afgevaardigdes van die susterkolonies uitgenooi was, met die doel om die wenslikheid van die stigting van 'n "Interkoloniale Landbou-unie" te bespreek (vd Merwe, 2004:32). Volgens vd Merwe (2004), het Sir Arthur Lawley het die verrigtinge geopen, en die byeenkoms het soos 'n kongres aan die werk gespring en die stamboek, die wenslikheid van die Brandsiekwet, die bekamping van Ooskuskoors, spoorwegtariewe, plantsiektebestryding deur strenger invoerbeheermaatreëls, die bestryding van veldbrande en verskeie voordele van die koöperasie is bespreek. Met die vergadering was dit eens dat die Suid-Afrikaanse Landbou-unie tot stand gebring moes word en daar is besluit om die eerste kongres in 1905 in Pietermaritzburg te hou (vd Merwe, 2004:32).

Teen 1907 was daar reeds 53 koöperasies in bedryf (Adams,1952:33), wat wys dat sukses 'n moontlikheid was. In 1909 het die Vrystaatse regering die noodsaaklikheid van 'n eie koöperatiewe wet besef en dit in werking gestel (Adams,1952:33). In Transvaal het die koöperasiewese in alle erns begin toe die eerste Wet op Koöperatiewe

Verenigings, Wet Nr. 17, in 1908 aanvaar is (SALU,1966:39). Voor die tyd is die koöperatiewe gedagte reeds vir 'n paar jaar in die kolonie bespreek en gepropageer. Een van die bepalings van hierdie wet was dat 'n Registrateur van Koöperasies aangestel moes word en J.M.B. Stilling-Andersen, 'n Deen, is aangestel as eerste Registrateur van Koöperasies in Transvaal (SALU,1966:39). Toe die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand gekom het, is die behoefte aan 'n nasionale koöperatiewe wet reeds baie sterk gevoel (SALU,1966:39).

Om reg aan die hele ontstaan van die koöperatiewe beweging te laat geskied, is die ontwikkeling van landboukoöperasies in Suid-Afrika voor 1910 afsonderlik beskou, aangesien die Unie van Suid-Afrika eers in 1910 tot stand gekom het.

**2.2.2.2. Die periode tussen 1911 en 1939**

Die eerste en belangrikste mylpaal was dat die Vrystaatse koöperasies na 1910 ook onder die beheer van die Transvaalse Registrateur van Koöperatiewe Verenigings geplaas is, maar in Kaapland en Natal het spesiale wetgewing uitgebly, en is hulle nog aan hulself oorgelaat (Van Niekerk, 1982:23).

In hierdie tydperk het ondervinding geleer dat die ervaring van oorsese lande, waar heeltemal verskillende toestande geheers het, nie sonder meer in SA toegepas kon word nie. Dit beteken dat die idees en gedagtes van mnre. Hannon en Stelling-Andersen nie 'n groot invloed op die koöperatiewe beweging hier gehad het nie. 'n Besondere kenmerk van die boere in Suid-Afrika, naamlik hulle individualisme as gevolg van groot afstande, het gesorg dat die beweging in Suid-Afrika 'n eie karakter ontwikkel het (Van Niekerk,1982:17-19).

'n Baie belangrike wet vir die koöperatiewe beweging was Wet Nr. 18 van 1912 (SALU,1966:39). Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die daarstelling van 'n Land-en Landboubank (Landbank) met die funksie van finansiering van boere asook landboukoöperasies. Die bepalings van hierdie wet het in baie opsigte verskil van vroeëre Landbankwetgewing wat in sekere van die provinsies, bv. Transvaal, aanvaar is. Die Landbank is ook gemagtig om nasionaal ondersoeke na die finansiële posisie van koöperasies te doen. Op die wyse is daar ook 'n gunstige invloed op die

koöperasiewese in die Kaapprovinsie en Natal uitgeoefen. Die Landbank kon egter nie vanaf sy ontstaan in 1912 lenings aan die koöperasies in die Kaapprovinsie en Natal toestaan nie, maar is wel in 1916 kragtens die Landbankwetgewingswet, Nr. 30 van 1916, gemagtig om ook koöperasies in diè twee provinsies te help (Arangies,1984:3). Dit is dan ook belangrik vir die studie om meer inligting rondom die Landbank en sy aktiwiteite te bekom.

Die Landbank is 'n outonome, statutêre instansie wat finansiering verskaf aan landboukundige inisiatiewe (LANDBANK, 1997:2). Dit funksioneer in terme van die Landbankwet van 1944 en rapporteer vandag nog direk aan die Owerheid deur middel van die Minister van Landbou (LANDBANK, 1997:2). Die Landbank het vanaf sy ontstaan in 1912, 'n baie belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die landbou in Suid-Afrika. Die Landbank is egter ook skuldig daaraan dat hy deel was van die oneweredige verdeling van grond tydens die apartheidsjare. Dit het alles begin met die koloniale onderwerping wat geformuleer was in die Landbankwet van 1913 (LANDBANK, 1997:3). Hierdie wet het slegs 7% van die totale beskikbare grond in die land aan die sogenaamde "Africans" toegestaan en hulle verbied en verhinder om private grond te kon besit (LANDBANK, 1997:3). Die Landbank het egter, ten spyte hiervan, 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die landbou soos dit vandag daar uitsien.

Gedurende die periode 1910 tot 1922 is verskeie koöperasies opgerig maar heelwat het ook weer na enkele jare van die toneel verdwyn. In 1911 was die ledetal van koöperasies 9,948 en in 1921 het dit op 12,339 gestaan (Van Niekerk,1982:19 -27). Op 17 Julie 1922 is Wet Nr. 28 van 1922 goedgekeur en het vanaf 14 Augustus 1922 van krag geword (Steenekamp,1964:28). Die wet het aan die koöperasiewese 'n nuwe patroon en nasionale erkenning gegee. Dit het 'n groot opbloei teweeggebring en die Registrateur van Koöperasies moes 'n dempende rol speel om te keer dat daar nie te veel oorvleuelende koöperasies gestig word nie. Dit was die eerste wetgewing van diè aard wat koöperasies in al vier die provinsies van die Unie beheer het, en as sodanig kan dit beskou word as een van die grootste mylpale in dié beweging. Saam met die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika het dit duidelik geword dat daar ook vir die oprigting van landboumaatskappye (beperkte aanspreeklikheid) voorsiening gemaak moes word waardeur beide basisse van aanspreeklikheid (par. 3.4.3.8. verduidelik die

begrip van aanspreeklikheid) aanvaar is. Die beweging sou voortaan ook nie net tot landboukoöperasies beperk wees nie, maar daar is ook voorsiening gemaak vir die oprigting van verbruikersverenigings met beperkte aanspreeklikheid. Volgens Artikel 56 is die koöperatiewe verenigings wat kragtens die Transvaalse en Oranje-Vrystaatse koöperatiewe wette en die Landbankwysigingswet Nr. 30 van 1916 opgerig was, geag as volgens die nuwe wet geregistreer te wees.

Gedurende die tydperk 1929 tot 1932 het die landbou moeilike tye beleef. Wêrelddepressie was aan die orde van die dag en die landbou het baie swaar gekry. Landbouprodukte se pryse in Suid-Afrika het vinniger en verder gedaal as enige ander nie-landbouprodukte (Van Niekerk,1982:25-27). Die finansiële posisie van die boere het haglik geword. Hierdie toedrag van sake het tot gevolg gehad dat pogings aangewend is om die bemarking van sekere kommoditeite verder te beheer ter wille van meer eenvormige en beter pryse.

### 2.2.2.3. Die periode tussen 1940 en 1976

Met die aanvaarding van die Koöperatiewe Wet in 1939 (Arangies,1984:4), was daar 158 landboukoöperasies met beperkte aanspreeklikheid (par. 3.4.3.8. verduidelik diè konsep) met 'n ledetal van 68,000. Die beheerskemas wat kragtens die Bemarkingswet van 1937 (Arangies,1984:4) ingestel is, het tot gevolg gehad dat die produktespekulant nie meer kompeterend kon handel dryf nie, en daarom het landboukoöperasies al meer van die produkte in ontvangs geneem, gestoor en weer na die verbruikspunte verspoor.

#### 2.2.2.3.1. Bemarkingswet en beheerraadstelsel:

Die inwerkingstelling van 'n beheerraadstelsel, uitbouing van die landboustruktuur en die inskakeling van koöperasies by die hantering van boere se produkte het gedurende die veertigerjare toegeneem (Van Niekerk, 1982:28). Die aanvaarding van die Bemarkingswet van 1937 (SALU,1966:43) het die ontwikkeling van die koöperatiewe landboubeweging direk geraak, deurdat die beheer ten opsigte van baie landbouprodukte aan die betrokke beheerrade onder toesig van die Nasionale Bemarkingsraad en die Minister opgedra is. Die invloed wat die Bemarkingswet op landboukoöperasies gehad het, verskil volgens die verskillende tipes rade wat kragtens

diè wet in die lewe geroep is. Daar was die volgende tipes of vorms van beheer kragtens die Bemarkingswet (SALU,1966:44):

Eerstens was daar beheerrade wat met suiwer regulerende magte beklee is, bv. die Aartappelraad (SALU,1966:44). In diè geval bemoei die beheerraad hom nie direk met die fisiese bemarkingsfunksie nie en word dit aan die landboukoöperasies en andere oorgelaat. Hoewel die prys van die produkte wel beïnvloed word deur sy intrede in die markte, het diè beheervorm nie 'n noemenswaardige uitwerking op die koöperatiewe beweging gehad nie. Tweedens was daar beheerrade wat die mag gehad het om te bepaal deur watter kanale die bemarking van produkte moes plaasvind, bv. die Tabakraad (SALU,1966:44). In die geval van diè beheerrade, gaan die maatreëls wat hulle kan tref verder as die van die voorgenoemde, en afgesien van prysvasstelling, maak hulle ook voorskrifte vir die bemarking van die produkte.

Ook beheerrade wat mag het om self produkte te koop en te verkoop, bv. die Mielieraad, het ontstaan (SALU, 1966:44). Hierdie stelsel van bemarking staan bekend as die eenkanaalstelsel en het beslis die bemarkingsorganisasie totaal verander. Die instelling daarvan het gevolglik ook 'n baie groot invloed op die funksies van landboukoöperasies uitgeoefen. Volle beheer met betrekking tot die beheerde produkte is in die rade gesetel en die betrokke landboukoöperasies word slegs as agente aangestel om namens die beheerrade op te tree. Dit behels die ontvang en gradering van die produkte, asook om produsente teen die vasgestelde prys uit te betaal, die produkte op te berg en tot beskikking van die betrokke beheerrade te hou en dan om die produkte in opdrag van die rade te versend.

Diè stelsel het sedert 1996 met die inwerkingstelling van die vrye mark egter baie verander en produkte soos bv. mielies word vandag in die ope mark verhandel. Volgens Grobler (2005), voorsitter van die Direksie van Senwes, (2005) is die enigste oorblyfsel van die gereguleerde era die feit dat meeste van die land se silokapitaal nog in die hande van die landboukoöperasies en landboumaatskappye is. Die ontwikkeling en verandering in die struktuur en werking van die bemarkingsrade was ook instrumenteel tot die omskakeling van sekere landboukoöperasies na landboumaatskappye. Die studie sal meer hieroor uitbrei in hoofstuk ses.

2.2.2.3.2. Koöperatiewe Raad

Die behoefte om landboukoöperasies en ander landbou-ondernemings meer onder 'n verenigde front na buite te laat optree deur 'n verenigde landboustruktuur te vestig, kom van 1943 af (van Zyl, 1998:18). Rossouw, destydse president van SALU, het hierin die leiding geneem en in Februarie 1945 is 'n koöperatiewe komitee tydens 'n spesiale vergadering van landboukoöperasies tot stand gebring. In September 1946 is die eerste koöperatiewe konferensie in Bloemfontein gehou, waartydens die Koöperatiewe Raad, onder die vaandel van SALU maar met 'n eie voorsitter, gestig is (Agri SA, 2006).

Die invloed wat SALU op die landboukoöperatiewe beweging gehad het, dateer egter *nie net vanaf die inskakeling van die landboukoöperasies by die breër landbou-*organisasie in 1946 nie. Voor die datum het die SALU reeds baie gedoen om boere koöperatief te organiseer (SALU,1966:42). Van die 317 landboukoöperasies wat in 1965 in die Republiek geregistreer was, was 213 geassosieerde lede van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie (SALU, 1966:117). Die nie-geassosieerdes het onder andere die volgende ingesluit: 32 wynkelders, 16 melkaantekeningkoöperasies, 6 koöperasies wat swart arbeid werf, 4 melkkoöperasies en 'n aantal van die ander kleiner koöperasies. Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie se Koöperatiewe Raad was beskou as *'n verteenwoordigende liggaam van die koöperasies (insluitende en by meerderheid* landboukoöperasies) in Suid-Afrika (SALU, 1966:118).

Tussen 1938 en 1954 neem die totale ledetal van landboukoöperasies van 81,740 tot 224,150 of met byna 200% toe (Kommissie, 1967:7). Die tempo van groei was dus hoog. In 1962 is die ledetal van landboukoöperasies 285,670 of 250% groter as in 1938. Die verbruikersbeweging (verbruikerskoöperasies) groei in die eerste 15 jaar na 1938 vinniger as diè van die landboubeweging (landboukoöperasies), want tussen 1938 en 1954 styg verbruikerskoöperasies se ledetal van 17,580 tot 89,710 of met 410% (Kommissie, 1967:7). In 1962 is die ledetal van verbruikerskoöperasies 95,420 of 440% groter as in 1938 (Kommissie, 1967:7).

In die sestigerjare is landboukoöperatiewe ontwikkeling onder die soeklig gebring. Van die belangrikste was sekerlik die 1963-Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede onder voorsitterskap van W.F.J. Steenkamp (Van Niekerk, 1982:29).

Die Steenkampkommissie het 65 aanbevelings gemaak, waarvan sommige ingrypend was. Van die mees ingrypende aanbevelings was sekerlik die aanbevelings dat koöperasies op 'n sekere wyse onderhewig aan die betaling van inkomstebelasting moet wees, asook dat 'n eie koöperatiewe bankinstelling daargestel moet word en dat alle ondernemings toegelaat moet word om bonusse uit winste te betaal. Verder nog ook dat verpligte koöperatiewe bemarking van landbouprodukte geskrap moet word en dat die Minister nie langer inmeng met die mededinging tussen koöperasies nie (Arangies, 1984:5). Hierdie aanbevelings is na baie debatte en kongresse oor 'n aantal jare almal aanvaar en geïmplementeer.

Oorvleueling van landboukoöperasies in Suid-Afrika het 'n ernstige probleem geword in die laat sestigs. In 1970 het die Koöperatiewe Kongres besluit om in die lig van die belangrikheid van die kwessie van die oorvleueling van landboukoöperasies in Suid-Afrika, 'n studiegroep aan te stel onder leiding van professor Arangies van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, om die saak te ondersoek en ook aanbevelings te maak (Arangies, 1984:7).

Die Arangies-studiegroep bevind (SALU, 1970:14-15): "dat die beweging op plaaslike vlak hoofsaaklik uit algemene en gespesialiseerde landboukoöperasies bestaan. Twee betekenisse moet egter gegee word aan die begrip 'algemeen' – eerstens is daar algemene landboukoöperasies ten opsigte van produktehantering – dit beteken dat 'n landboukoöperasie meer as een produk in 'n sekere gebied sal hanteer, al word die produk nie deur al die lede in die gebied geproduseer nie. Tweedens is daar algemene landboukoöperasies in die sin dat die besondere landboukoöperasies op die hantering van een produk konsentreer, maar dat die landboukoöperasies ook ander funksies verwant aan die produksie van die besondere produk onderneem. Daar word ondervind dat landboukoöperasies wat dieselfde gebied bedien en dieselfde dienste in daardie gebied verskaf, en wat óf 'n enkele produk óf meer as een produk hanteer, albei belangrik is vir verskillende behoeftes van die verbruiker. Dit blyk dus dat weens die struktuur, daar noodwendig gebieds- en funksionele oorvleueling moet plaasvind." (SALU, 1970:14-15).

Die studiegroep het dan ook tot die gevolgtrekking gekom dat die oorvleueling baie nou aan die historiese ontwikkeling van landboukoöperasies in Suid-Afrika verbonde is.

Daarom sou dit baie moeilik uitgeskakel kon word, tensy daar 'n radikale nuwe benadering en ontwikkeling sou kom, wat daarop gemik sou wees om die toekomstige struktuur van landboukoöperasies in so 'n vorm te giet dat oorvleueling nie kan ontstaan nie (SALU, 1970:17). Die werk van hierdie studiegroep het dan ook aanleiding gegee tot die ontstaan van die Beleidsdokument oor Koöperatiewe Ontwikkeling waarin hierdie ideale struktuur vir landboukoöperasies sy beslag gekry het (Bylae A).

In 1976 het die Ministers van Finansies en van Landbou tesame met die Suid-Afrikaanse Landbou-unie ooreengekom dat koöperasies belastingpligtigheid ten opsigte van onuitgekeerde surplusse aanvaar (Van Niekerk, 1982:30). Hierdie ooreenkoms staan bekend as die Pakketooreenkoms.

### 2.2.2.4. Die periode tussen 1977 en 1981

Die eerste bestanddeel van die Pakketooreenkoms het oor die belastingpligtigheid gehandel (van Niekerk, 1982:30). Op 18 Augustus 1976 is gestel dat die gewone reëls vir die bepaling van belasbare inkomste vir gewone maatskappye ook vir die landboukoöperasies van toepassing sal wees. Weens die besondere bedryfsomstandighede van koöperasies, sou daar uitsonderings wees naamlik (Van Niekerk, 1982:30,31):

- Surplusse van 'n landboukoöperasie wat binne ses maande na afsluiting van sy boekjaar aan lede verklaar word, behalwe in die vorm van dividende, sal vir belastingdoeleindes as 'n aftrekking toegelaat word.
- Daar sal aan landboukoöperasies 'n gebouebeleggingstoelaag en 'n jaarlikse toelaag ten opsigte van fabrieksgeboue toegestaan word.
- Vir die eerste tien belastingjare sal landboukoöperasies as 'n oorbruggingsmaatreël, toegelaat word om terugbetalings van lenings af te trek by die bepaling van belasbare inkomste.

Daar was koöperasies wat ongelukkig was met die bepalings van die Pakketooreenkoms, wat gelei het tot samesprekings tussen die betrokke koöperasies, die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en die Kommissaris van Binnelandse Inkomste. Die samesprekings het uitgeloop op 'n verklarende

memorandum oor die Inkomstebelastingwetsontwerp, 1977 (van Niekerk, 1982:31). Na verdere vertoë deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het die Kommissaris van Binnelandse Inkomste in 1981/82 ingestem dat die Inkomstebelastingwet so gewysig word, dat waar twee of meer koöperasies na 1 April 1977 geamalgameer het, daardie koöperasies en die nuwe koöperasies wat tot stand kom, behandel sal word asof dit een en dieselfde koöperasie is.

'n Belangrike mylpaal in hierdie tydperk was die Koöperasiewet, Wet 91 van 1981 wat in Oktober 1981 deur die parlement aangeneem is (Van Niekerk, 1986a:55). Hierdie wet maak onder andere voorsiening vir die oprigting, inlywing, funksionering, likwidasie en ontbinding van koöperasies, asook vir die aanstelling van 'n Registrateur van Koöperasies. Die literatuurstudie rondom landboukoöperasies soos uiteengesit in hoofstuk drie, is gegrond op die bepalings van diè wet.

Die periode van 1976 tot 1981 was vir die koöperatiewe beweging 'n belangrike tydperk, veral as gevolg van die instelling van die Koöperasiewet, Wet 91 van 1981, wat tot en met die inwerkstelling van die nuwe Koöperasiewet, Wet 14 van 2005 van toepassing sal wees. Die datum van diè inwerkstelling is nog nie bekend nie. (Kyk par.7.3.)

### 2.2.2.5. Die periode tussen 1982 en 1994

Dat Suid-Afrika 'n nuwe politieke en sosio-ekonomiese tydvak betree het, is 'n feit. Nog 'n feit – en dit is bemoedigend – is dat, net soos wat organismes in die natuur oorleef en groei deur te ontwikkel en by nuwe omgewingstoestande aan te pas, menslike organisasies hul vermoë getoon het om onder veranderende omstandighede en toestande aan te pas en te floreer.

Dit is nie net die onderliggende omgewing wat verander het nie. Boerdery self het verander van 'n "lewenswyse" vir vele tot 'n sakevorm. Om dieselfde rede kan die sake-arm van die praktiese boerderybedryf, naamlik die koöperatiewe beweging, die boerderygemeenskap meer doeltreffend dien deur homself in steeds veranderende omstandighede aan te pas. Deregulering was op almal se lippe en verskeie studies, markondersoeke en verslae het die lig gesien wat boere en hulle koöperasies laat besef het dat beweging na 'n vryer bemarkingsbestek noodwendig gaan volg. Omseiling van

voorskriftelike eenkanaalbemarkingstelsels was later aan die orde van die dag en polisiemag en hofsake was nie genoeg om te keer dat al meer produsente beheerde verhandeling verlaat het om sodoende statutêre heffings vry te spring en 'n beter prys vir hulle produkte te ontvang as hulle mede-produsente nie (Grobler, 2005). Teen 1990 was dit duidelik dat Suid-Afrika die vrye mark ten volle sou betree en was aanpassings aan die orde van die dag.

#### 2.2.2.6. Die periode tussen 1995 en vandag

Volgens Willemse (Grobler, 2005), was dit in diè tydperk moeilik om vir die toekoms van die koöperasiewese te beplan, aangesien nie aanvaar kon word dat tendense van die verlede sou voortduur as gevolg van die nuwe regering aan bewind nie. Hy het tydens 'n jaarvergadering van Sentraalwes op 4 Augustus 1995 te Potchefstroom (Grobler, 2005) verduidelik dat die mees dramatiese verandering wat hierdie eeu aan die plaasvind op die landbouterrein van Suid-Afrika, die verandering van die Owerheid se landboubeleid is (Grobler, 2005). Tot 1994 was die Staat se doelwitte diè van optimale benutting van hulpbronne, benutting van arbeid, ordelike bemarking, higiëne, selfversorgdheid, vryer mededinging, verlening van droogtehulp en rentesubsidies.

In 1995 is die Regering van Nasionale Eenheid se doelwit die daarstelling van 'n doeltreffende, ekonomies-lewensvatbare markgerigte landbousektor met verskeie plaasgroottes (Lourens, 1996:3).

Dit sou onder andere die volgende meebring:

- Die ontwikkeling van 'n "nuwe orde" kommersiële boere.
- Toegang tot die landbou gaan verbreed word deur grondhervormingsmaatreëls.
- Beginnerboere gaan finansiël gehelp word.
- Handel in produkte moet marktendense weerspieël.
- Invoertariewe word verwyder ten einde produsente plaaslik meer doeltreffend te maak en beter te laat presteer.

Verder was dit duidelik (Grobler, 2005) dat daar aanvaar moes word dat landboumarkte siklies is en dat die Staat nie meer hulp sou verskaf wanneer pryse daal, oorsese

produkte hier gestort ("gedump") word of droogtes plaaslik toeslaan nie. Op 30 Oktober 1995 het die regering 'n R50 miljoen landboufinansierings-bystandsprogram aangekondig wat produksielenings van tot R50 000 per boer aan swart-, klein- en beginnerboere beskikbaar sou stel (Lourens, 1996:4).

'n Opname deur die SALU (1996:1) toon dat 85 % van die lede van graankoöperasies tevrede is met die rol van hul koöperasies. Meer as 760 miljoen mense in meer as 100 lande was toe al reeds lid van 'n koöperasie. Die koöperatiewe beweging was toe reeds wêreldwyd sterk gevestig en 'n belangrike rolspeler in belang van sy lede. In Suid-Afrika veral, het landboukoöperasies vinnig ontwikkel. Meer as 99% van alle kommersiële boere was lid van een of meer landboukoöperasies. Die 250 landboukoöperasies het saam 1 300 handelspunte bedryf. Hulle jaarlikse omset het toe meer as R25 miljard beloop en hul totale bates meer as R15 miljard bedra (SALU, 1996:2).

Veranderinge op politieke terrein en die hele beweging na 'n vryer mark met minder regeringsinmenging, het ook tot herbesinning gelei van die Koöperatiewe Raad en tydens 1994 se koöperatiewe kongres is die organisasiestruktuur aangepas. In 1995, tydens 'n spesiale kongres in Pretoria, is die naam na die Landboukoöperatiewe Besigheidskamer verander. Lidmaatskap is egter tot landboukoöperasies en landboumaatskappye "deur boere beheer", beperk (van Zyl, 2004:18). In 1998 is die naam tydens die tweejaarlikse kongres op Somerset-Wes na die Landboubesigheidskamer (LBK) verander (van Zyl, 2004:19). Meer as 120 koöperasies en maatskappye voortspruitend uit landboukoöperasies was teen 1998 lid van die Landboubesigheidskamer (LBK) (van Niekerk, 1998:1). Die LBK vorm vandag nog die struktuur waardeur landboukoöperasies, landboumaatskappye en ander landboubesighede kan inskakel by die georganiseerde landbou in Suid-Afrika.

Volgens P. Nieuwenhuizen van ProAgri-MSSA Landbou-opnames (Nieuwenhuizen, 1999:26) het die landbou-omstandighede in 1999 nie goed gelyk nie. Die klein, krimpende getal boere asook die betreklik lae gemiddelde omset per boerdery-eenheid het 'n groot impak op die hele landbou-omgewing gehad. Verder het die feit dat boere, om 'n verskeidenheid van klimatologies-ekonomiese redes genoodsaak is tot gemengde boerderye met hulle komplekse bestuurseise wat produksie en bemarking betref, ook bygedra tot die swak omstandighede.

Behalwe die wisselvallige klimaat, veral wat die reënval betref, is die boer uitgelewer aan 'n klein, uiters wispelturige binnelandse mark met sy volumegevoeligheid en 'n swaar gesubsidieerde wêreldmark met al sy komplikasies vir die Suid-Afrikaanse landbou. Van die min of meer 54 000 boerdery-eenhede, soos geïdentifiseer deur die opname in 2000 (Markstudies en Statistiese Analise) (Nieuwenhuizen, 1999:26) deur Pro Agri, was 21 658, dit wil sê 40.5% van die boere, 50 jaar en ouer, vergeleke met 10 380 of 19.4% in die toetredende ouderdomsgroep 16 – 34 jaar. Uitval in die toetredende groep is ook nog noodwendig hoog, as gevolg van die gebrek aan kapitaal en bestuurservaring (Nieuwenhuizen, 1999:26).

Uit die opname blyk ook dat die risiko in die landbou beduidend verswaar word deur die onrus oor veiligheid en die algemene gesindheid van die owerheid en sy agentskappe jeens die oorwegend Afrikaanssprekende boeregemeenskap. Die gebrek aan 'n formele veiligheidsnet in 'n land van klimatologiese uiterstes, baie siektes en plae en 'n klein mark sonder noemenswaardige koopkrag, maak dit nie veel makliker nie. Invoere van hoogs gespesialiseerde landboukommoditeite en -produkte het 'n alledaagse geword. Dit is vanselfsprekend dat dit alles 'n invloed gehad het op die koöperatiewe omgewing.

Daar is egter belangrike gebeure in hierdie tydperk wat elk onder 'n aparte hoof aandag moet geniet, naamlik die afskaffing van die bemarkingsrade en die rol van die Landbank.

2.2.2.6.1. Die deregulering van bemarkingsrade na 1995

Die primêre funksie van enige mark is om 'n omgewing of 'n arena te ontwikkel waarbinne die kopers en verkopers van 'n produk optimaal kan kommunikeer om handel te dryf teen redelike pryse (Nampo, 1997:1). Tot voor Mei 1995, toe die vloerprys bemarkingskema in werking getree het, was die sogenaamde eenkanaal sisteem vir 50 jaar in werking. Volgens die bemarkingssiteem het die regering die mielieprys vasgestel, en die Mielieraad was slegs die koper en verkoper van die graan. Vir die twee jaar tot en met 1997 was daar 'n vloerprys sisteem in werking. Dit het beteken dat die Mielieraad 'n vloerprys daargestel het, en so 'n baie sterk invloed op die algemene prestasie van die binnelandse mark gehad het. Met die finale afskaffing van die Mielieraad se invloed op die mieliemark op 30 April 1997 (Nampo, 1997:8), het Nampo baie groot probleme in die landbou sektor voorspel. Nampo, vandag bekend as Graan

SA was die Nasionale Mielieprodusente organisasie. Hulle het geglo dat die land se boere en sy ekonomie nog nie gereed was vir die vrye mark wat hulle skielik moes betree nie. Wanneer 'n boer of enige landbou-organisasie of meule wat mielies of enige ander graan wil koop of verkoop, op die internasionale mark met internasionale mededingers moet meeding, word daar gepraat van die vrye mark stelsel. Die transaksies vind alles plaas op die landbou afdeling van SAFEX (South African Futures Exchange). Die werking van hierdie koop en verkoop transaksies is egter 'n studie op sy eie, en gaan nie hier bespreek word nie.

Met die afskaffing van die bemarkingsrade, onder andere die Mielieraad, het Nampo (1997:9) die volgende redes aangevoer hoekom die binnelandse mark nog nie gereed is vir hierdie sprong na die vrye mark toe nie: Eerstens kon die produsente nie hul prysrisiko's verskans nie, aangesien die nodige strukture hiervoor nog nie in plek was nie. Tweedens sal die prysfluktuasies baie hoog wees, omdat die deelnemers nog nie in die posisie is om die prys-effek van surplus en tekorte te versag deur "forward trading" en reserwe voorraad bestuur nie. Derdens sal daar erg teen die kleiner produsente gediskimineer word, aangesien die handelaars eerder van die sterker produsente se graan sal opkoop, want dan is die risiko dat hulle nie sal lewer nie, net soveel minder. Ten spyte van hierdie moontlike probleme gaan dit eintlik baie goed met die landbou in Suid-Afrika rakende die bemarking op die vrye mark. Daar is nie soveel volumes wat kan verhandel soos wat bv. by die V.S.A. die geval is nie, maar die landbou organisasies het en doen nogsteeds baie moeite deur toe te sien dat elke produsent weet hoe die nuwe mark werk en hoe en wanneer hulle hulle graan moet vasteken.

2.2.2.6.2. Voortgesette rol van die Landbank na 1994

Statistieke toon dat (Landbank, 1999:4):

- In 1998 het die Landbank se netwerk bestaande uit 25 takke wat reeds 3000 lenings toegestaan het. Die waarde van hierdie lenings was 17% meer as in 1996.
- In die eerste ses maande van 1999 was daar 'n uitbreiding in takke en is lenings toegestaan aan 9800 aansoeke.

- Meer as 6000 kliënte (60%) met toegestane lenings was oorspronklik boere wat gesukkel het om 'n bestaan te maak.
- Meer as 25 000 mikro-lenings is toegestaan aan landelike entrepeneurs besig om vir hulself finansiële kredietwaardigheid op te bou.

Die omskrewe doel van die Landbank om te help met die ontwikkeling van die Landbou in Suid-Afrika, maak die bank uniek en verskillend van alle ander banke. Die Landbank is dus 'n spesialis Landboubank gelei deur 'n regeringsmandaat om finansiële dienste vir die kommersiële landbousektor en aan agri-besighede te voorsien (Landbank, 1999:4). Vrae het egter al meer ontstaan oor die rol van die Landbank in die toekoms en spesifiek oor verdere voortgesette landboufinansiering deur die Landbank aan kommersiële boere (Landbank, 1999:5). Dis duidelik dat die Blankeboere die ondersteuning vanaf die Landbank vir die toekoms betwyfel het, en sommiges nogsteeds doen, wat algemene landbou-omstandighede net nog moeiliker of eerder meer uitdagend gemaak het om te kan oorleef.

Die volgende tabelle gee 'n oorsig oor die geregistreerde koöperasies in SA in terme van oprigting en deregistrasies (Registrateur van Koöperasies, soos gesien by vd Walt, 2005).

**TABEL 2.1**
**LANDBOUKOÖPERASIES 2001 - 2004**

| | 2001 | 2002 | 2003 | 2004 |
|---|---|---|---|---|
| Totaal: Vorige jaar | 220 | 256 | 290 | 369 |
| Nuwe oprigtings | 49 | 41 | 87 | 98 |
| | | | | |
| Deregistrasies | 2 | 0 | 8 | 3 |
| Amalgamasies | 2 | 2 | 0 | 2 |
| Omvormings | 9 | 5 | 0 | 3 |
| TOTAAL: | **256** | **290** | **369** | **459** |

Bron: Van der Walt, Augustus 2005

TABEL 2.2
NIE-LANDBOUKOÖPERASIES 2001 - 2004

| | 2001 | 2002 | 2003 | 2004 |
|---|---|---|---|---|
| Totaal: Vorige jaar | 967 | 1636 | 3310 | 3330 |
| Nuwe oprigtings | 677 | 1524 | 445 | 490 |
| | | | | |
| Deregistrasies | 4 | 49 | 221 | 69 |
| Amalgamasies | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Omvormings | 4 | 1 | 4 | 0 |
| TOTAAL: | **1636** | **3110** | **3330** | **3751** |

Bron: Van der Walt, Augustus 2005

In Tabel 2.1 en 2.2 kan gesien word dat daar elke jaar 'n hele aantal nuwe landbou- sowel as ander koöperasies opgerig word, wat beteken dat dit 'n gewilde besigheidsvorm geword het. In die 4 jaar was daar ook 17 omvormings, wat wys dat landboukoöperasies wel van ondernemingsvorm verander het (vergelyk met par.5.3.).

Suid-Afrika se landboukoöperasies is geskep om aan spesifieke behoeftes in gegewe omstandighede op 'n gegewe tydstip te voldoen (SALU, 2003:1). Die visie wat deur hul stigters gestel is, is verwesenlik. Maar nou het die politieke en sosio-ekonomiese klimaat waarin hulle gefloreer het, verander. Die stewige grondslag en goeie praktyke waarop die welslae van die verlede gebou is, bly nog van krag, maar sekere organisatoriese en bedryfsaanpassings het nou nodig geword.

Meer en uitdagende voorskrifte, regulasies en wette het in hierdie era na vore getree betreffende ook die koöperatiewe of landboubesigheidsvorm. Die volgende is enkele voorbeelde:

- Oornames
- Kompetisie en oorvleulende dienste
- Kompetisiewetgewing
- Swart Ekonomiese Bemagtigingsvoorskrifte

- Vereistes ten opsigte van Goeie Korporatiewe Bestuur soos voorgeskryf deur onder andere King I en King II
- Skep en vernietiging van aandeelhouerswaarde
- Dividendbeleid
- Aandelewaarde
- *Notering al dan nie*
- Omvorming na Maatskappyvorming

Sommige van hierdie begrippe sal in die opvolgende hoofstukke in meer detail behandel word.

## 2.3. SAMEVATTEND

Die idee van onderlinge hulp tussen mense of dan koöperatiewe optrede is so oud soos die mensdom self, maar die koöperasie as formele organisasie dateer egter net terug tot die agtiende eeu met die stigting van die eerste suksesvolle koöperasie in Rochdale, Engeland, in 1844.

Sedertdien het die koöperatiewe beweging in die een land na die ander posgevat en is daar omtrent nie meer 'n land waar dit nie voorkom nie. Statistieke toon ook die sukses van hierdie ondernemingsvorm in Suid-Afrika. Die geskiedenis met die verloop van gebeure wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die suksesvolle landboukoöperasies van vandag, is hier bespreek. Die behoefte aan samewerking is deurlopend sigbaar en daar is aangetoon dat die koöperatiewe sektor wel die oplossing was vir sommige van die ekonomiese probleme van die land, van so vroeg as die 1800's en nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in verskeie ander lande. Om die doel van die studie, nl. om te ondersoek watter ondernemingsvorm die behoeftes van die moderne boer die beste sal kan aanspreek, te kan verwesenlik, moet daar eers na die literatuur agter beide 'n landboukoöperasie en 'n landboumaatskappy as ondernemingsvorm gekyk word. Dit is nodig om 'n vergelyking te kan tref en vervolgens te kan bepaal waarom daar wel van ondernemingsvorm verander is. Die volgende hoofstuk is dan 'n literatuurondersoek na landboukoöperasies.

## HOOFSTUK 3: LANDBOUKOÖPERASIES

### 3.1. INLEIDING

Wie die koöperasiewese van nader bestudeer, kom tot die ontdekking dat hierdie verskynsel veel meer ingewikkeld is as wat by 'n oppervlakkige beskouing veronderstel word. Die koöperatiewe organisasievorm word toegepas in die hoogs ontwikkelde lande, sowel as in die onder- en ontwikkelende lande van die wêreld. Dit word ook aangetref op verskillende terreine wat maak dat daar verskillende vorme van koöperasies bestaan.

Voordat 'n vergelyking getref kan word tussen 'n landboukoöperasie as ondernemingsvorm en 'n landboumaatskappy as ondernemingsvorm, om sodoende by die probleemstelling uit te kom, naamlik om te probeer bepaal watter ondernemingsvorm die beste is vir die nuwe moderne boer van vandag, moet daar eers afsonderlik gekyk word na die ondernemingsvorm van 'n landboukoöperasie en ook diè van 'n landboumaatskappy. In hierdie hoofstuk word die generiese samestelling van 'n koöperasie, met spesifieke verwysings na diè van 'n landboukoöperasie ondersoek. Die wese van koöperasies word ondersoek, waarna daar gekyk word na die samestelling en struktuur. Vervolgens word eers gekyk na die karaktereienskappe wat koöperasies van ander ondernemingsvorme skei, waarna die riglyne vir sukses vir 'n effektiewe koöperasie weergegee word en die hoofstuk sluit dan af met 'n samevatting. Die hoofstuk toon aan hoe 'n landboukoöperasie funksioneer om sodoende die vergelyking tussen die ondernemingsvorme van landboukoöperasies en landboumaatskappye wat aan die einde van hoofstuk 4 ondersoek word, te kan fasiliteer.

### 3.2. DIE WESE VAN KOÖPERASIES

Die term "wese" verwys na dit wat 'n koöperasie is, na watter tipe ondernemingsvorm dit is en na hoe dit opgerig kan word. Die belangrikheid om die wese van 'n koöperasie en meer nog diè van 'n landboukoöperasie te verstaan, spreek vanself. Daar is in die loop van die jare al heelwat pogings deur deskundiges en andere aangewend om die ware aard van koöperasie te analiseer en te definieër. Die gevolg hiervan is die ontstaan van 'n wye verskeidenheid van denke en definisies wat heel dikwels tot

onversoenbare standpunte aanleiding gee en hewig gedebatteer word. Dit alles is as gevolg van die feit dat daar twee *uiteenlopende* sienings oor die koöperatiewe vorm bestaan. Die een is die suiwer ekonomiese en die ander die sosiale siening van die samelewing as geheel. Die ekonomiese siening word ook weer onderverdeel in die siening van die selfstandige of nie-selfstandige aard van die koöperasie (Boshoff, 1968:47).

As daar egter gekyk word na die wese van koöperasies soos gesien deur die Duitse *teoretici* in die besonder, word gesien dat koöperasies weer *in 'n tweeslagtigheid van* karakter verdeel word. Dit sou 'n vereniging van persone wees ("Personevereinigung") of 'n gemeenskaplike bedryf ("Gemeinschaftsbetrieb") en die twee sou op verskillende motiewe steun (Kommissie, 1967:51). As 'n "persone vereniging" sou dit gedra word deur 'n gevoel van selfhandhawing, naasteliefde en buurskap, terwyl as 'n gemeenskaplike bedryf, dit ekonomies-rasioneel sou moes optree om te oorleef. (Kommissie, 1967:51). Dit is egter vanselfsprekend dat die meeste koöperasies ontstaan het as gevolg van die ekonomiese voordeel daarin, en nie as gevolg van 'n gevoel van nood of naasteliefde nie.

Ook in Suid-Afrika is daar in die laaste drie dekades heelwat geredeneer en geskryf oor die begrip koöperasie, sowel as oor die toepassing daarvan en daar is dikwels verskillende standpunte hieroor ingeneem (van Niekerk, 1986a:119). In 'n gemengde ekonomiese orde soos diè van Suid-Afrika, veral op landbougebied, is dit nodig dat daar duidelikheid bestaan oor die wese van die koöperasie en watter plek die koöperasies behoort in te neem. Volgens 'n verslag van die Kommissie van Ondersoek (Kommissie, 1967:54) het 'n koöperasie 'n regspersoonlikheid en verkry sodoende regte wat hy op sy lede kan afdwing. Die koöperasie, of dan die ideaaltipiese konstruksie, dien wel slegs *die belange van* sy lede, maar dit beteken nie dat sy handelinge deurgaans deur hulle beheer word nie. Deur die ontstaan van die koöperasie as 'n vaste en duursame instelling kom 'n nuwe sentrum van wils-en beleidsvorming naas die van samewerkende bedryfs-of verbruikershuishoudings tot stand. Volgens 'n artikel in "Die Boer" (Anon, 1996:11) sien die koöperatiewe beweging homself as deel van die privaat sektor en is oortuig dat geen koöperasie sonder redelike winste en gesonde kapitaalvorming lewenskragtig kan voortbestaan nie. Wins bly egter vir koöperasies slegs 'n middel tot die bevordering van hulle eintlike doel, naamlik die bevordering van hulle lede se

individuele belange. Koöperasies is gegrond op die waardes van self-help, self-beskikking, self-verantwoording, demokrasie, gelykheid en solidariteit (Departement van Handel en Nywerheid, 2006:5).

Samevattend kan gesê word dat die moderne koöperasie ekonomies georiënteerd is. Dat dit 'n groot deel van sy krag uit 'n sterk gevoel van samehorigheid onder sy lede put of kan put, is waar en belangrik, maar aan sy karakter as ekonomiese instelling verander hierdie feit niks nie. Die koöperasie self is 'n selfstandige ekonomiese subjek, want dit is 'n sentrum van afsonderlike wils- en beleidsvorming. Dit is as blywende organisasie iets heeltemal anders as die geleentheidsamewerking tussen 'n aantal mense wat byvoorbeeld gesamentlik die een of ander benodigheid inkoop. Hoewel die koöperasie geen "kapitalistiese onderneming" of "winsonderneming" is nie, is dit tog 'n onderneming, want dit lei 'n eie bestaan, het 'n winsstrewe en loop 'n kapitaalrisiko (Kommissie, 1967:60).

In hierdie afdeling is verduidelik watter tipe onderneming 'n landboukoöperasie is (let daarop dat daar gepraat word van 'n koöperasie in die algemeen, maar die feite weergegee is net so van toepassing op 'n landboukoöperasie), naamlik nie winsbejag nie, maar dat hy tog genoeg wins genereer om bonusse aan lede te kan uitkeer en dat hy altyd poog om in sy lede se behoeftes te voldoen. Dit is egter reeds duidelik dat daar konflik kan ontstaan aangesien die lid van 'n landboukoöperasie, wat 'n goeie prys wil hê vir die produk wat hy koop, ook dieselfde persoon is wat aan die einde van die jaar 'n redelike bonus verwag. Dit staan bekend as ondernemingskonflik en word in par. 5.7.4. verder bespreek.

Voor daar egter gekyk gaan word na die samestelling en struktuur van koöperasies, is dit belangrik om te kyk na die stigting en oprigting, die doelstellings en bevoegdhede en die beperkings van 'n landboukoöperasie, om dit weer te kan vergelyk met par. 4.2.2. – par. 4.2.4. wat handel oor landboumaatskappye.

### 3.2.1. Stigting en oprigting

'n Landboukoöperasie word opgerig ingevolge die bepalings van die Koöperasiewet, 1981. Slegs sekere groepe mense of instansies mag, indien doelstellings reg is, 'n

landboukoöperasie oprig (Kyk par.3.4.2.2.1. tot par. 3.4.2.2.5.). Indien hul versoek aanvaarbaar is, registreer die Registrateur van Koöperasies die Statuut en lyf hy die landboukoöperasie in. Na inlywing word die landboukoöperasie 'n regspersoon en kan dit met sy werksaamhede begin. Die vereistes van die statuut word in die wet (91/1981) voorgeskryf.

### 3.2.2. Doelstellings en bevoegdhede

Volgens Artikel 20 van die Koöperasiewet voer 'n landboukoöperasie sy doelstellings volgens koöperatiewe praktyk uit. Die doelstellings wat landboukoöperasies mag nastreef word in par.3.4.2.2.1. tot par.3.4.2.2.5. uiteengesit. Wat bevoegdhede betref kan 'n landboukoöperasie volgens Artikel 49 alles doen wat redelikerwys nodig is om sy doelstellings uit te voer.

### 3.2.3. Beperkings

Die Koöperasiewet (91/1981) bevat onder andere die volgende beperkings op landboukoöperasies:

- Die verlening van finansiële hulp aan filiale of 'n koöperasie waarvan hy lid is, behalwe kragtens magtiging van 'n spesiale besluit.
- Die leen van geld, tensy sekere vereistes nagekom is en dit deur spesiale besluite gemagtig is.
- Besigheid met nie-lede, behalwe in sekere uitsonderingsgevalle.

Hierbenewens is daar drie verdere beperkings wat hierna in meer detail bespreek sal word, wat in noue verband met mekaar staan:

- Beperkte vergoeding (rente) op aandelekapitaal van hoogstens 15% (sien 3.3.3.7.2. hierna).
- 'n Bonus word op omset betaal, in plaas van 'n dividend op opbetaalde aandelekapitaal (sien 3.3.3.7.3. hierna).
- Beperkte stemkrag (sien 3.3.3.8. hierna).

Dit is tot dusver duidelik dat 'n koöperasie as ondernemingsvorm se doel nie op winsbejag ingestel is nie en dat dit handel in die belang van sy lede. Dit is egter die teenoorgestelde van die kenmerke van 'n maatskappy, want winsgenerering is een van sy belangriskte doelwitte (kyk par.4.2.1.). Daar is aangetoon wat 'n landboukoöperasie is en hoe dit opgerig kan word. Daar is ook gekyk na die doelstellings en beperkinge, maar om regtig die funksionering van 'n landboukoöperasie te kan verstaan moet daar verder gekyk word na die generiese samestelling van koöperasies en bepalings van die Koöperasiewet (91/1981).

## 3.3. SAMESTELLING EN STRUKTUUR VAN KOÖPERASIES

### 3.3.1. Inleiding

Volgens du Plessis (1986:207) is die koöperasie 'n eiesoortige vereniging van persone wat daarna streef om deur gesamentlike optrede van sy lede sekere voordele of besparings aan hulle beskikbaar te stel. Deelname aan hierdie voordele is normaalweg eerder gekoppel aan die mate waartoe die lid die koöperasie ondersteun, as aan enige kapitaalbydraes deur die lid. Ondersteuning sluit in die lewering of gebruikmaking van produkte en/of dienste aan of van die koöperasie. Die surplus wat ontstaan uit die bedryf van die koöperasie se besigheid word gewoonlik aan lede uitgekeer op 'n gelyke basis, of volgens elkeen se ondersteuning, en nie volgens aandeelhouding nie. Elke lid het in beginsel slegs een stem, ongeag die omvang van sy aandeelhouding in die koöperasie (du Plessis, 1986:207).

Die nuutste definisie beskikbaar vir 'n koöperasie word gegee deur die International Co-operative Alliance (ICA, 2005) as "an autonomous association of persons united voluntarily to meet their common economic, social, and cultural needs and aspirations through a jointly-owned and democratically-controlled enterprise". Let wel die bespreking handel verder net oor koöperasies in Suid-Afrika en onder die Suid-Afrikaanse wetgewing. Onder die samestelling en struktuur van 'n koöperasie gaan daar gekyk word na die selfstandigheid van 'n koöperasie, waaronder die verskillende soorte koöperasies bespreek sal word. Gevolglik gaan die studie kortliks stilstaan by die interne sowel as die eksterne organisasie van spesifiek landboukoöperasies. Dit is nie net nodig om te weet wat 'n landboukoöperasie is nie, maar ook hoe hy funksioneer.

Daar moet verstaan word wat 'n landboukoöperasie is en wat 'n landboumaatskappy is om te kan insien waarom 'n bepaalde keuse gemaak word rondom die geskikste ondernemingsvorm vir die moderne boer van vandag.

### 3.3.2. Selfstandigheid van die koöperasie

#### 3.3.2.1. Inleiding

Die woorde koöperasie, landboukoöperasie, handelskoöperasie, graankoöperasie, sentrale koöperasie, primêre koöperasie, ens. is algemeen bekend. Hoewel die onderskeie name 'n aanduiding gee van die terreine waarop die koöperasies beweeg, word daar dikwels gevind dat hul samestelling en funksies nie duidelik van mekaar onderskei kan word nie. Die koöperasie verkry regspersoonlikheid deur registrasie, waarna dit sy doelstellings mag uitvoer, maar solank dit onderworpe is aan die bepalings van die Koöperasiewet en sy statuut.

#### 3.3.2.2. Soorte koöperasies

Die Koöperasiewet (91/1981) maak voorsiening vir drie soorte koöperasies, naamlik landboukoöperasies, spesiale boerekoöperasies en handelskoöperasies (du Plessis, 1986:207). Wanneer wetsvereistes nagekom moet word, is dit belangrik dat die verskille tussen die soorte koöperasies uitgeken moet word. Al drie bogenoemde koöperasies moet of 'n primêre koöperasie, of 'n sentrale koöperasie of 'n federale koöperasie wees.

##### 3.3.2.2.1. Primêre landboukoöperasies:

'n Primêre landboukoöperasie is 'n koöperasie wat deur individue gestig word om deur gemeenskaplike optrede sekere belange te behartig van die produksiehuishoudings wat hulle verteenwoordig (Kommissie, 1967:14). As daar gekyk word na die oprigting van bogenoemde, kan ingevolge Artikel 19 van die Koöperasiewet (91/1981), sewe of meer natuurlike persone 'n primêre landboukoöperasie oprig. Verder kan 'n primêre landboukoöperasie vir die uitvoering van een of meer van die volgende doelstellings opgerig word (van Niekerk, 1982:64):

- Om die bemarking van 'n landbouproduk of iets wat van 'n landbouproduk verkry word te onderneem en vir daardie doeleindes 'n landbouproduk te verkry en dit van die hand te sit, of dit te verwerk of 'n artikel daarvan te vervaardig en die produk of iets waarin dit aldus omgesit of die artikel wat aldus vervaardig is, van die hand te sit.
- Om benodigdhede wat nodig is of gebruik word vir of in verband met boerdery te huur, te koop of andersins te verkry, te produseer of te vervaardig en te verhuur, te verkoop of andersins te verskaf.
- Om fasiliteite wat nodig is vir of tot nut is in verband met boerdery te huur, te skep of op te rig en te gebruik of vir gebruik beskikbaar te stel.
- Om dienste wat nodig is vir of tot nut is in verband met boerdery, te lewer.
- Om boerdery te beoefen en die produkte daarvan van die hand te sit, of sodanige produkte te verwerk of artikels daarvan te vervaardig en die produkte waarin hulle omgesit of die artikels wat aldus vervaardig is, van die hand te sit.
- Om versekeringsbesigheid bedoel in Artikel 51 van die Wet (91/1981) ten opsigte van boerderyrisiko's te onderneem.
- Om op te tree as agent van 'n beheerraad ingevolge Artikel 53 van die Bemarkingswet, 1968 (59/1968).

Hierdie doelwitte is 'n aanduiding van die alledaagse funksies van 'n landboukoöperasie, naamlik die verskaffing, verkryging, bemarking en verkoop van landbouprodukte aan en namens die lede. Dit sluit ook in die verskaffing van nodige fasiliteite asook dienslewering in onder andere die versekeringsbesigheid in. Die optree as agent van 'n beheerraad is na die afskaffing van die beheerraadskemas nie meer van toepassing nie. Die doelstellings is wat die regering aan bewind in 1981 met die opstel van die Koöperasiewet Nr. 91 in gedagte gehad het as doelwitte vir die koöperasie as ondernemingsvorm. Die fokus was dus om aan die alledaagse behoeftes van die boer/produsent te voorsien. Die doelstellings kan vergelyk word met die doelstellings van die nuwe Koöperasiewet, Nr. 14 van 2005 soos verduidelik in hoofstuk 7 (par. 7.3.)

#### 3.3.2.2.2. Sentrale of Federale Landboukoöperasies

'n Sentrale landboukoöperasie word deur 'n aantal primêre landboukoöperasies gevorm, terwyl 'n federale landboukoöperasie weer deur 'n aantal sentrale landboukoöperasies gevorm word (Kommissie, 1967:14). (Figuur 3.1 verduidelik hoe alles inmekaarskakel). Ingevolge Artikel 19 van die Koöperasiewet (91/1981), kan twee of meer primêre landboukoöperasies 'n sentrale landboukoöperasie oprig. Twee of meer sentrale landboukoöperasies kan 'n federale landboukoöperasie oprig. 'n Sentrale of federale landboukoöperasie kan opgerig word vir die uitvoering van een of meer van die doelstellings waarvoor 'n primêre landboukoöperasie opgerig kan word, asook – (van Niekerk, 1982:65)

- om korttermyn-versekeringsbesigheid of verpligte derdepartyversekeringsbesigheid ooreenkomstig die bedoeling van die Versekeringswet, 1943 (27/1943), ten opsigte van alle risiko's te onderneem en
- om 'n pensioenfonds, pensioenskema, voorsorgfonds of mediese skema in te stel en te administreer.

Dit is belangrik om te verstaan watter tipes koöperasies ingevolge die Wet (91/1981) opgerig mag word en watter funksies hul kan en mag verrig, om ten einde te kan bepaal watter voordele dit vir die lede inhou om lid te word van 'n koöperasie. Dit is ook belangrik om die tipes koöperasies wat opgerig mag word te kan vergelyk met die nuwe Wet (14/2005) se bepalings hier rondom (kyk par. 7.3.).


#### 3.3.2.2.3. Primêre Spesiale Boerekoöperasies

Vir 'n primêre spesiale boerekoöperasie se oprigting geld dieselfde voorwaardes as vir 'n primêre landboukoöperasie. Dit kan opgerig word vir die uitvoering van een of meer van die doelstellings van 'n primêre landboukoöperasie, asook om sake as 'n handelaar in landbouprodukte of iets wat van 'n landbouproduk verkry word, te doen (van Niekerk, 1982:65). Soos gesien in hoofstuk 2 wat handel oor die geskiedenis, is die oprigting van hierdie tipe koöperasies moontlik gemaak omdat daar 'n behoefte onder koöperasies ontstaan het om ook met nie-lede te kon handel dryf, en sodoende hul kapitaal kragtigheid te kon verbeter.

### 3.3.2.2.4. Sentrale of Federale Spesiale Boerekoöperasies

Vir die oprig en doelstellings van 'n sentrale of federale spesiale boerekoöperasie, geld dieselfde punte as vir 'n sentrale of federale landboukoöperasie, behalwe dat hul ook sake as 'n handelaar in landbouprodukte of iets wat van 'n landbouproduk verkry word, kan doen (van Niekerk, 1982:66).

Figuur 3.1
GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE ORGANIESE SAMESTELLING VAN LANDBOUKOöPERASIES




Bron: Arangies, 1984:13

Figuur 3.1 toon hoe byvoorbeeld landboukoöperasies hulself organiseer om die belange van die produsent beter te kan bevorder. 'n Aantal soortgelyke primêre landboukoöperasies wat soek na groter bedingingsmag kom saam en stig 'n sentrale landboukoöperasie. Hierdie primêre landboukoöperasies is dan almal lede van die sentrale landboukoöperasie wat namens hulle op 'n hoër vlak vir hulle beding. Hierdie sterker gesamentlike bedinging kom ook sterk na vore by die bemarking van die produsent se produk en veral die prys daarvan (Arangies, 1984:13). Op hul beurt kan 'n aantal sentrale landboukoöperasies weer 'n federale landboukoöperasie stig. Op hierdie wyse word die bedingingsmag en inspraak nog verder versterk en vergroot.

#### 3.3.2.2.5. Handelskoöperasies

'n Handelskoöperasie kan ingevolge Artikel 19 van die Koöperasiewet (91/1981), opgerig word deur vyf-en-twintig of meer natuurlike persone, en twee of meer primêre handelskoöperasies kan 'n sentrale handelskoöperasie stig terwyl 'n federale handelskoöperasie deur twee of meer sentrale handelskoöperasies opgerig kan word. 'n Handelskoöperasie kan vir die uitvoering van enige doelstelling opgerig word (van Niekerk, 1982:66).

### 3.3.2.3. Samevattend

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar drie soorte koöperasies opgerig en geregistreer kan word en dat vir elk van hierdie soorte primêre, sentrale en federale koöperasies gevorm kan word met die oog op verdere versterking van die bedingingsmag. Die studie gaan nou verder infokus op die funksionele samestelling van spesifiek 'n landboukoöperasie.

## 3.3.3. Interne organisasie

### 3.3.3.1. Inleiding

Hier word 'n kort beskrywing gegee van die verhouding tussen 'n lid en sy landboukoöperasie, die sogenaamde afhanklike gedeelte van die landboukoöperasie of dan die struktuur binne die landboukoöperasie self. Dit gaan sover moontlik in so 'n mate behandel word dat vergelykings met ooreenstemmende paragrawe in hoofstuk 4 getref kan word. In hierdie hoofstuk gaan slegs die inligting gegee word, maar in die volgende hoofstuk sal die vergelyking elke keer gemaak word.

### 3.3.3.2. Die lede

Omdat die landboukoöperasie uit lede saamgestel is om die lede se eie bedrywighede aan te vul, is dit logies dat die lede in die algemene vergadering die finale seggenskap het oor die voortbestaan en ook die oorkoepelende beleid van die landboukoöperasie bepaal (van Niekerk, 1986a:92). Oor die beginsel van beheer deur die lede kan daar

geen twyfel bestaan nie, maar daar kan wel meningsverskille bestaan oor die wyse waarop die beheer uitgeoefen moet word (van Niekerk, 1986b:82). Die Koöperasiewet (91/1981) skep in hierdie verband 'n omvattende raamwerk vir die organisasie, bestuur en beheer van landboukoöperasies. Die wyse waarop lede beheer uitoefen oor die landboukoöperasie is deur hul stemme uit te bring op die algemene vergaderings, waarvan ten minste een elke jaar gehou moet word en dat dit binne ses maande na die afsluiting van die finansiële jaar moet plaasvind. Magte van beheer word gedelegeer aan 'n raad van direkteure wat die lede tydens die betrokke vergaderings uit hulle midde kies, ooreenkomstig die bepalings vervat in die regulasies. Die raad van direkteure moet verantwoording aan die lede op die algemene vergaderings doen.

### 3.3.3.3. Toe- en Uittrede

Artikel 5 van die Koöperasiewet (91/1981) handel oor die kwalifikasies vir lidmaatskap en bepaal dat alleen bona fide boere bevoeg is om lid te word van 'n plaaslike landboukoöperasie. Artikel 15 van die Wet (91/1981) bepaal ook dat die statuut van die landboukoöperasie die wyse en voorwaardes van toelating tot lidmaatskap van die landboukoöperasie moet bevat. Bogenoemde artikels bepaal dus dat nie enige persoon lid van 'n landboukoöperasie kan word nie. Die statuut bepaal ook dat die raad van direkteure enige aansoek om lidmaatskap van die hand kan wys sonder die opgaaf van redes (van Niekerk, 1986b:84). Die posisie waarin die lid verkeer wanneer hy wil uittree is anders. Die statuut van 'n landboukoöperasie moet volgens die Koöperasiewet (91/1981) die wyse en die voorwaardes van uittreding en skorsing bevat. Wanneer 'n lid sy lidmaatskap onttrek, en die koöperasie sien dat die uitbetaal van die lid se aandele die finansiële posisie van die koöperasie gaan beïnvloed, het die koöperasie die reg om die betaling terug te hou vir 'n tydperk van nie langer as twee jaar na die datum van kennisname dat die lid gaan onttrek nie. Tensy die koöperasie anders besluit, word die lid by uittrede nie vrygespreek van enige skulde of verantwoordelikhede ten opsigte van die koöperasie nie. Indien daar 'n kontrak van enige aard tussen die lid en die koöperasie bestaan, word die kontrak ook nie ongedaan verklaar deur die beëindiging van lidmaatskap nie. Daar is twee terme wat in ag geneem moet word en wat geld vir alle landboukoöperasies, naamlik *ope lidmaatskap* en *vrywillige lidmaatskap*.

*Ope lidmaatskap* beteken dat mense wat hoort tot die groep wat die landboukoöperasie opgerig het, daarvan lid kan word as hulle aan die nodige voorwaardes voldoen. Hulle kan ook as lid uittree wanneer hulle nie meer tevrede is of die landboukoöperasie nie meer nodig het nie. In Suid-Afrika is die lidmaatskap van landboukoöperasies beperk tot persone wat boerdery beoefen. Dit het egter ook ander fasette wat gaan rondom die kwessie van die oorvleueling van afgebakende gebiede wat in Suid-Afrika voorkom. Dit beteken dat nuwe produsente partymaal nie 'n keuse het oor die spesifieke landboukoöperasie waarby hy/sy wil aansluit nie, want in 'n groot deel van die land word die boer "verplig" om by 'n bepaalde koöperasie aan te sluit, aangesien daar grenslynooreenkomste bestaan en landboukoöperasie A nie lede in landboukoöperasie B se gebiede mag aanvaar nie. Dit word egter vandag in baie min dele van die land aangetref. Voorts moet daar ook gelet word op die volgende (van Niekerk, 1986a:143):

- Dat aansoeke om lidmaatskap skriftelik gedoen moet word.
- Dat die direksie binne drie maande na ontvangs van 'n aansoek die applikant van sy besluit in kennis moet stel.
- Dat 'n aandeel slegs met toestemming van die direksie oordraagbaar is.
- Dat aandele by staking van boerdery, afsterwe, verhuising of sekwestrasie ingetrek kan word.
- Dat aandele by bedanking, skorsing of uitsetting ingetrek kan word en by sodanige intrekking verbeur so 'n lid sy aandele, of hy kry nie vergoeding daarvoor nie.

*Vrywillige lidmaatskap* word deur koöperateurs as 'n wesenskenmerk van landboukoöperasies gesien, aangesien dit nie met die karakter van koöperasie strook dat mense verplig word om lid te word nie. Toetrede tot 'n landboukoöperasie berus dus by die persoon self. Waar 'n boer tot 'n landboukoöperasie toetree vir die lewering van produkte, plaas dit vanselfsprekend 'n verantwoordelikheid op die koöperasie om voorsiening te maak vir byvoorbeeld die hantering van die betrokke boer se produk. Deur toetrede tot 'n landboukoöperasie erken die boer dat hy saam met medeboere 'n sterker bedingingsmag wil bekom as wat hy as ongeorganiseerde enkeling het. Een van die bepalings in die statuut van die landboukoöperasies in Suid-Afrika is dat '*n lid al sy* produkte wat die koöperasie hanteer, behalwe dit wat hy benodig vir eie gebruik, aan die koöperasie moet lewer, mits die koöperasie in staat is om daarmee te handel. Daar rus

dus 'n kontraktuele verpligting op die boer as lid van die koöperasie. Daar kan ook in die *statute 'n boeteklousule ingesluit word met betrekking tot die lid se versuim om aan die* verpligte leweringsklousule te voldoen.

### 3.3.3.4. Minimum ledetal

Ingevolge Artikel 60 van die Wet (91/1981) mag 'n koöperasie nie langer as 30 dae sake doen terwyl hy in die geval van 'n primêre landboukoöperasie minder as 7 lede het nie. In die geval van 'n sentrale of 'n federale landboukoöperasie is die minimum 2 lede.

### 3.3.3.5. Aanspreeklikheid

Die aanspreeklikheid van lede by die onderskeie ondernemingsvorme verskil baie. Indien 'n ondernemingsvorm nie sy skuld of verpligtinge kan nakom nie, sal die wetgewer die eise toelaat volgens die regsreël wat op die bepaalde ondernemingsvorm van toepassing is. By ondernemingsvorme met regspersoonlikheid, soos die maatskappy, is die lede se aanspreeklikheid beperk. Met regspersoonlikheid word bedoel dat die wetgewer 'n instelling as 'n regspersoon afsonderlik van sy lede behandel. 'n Instelling met regspersoonlikheid tree in sy eie naam op, en is verantwoordelik vir sy eie skuld, terwyl die netto wins aan die betrokke instelling behoort. By ondernemingsvorme sonder regspersoonlikheid, soos by 'n landboukoöperasie, is die lede aanspreeklik vir die skuld indien die onderneming nie self al die skulde kan vereffen nie (Marx *et al*, 1991:139). Die Koöperasiewet (91/1981) skryf een van twee vorme van aanspreeklikheid voor, naamlik onbeperkte en beperkte aanspreeklikheid. Volgens Artikel 20 van die Wet (91/1981) bestaan onbeperkte aanspreeklikheid as al die lede gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die betaling van die skulde en verpligtinge van die landboukoöperasie. In die geval van 'n landboukoöperasie het die onderneming nie regspersoonlikheid nie, maar daar bestaan 'n mate van beperkte aanspreeklikheid, in die sin dat die lede net verantwoordelik gehou sal word vir die nominale waarde van die *aandele* in hul besit, waarvoor hy/sy nog nie betaal het nie.

#### 3.3.3.6. Die Raad van Direkteure

Direkteure moet lede van die landboukoöperasie, hetsy in welke vorm (primêr, sentraal of federaal) wees. Slegs lede mag as direkteure verkies word, met die uitsondering van een of twee direkteure wat bloot op grond van hul vakkundige of tegniese kennis verkies word uit nominasies deur die raad gemaak. Dit beteken dat enige beslissings van die direkteure hulle eie ekonomiese belange net soveel raak as diè van enige ander lid. Die raad van direkteure kan namens die landboukoöperasie al die regte en bevoegdhede uitoefen en al die verpligtings van die landboukoöperasie nakom, maar is daarin deur verskillende beperkings, soos uiteengesit in die Wet (91/1981), gebind. Die direksie neem die leiding met die bepaling van die beleid en maak aanbevelings oor belangrike sake, maar die finale seggenskap lê by die lede tydens die algemene vergadering (van Niekerk, 1986b:83). Lede delegeer hul magte aan 'n direksie wat op 'n rotasiebasis deur wyke verkies word en wie se aanstelling deur 'n algemene vergadering bekragtig word. Wat negatief hiervan kan wees is die feit dat daar dalk meer as een bekwame persoon in 'n spesifieke wyk kan wees, maar dat slegs een persoon per wyk verkies kan word vir die amp as direkteur. Die gevolg is dat die direksie persone op die raad van direkteure kan hê, gekies uit een wyk, wat minder geskik is vir die pos as wat 'n tweede keuse uit 'n ander wyk dalk sou gewees het.

'n Direkteur kan persoonlik en krimineel aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat verband hou met die nakoming van sy pligte. 'n Direkteur moet sy belang in sekere kontrakte openbaar. Direkteure kan persoonlik aanspreeklik gehou word vir verliese of skade te wyte aan opsetlike wangedrag, oneerlikheid, growwe nalatigheid of oortreding van die wet of Statuut, of aan roekelose of bedrieglike optrede. Direkteure kan ook strafregtelik aanspreeklik gehou word in die bogenoemde gevalle.

#### 3.3.3.7. Kapitaal en aanwending van die surplusse van landboukoöperasies

In hierdie afdeling word daar na die hele konsep rondom die kapitaal van 'n landboukoöperasie tesame met die aandele wat 'n lid in die koöperasie het, gekyk. Die uitbetaling van bonusse en die begrippe rondom die surplusse wat ontstaan word ook bespreek. Dit is 'n belangrike afdeling om sodoende van die redes wat gegee word vir

die omvorming van landboukoöperasies na landboumaatskappye in hoofstuk 6 te kan verstaan.

#### 3.3.3.7.1. Aandele in landboukoöperasies

Volgens Artikel 69 van die Koöperasiewet (91/1981), is die aandelekapitaal van 'n koöperasie gelykstaande aan die totale nominale waarde van die aandele van die koöperasie wat nie ingetrek is nie, met ander woorde die aandele wat nie "ongedaan" gemaak is nie. 'n Aandeel in 'n landboukoöperasie kom tot stand met die uitreiking daarvan en verval by die intrekking daarvan. Artikel 70 gaan verder en bepaal dat 'n koöperasie behoudens die beperkings in sy statuut uiteengesit, soveel aandele kan uitreik as wat hy goedvind. Alle aandele moet van dieselfde klas en rang wees. Elke lid is verplig om minstens een aandeel of die minimum aandele in die landboukoöperasie op te neem en om minstens een tiende van die nominale waarde daarvan by aansoek te stort en die saldo in sulke paaiemente en op sulke voorwaardes as wat die lede besluit. Dit word ook in die statuut uiteengesit. Verder is elke lid van 'n koöperasie geregtig op 'n aandelesertifikaat wat die getal aandele in die koöperasie waarvan hy/sy die houer is, aandui en deur 'n direkteur onderteken is (Artikel 71). Die statuut van 'n koöperasie kan voorsiening maak vir die toewysing van bonusaandele aan lede van die koöperasie (Artikel 80), en aandele wat aan 'n lid uitgereik is, kan ingetrek word onder sekere voorwaardes, bv. as 'n lid sterf of bedank (Artikel 81).

Die aandele in 'n landboukoöperasie dui eerstens lidmaatskap aan maar het tweedens ook 'n belangrike funksie, deurdat aandele tot die kapitaalbehoeftes bydra (van Niekerk, 1986b:84). Die waarde van 'n aandeel in 'n landboukoöperasie kan egter nooit hoër styg as sy nominale waarde nie, omdat dit nie vrylik oordraagbaar en verhandelbaar is nie en omdat uitgifte nie beperk is soos in 'n gewone openbare maatskappy nie. 'n Lid wat bedank of versuim om sy pligte na te kom, kan sy aandeelgelde aan die landboukoöperasie verbeur.

### 3.3.3.7.2. Beperkte vergoeding (rente) op aandelekapitaal

Die beperking op die betaling van rente op koöperatiewe aandele is bedoel om te verhoed dat aandelekapitaal dieselfde oorheersende posisie in die landboukoöperasie beklee as wat die geval is in die nie-koöperatiewe winsonderneming (van Niekerk, 1986a:140). Die beginsel van surplusvergoeding op 'n transaksiegrondslag (kyk par.3.3.3.7.3.) het die beperkte vergoeding op aandelekapitaal tot gevolg. Aangesien die winsverdeling op grond van transaksies met die koöperasie bereken word, kan dit nie op grond van kapitale bydrae (hoeveelheid aandele) ook bereken word nie. In Suid-Afrika vorm uitgereikte aandelekapitaal 'n klein gedeelte van die totale kapitaalstruktuur, en tog is dit 'n belangrike kapitaalvorm omdat dit lidmaatskap aan die lid verleen. Voorts help dit om sekuriteit aan verskaffers van leningskapitaal te bied. Dit is daarom minstens op die gangbare rente op langtermynlenings geregtig. Volgens die Koöperasiewet (91/1981) is 'n koöperasie se rente op aandelekapitaal tot 15% of minder beperk, gebaseer op die bedrag wat op die laaste dag van die betrokke boekjaar op die aandele opbetaal is. Wat dit alles vir die boer kan beteken is dat die aandele wat hy in die landboukoöperasie besit, kan dien as bewys van lidmaatskap asook soos 'n langtermyn lening wat die koöperasie by die lid het, en waarop die lid 'n beperkte rente kan verkry.

### 3.3.3.7.3. Surplusverdeling

Kragtens Artikel 52 van die Koöperasiewet (91/1981) moet die statute bepaal dat die surplus wat onstaan as gevolg van die werksaamhede van die landboukoöperasie in die loop van enige boekjaar van die landboukoöperasie, aan die lede uitgekeer kan word. Daar moet egter eers behoorlik vir die afname in waarde van die bates van die koöperasie vir onbepaalde of voorwaardelike aanspreeklikheid of verlies voorsiening gemaak word. Hierdie surplus van die landboukoöperasie word aan die lede terugbesorg in die vorm van bonusse in dieselfde verhouding as wat hulle tot die omset bygedra het (91/1981). Daar moet egter eers 'n bepaalde bedrag uitgehou word vir reserwes. Die bedrag wat uit die surplus as 'n reserwe opsygesit word, mag nie minder wees as 'n bedrag wat die direksie van die koöperasie bepaal het nie. Soos bo genoem, word die bonusse nie verdeel as 'n persentasie van die hoeveelheid aandele wat 'n lid besit nie, maar as 'n persentasie van die hoeveelheid besigheid wat die lid met die

landboukoöperasie doen. Dit veroorsaak dat daar nie teen 'n arm persoon, wat nie baie aandele kan bekostig, gediskrimineer word nie. Solank hy al sy besigheid by die koöperasie doen, sal hy ook 'n deel van die surplus kry.

#### 3.3.3.7.4. Ledefondse en reserwes van landboukoöperasies

Ledefondse, of dan ledebeleggingsfondse, is fondse wat deur 'n landboukoöperasie gestig word en waaraan 'n lid deel kan hê. Dit kan vergelyk word met 'n deposito by 'n bank. In plaas daarvan om die gelde op te eis, kan 'n lid dit in so 'n ledefonds deponeer vir latere gebruik. Volgens Artikel 85 van die Wet (91/1981) kan die statuut van 'n koöperasie voorsiening maak vir die instelling van een of meer ledefondse waarin 'n lid van die koöperasie gekrediteer kan word met :

- 'n Bydrae wat hy ingevolge die statuut tot so 'n fonds doen.
- Rente op 'n bedrag opbetaal op sy aandele en vir toekomstige betaling opsygesit.
- 'n Bonus aan hom/haar toegewys en vir toekomstige betaling opsygesit.
- 'n Bedrag aan hom/haar toegewys uit 'n vermindering van aandelekapitaal en vir toekomstige betaling opsygesit.
- 'n Bedrag aan hom/haar toegewys uit 'n verdeling van reserwes en vir toekomstige betaling opsygesit.
- Enige ander geld aan hom/haar verskuldig waarvan die betaling uitgestel is.

Die geld in die ledefondse kan gebruik word vir enige doel behalwe vir die afskryf van 'n skulde. Hierdie fondse kan ook rente dra teen 'n koers wat in die statuut vasgestel kan word. By die bedanking of aftrede van 'n lid word die fondse uitbetaal, maar ongeveer eers 10 jaar na die datum van uittrede. Die volle skuld van die lid teenoor die koöperasie word ook eers vereffen, voor die bedrag uitbetaal word. Die rede hiervoor is dat enige landboukoöperasie nie regtig enige ander maniere het waarop die koöperasie fondse kan bekom om bv. sy voorraad mee aan te koop nie. Die koöperasie het dan ook nie altyd onmiddellik die geld beskikbaar om dit aan die lede te kan uitbetaal nie. Dit veroorsaak dat 'n landboukoöperasie nie baie kredietwaardig is nie, aangesien die kapitaal van die ledebeleggingsfondse nie likied is nie.

Volgens Artikels 86 en 87 (91/1981) kan 'n koöperasie 'n bedrag uit sy surplus wat uit die werksaamhede gedurende 'n boekjaar ontstaan het, as 'n reserwe opsy sit. Dit is nog kapitaal wat in die koöperasie se boeke wys, maar wat eintlik "eienaarloos" is, aangesien dit nie aan die lede behoort nie, maar ook nie deur die koöperasie gebruik mag word nie. 'n Reserwe moet òf 'n algemene reserwe òf 'n gebeurlikheidsreserwe wees. Die statuut van 'n koöperasie kan egter voorsiening maak vir die uitkering van die reserwes of 'n gedeelte daarvan aan die lede van die koöperasie.

### 3.3.3.7.5. Onopgeëiste gelde by landboukoöperasies

Rente op 'n bedrag wat op aandele opbetaal is, 'n bonus of 'n bedrag waarmee iemand in 'n ledefonds gekrediteer is wat nie deur die persoon wat daarop geregtig is, opgeëis word binne 3 jaar nadat hy op betaling daarvan geregtig geword het nie, kan deur die koöperasie verbeurd verklaar word. Daarna word daardie bedrag na die koöperasie se algemene reserwe oorgedra soos bepaal in Artikel 88 van die Wet (91/1981). Die doel van bogenoemde bespreking was om die nodige inligting te verskaf sodat sodat die kapitaalstruktuur van 'n landboukoöperasie met diè van 'n landboumaatskappy in die volgende hoofstuk te kan vergelyk. Hier is aangetoon hoe die lid by 'n landboukoöperasie inskakel en watter voordele dit vir hom kan inhou. Daar is egter nog 'n baie belangrike saak wat bespreek moet word voor die afdeling as afgesluit beskou kan word, en dit is die stemreg van die lede van 'n landboukoöperasie.

### 3.3.3.8. Stemreg

In 'n handelsonderneming word die stemreg gewoonlik gereël volgens die hoeveelheid kapitaal in die onderneming belê. Dit beteken dat 'n minderheid lede, selfs een persoon, die volle beheer en beleid kan uitoefen of bepaal. In 'n landboukoöperasie is die stemreg anders gereël. Inderdaad het die stigters van die sogenaamde Rochdale Koöperasie (in par.2.2.1.1. bespreek) gevoel dat elke lid slegs een stem moet hê (van Niekerk, 1986b:85). Die gedagte van een man een stem is gegrond op die sogenaamde demokratiese beginsel – dus dat elke lid dieselfde seggenskap moet hê afgesien van die waarde wat hy vir die landboukoöperasie inhou. Artikel 128 van die Koöperasiewet (91/1981) bepaal dat elke lid van 'n koöperasie die reg het om te stem op 'n algemene vergadering. Die Wet (91/1981) bepaal ook dat elke lid een stem het, maar indien die

statuut van die koöperasie dit toelaat, kan elke lid in die geval van 'n stemming met stembriefies geregtig wees op 'n addisionele stem of stemme volgens die grondslag in die statuut uiteengesit. Die wet bepaal voorts dat die aantal sodanige addisionele stemme hoogstens 4 vir elke lid mag wees. Dit staan bekend as die sogenaamde "proporsionele" stemregte, en die bestuur van die koöperasie gebruik dit om aktiewe lede aan te spoor om nog meer besigheid met die koöperasie te doen. Die voordeel wat dit vir die lid inhou, word volledig bespreek in hoofstuk 7, waar daar in par.7.4. kommentaar gelewer word op die nuwe Koöperasiewet (14/2005).

#### 3.3.3.9. Winsverdeling

Die statuut van 'n landboukoöperasie moet voorsiening maak vir die aanwending van die surplus wat gedurende 'n boekjaar uit die werksaamhede van die landboukoöperasie ontstaan het. Daar is egter sekere voorbehoude. Die bedrag wat vir uitkering aan lede beskikbaar is, mag slegs op een of meer van vier maniere aangewend word:

- om rente mee te betaal;
- om bonusse mee te betaal;
- om dit vir toekomstige rente of bonusuitbetaling opsy te sit;
- om bonusaandele mee op te betaal en aan lede toe te wys.

Die Wet (91/1981) bepaal dat die surplusse in verhouding tot die transaksies met die koöperasie gedoen, verdeel moet word en nie volgens die aantal aandele wat die lid besit nie (kyk par.3.3.3.7.3.).

#### 3.3.3.10. Likwidasie

Hoofstuk 10 van die Koöperasiewet (91/1981) beskryf hoe die likwidasie van 'n landboukoöperasie hanteer moet word. In die algemeen kan verklaar word dat die likwidasie en ontbinding van koöperasies aan die toesig van die Registrateur toevertrou is. In hierdie verband kan die hooffunksie van die Registrateur as volg opgesom word (van Niekerk, 1986a:182):

- Die gee van advies in verband met die wenslikheid al dan nie van likwidasie en die mees geskikte metode om likwidasie te bewerkstellig.
- Die toesig oor die afhandeling van die sake van die koöperasies wat in likwidasie geplaas word.
- Die gee van advies aan die Minister oor die aanstelling van die likwidateur en die ontheffing van hom as likwidateur.
- Die toesig oor die finale distribusie en rekenings.

Die lede kan egter nie persoonlik aanspreeklik gehou word vir die skulde van die landboukoöperasie met likwidasie nie, aangesien hulle aanspreeklikheid beperk word.

### 3.3.3.11. Die Statute

Die statuut vorm die grondwet vir die landboukoöperasie en dit is die basis vir die hele samewerking of die raamwerk van die koöperatiewe handeling (van Niekerk, 1986b:83). Dit is dus die ooreenkoms wat die lede met mekaar aangaan en kom na vore met die stigting van die landboukoöperasie. Die stigterslede sowel as die latere lede is daaraan gebind, want wanneer iemand aansoek om lidmaatskap doen, onderwerp hy hom aan die bepalings soos vervat in die statuut. Dit is noodsaaklik dat die statuut wat by registrasie van 'n koöperasie geregistreer word, gewysig kan word om by toekomstige vereistes en veranderde omstandighede aan te pas. Die Wet (91/1981) maak hiervoor voorsiening asook vir die prosedure wat gevolg moet word. In alle oorwegings hier rondom word sorg gedra dat die voorgestelde bepalings binne die raamwerk van die Wet (91/1981) en erkende koöperatiewe beginsels en praktyke val, en dat die wysiging regtig nodig en in belang van die koöperasie en sy lede is.

### 3.3.3.12. Die finansiële struktuur van die koöperasie

Die finansiële struktuur van 'n koöperasie word deur sy balansstaat weerspieël (van Niekerk, 1986a:289). Die balansstaat op sy beurt kan omskryf word as 'n staat wat op 'n bepaalde tydstip die bates van 'n koöperasie aan die een kant en die laste van 'n koöperasie aan die ander kant in terme van geld, aantoon (van Niekerk, 1986a:289). Dit dui dus die struktuur aan soos wat dit op 'n bepaalde tydstip daar uitsien. Die finansiële struktuur en bestuur van 'n koöperasie verskil geensins van diè van enige ander

ondernemingsvorm nie. Al is wins nie 'n oogmerk van die onderneming nie, bly dit steeds 'n onderneming met bates en laste, inkomstes en uitgawes wat bestuur moet word.

### 3.3.3.13. Samevattend

Onder die afdeling interne organisasie is die belangrikste faktore wat bydra tot die funksionering van 'n landboukoöperasie, bespreek. Daar sal in hoofstuk 4 weer na al hierdie faktore verwys word as landboukoöperasies met landboumaatskappe vergelyk sal word. Dit is nodig om eers te kyk na die eksterne organisasie, om te kan bepaal waar landboukoöperasies in die landbousektor inpas.

### 3.3.4. Eksterne organisasie

### 3.3.4.1. Inleiding

Onder hierdie afdeling gaan bespreek word hoe 'n landboukoöperasie in die hele landboustruktuur inpas. Dit wil sê die posisie van die boer en sy landboukoöperasie in die georganiseerde landbou in Suid-Afrika word ondersoek. Die boer is lid van 'n landboukoöperasie, maar vorm ook deel van die groter prentjie van Suid-Afrika se landboubedrywighede. Dit is belangrik, want dit wys watter nasionale en ook internasionale voordele lidmaatksap by 'n landboukoöperasie vir die boer kan inhou, al dan nie.

### 3.3.4.2. Agri SA

Agri SA is in 1904 gestig (kyk par.2.2.2.1.) as die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en bedien tans sowat 70 000 groot- en kleinskaalse kommersiële boerelede. Die gedagte van 'n sterk eenheidsfront was onderliggend tot die krag en invloed van hierdie organisasie oor jare. Agri SA (2006) se missie is soos volg: "Agri Suid-Afrika (Agri SA) is 'n federale organisasie wat namens sy lede die volhoubare winsgewendheid en stabiliteit van kommersiële landbouprodusente en -besighede bevorder deur sy betrokkenheid en insette op nasionale en internasionale vlak." Agri SA bestaan uit 3 onderafdelings of "kamers", naamlik die Algemene Sakekamer, die Bedryfskamer en die

Landboubesigheidskamer. Laasgenoemde is dan ook die been waar die koöperatiewe skakeling plaasvind (Agri SA, 2006). Agri SA het 'n paar fokuspunte of gebiede waar die organisasie sy boere dien. Hulle is soos volg (Agri SA, 2006):

- *Handel en Nywerheid* : Ten einde die welvaart van die landbou ook binne die handelsomgewing en spesifiek as deel van die aanbodketting van voedsel- en veselprodukte te bevorder.
- *Ekonomiese sake* : Ten einde die inkomstestaat van die landbou en idividuele boere ten opsigte van die kostestruktuur van insette, finansiering en belastingaangeleenthede so gunstig moontlik te beïnvloed.
- *Wet en orde* : 'n Misdaadvrye omgewing is 'n logiese voorvereiste vir produksie, investering en landelike ontwikkeling.
- *Watersake* : Water is geïdentifiseer as 'n aangeleentheid wat toegewysde en deurlopende aandag regverdig.
- *Infrastruktuur en Plaaslike Regering* : Die belang van 'n toereikende fisiese infrastruktuur vir ekonomiese en landelike ontwikkeling, en mededingende landbouproduksie is vanselfsprekend.
- *Arbeid en Opleiding* : Arbeid is die grootste koste-item in die landbousektor en vra vir deurlopende gefokusde aandag. Deur die jare het Agri SA 'n wye skakelnetwerk oor die hele spektrum van arbeidsbeleid, -reg en -praktyk opgebou en in stand gehou.
- *Grondsake* : Die belangrikheid van grond as produksiefaktor in die landbou en die posisie wat dit binne politieke denke inneem, geniet in hierdie afdeling baie aandag.
- *Omgewingsake* : Die aksies wat verband hou met omgewingsake is daarop gerig om uitvoering te gee aan die beginsels van volhoubare ontwikkeling soos internasionaal vasgestel en deur Suid-Afrikaanse wetgewing voorgeskryf.
- *Inligting, tegnologie-ontwikkeling & -oordrag* : Die mededingendheid van die landbou is grootliks afhanklik van die ontwikkeling en toepassing van die jongste tegnologie.
- *Boerontwikkeling* : Gegewe die missie van Agri SA, is die bevordering van 'n mededingende omgewing vir diè sektor as geheel noodsaaklik. Daar is egter besef dat gefokusde aandag op Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) ook op nasionale vlak nodig is.

- *Korporatiewe skakeling* : Agri SA hou 'n netwerk van verhoudinge in stand, bevorder begrip en insig by belangstellendes en vestig vennootskappe wanneer dit as bevordelik vir die toekoms van sy lede geag word. Die afdeling Korporatiewe Skakeldienste help om diè verhoudinge in stand te hou, uit te bou en te bevorder.

Hierdie is alles gebiede wat aandag geniet en waar die koöperasie verteenwoordig word op nasionale en internasionale vlak, indien hulle deel vorm van hierdie organisasie. Die landboukoöperasies affilieer by die Landboubesigheidskamer, wat weer by Agri SA affilieer.

### 3.3.4.3. Landboubesigheidskamer

Die Landboubesigheidskamer (LBK) lyk vandag heelwat anders as met sy stigting in 1946 (kyk par.2.2.2.3.). Wat nie verander het nie, is die organisasie se doel om sy lede by te staan deur 'n omgewing en gesindheid te skep waarbinne hulle as mededingende en lewenskragtige sakeondernemings kan funksioneer (van Zyl, 2003b:18). Terwyl die Landbou-unies op beleidskwessies gekonsentreer het, het die koöperatiewe beweging, wat reeds in die koloniale tydperk gevestig was (kyk par.2.2.2.1.), as sake-arm van boere bygedra tot die ekonomiese lewensvatbaarheid van boerdery. Die beweging is in die Unie geïntegreer deur 'n Koöperatiewe Raad daar te stel wat mettertyd, na deregulering van landboubemarking, omskep is in 'n Landboubesigheidskamer (kyk par.2.2.2.6. en vd Merwe, 2004:32).

Voordat die LBK in 2003 'n outonome groep buite die Agri SA – maar steeds met sterk bande by hul geaffilieer en ingeskakel as een van Agri SA se "kamers", – geword het, was sy doen en late ten nouste met die bekende organisasie verbind. Dit het uit Agri SA, tot in die negentigerjare die SA Landbou-unie (SALU) genoem, ontstaan. Vandag het die LBK se lede 2000 handelspunte met 'n groot aantal insetverskaffers. Hulle het totale bates van bykans R20 miljard en 'n jaarlikse omset van meer as R40 miljard. Die LBK se lede verskaf werk aan meer as 100 000 mense. Sowat 250 landboukoöperasies en -maatskappye is geaffillieer by die LBK met 'n besteebare werknemersinkomste van sowat R1 500 miljoen per jaar (Agri SA, 2006).

Die 250 landboukoöperasies en landboumaatskappye wat geaffilieer is by die Landboubesigheidskamer wys vir die leser dat dit 'n sterk organisasie is wat regtig sy lede se belange op die hart dra, want waarom anders sal diè hoeveelheid ondernemings deel bly van die organisasie? Die Landboubesigheidskamer wat weer onder die Agri SA affilieer, verteenwoordig die landbousektor op nasionale en internasionale vlak. Meneer X van landboukoöperasie Y het nie die mag om direk kommentaar te lewer by die Minister – en reaksie te kry – rakende bv. die nuwe Koöperasiewet (14/2005) nie, maar het die reg om by die Landboubesigheidskamer sy mening te lug. Die Landboubesigheidskamer neem dit dan verder tot op die vlak waar dit onder die Minister se aandag kan kom. Daar is ook in hoofstuk 7 'n hele afdeling (par.7.4.) waar die Landboubesigheidskamer 'n verslag aan die Minister van Handel en Nywerheid gerig het, waar hul kommentaar lewer en bekommernis uitspreek rakende die nuwe Koöperasiewet (14/2005).

Dit is dus duidelik dat landboukoöperasies as deel van 'n groter eksterne struktuur, baie voordele inhou vir die boer. Verder het die koöperasie as ondernemingsvorm 'n paar karaktereienskappe wat hulle van ander ondernemingsvorme skei. Hierdie eienskappe sal vervolgens bespreek word.

## 3.4. KARAKTEREIENSKAPPE WAT KOÖPERASIES VAN ANDER BESIGHEIDSENTITEITE SKEI:

"A Co-operative is a user-owned and user-controlled business that distributes benefits equitably on the basis of use or patronage" (Ortmann & King: 2006:8). Volgens Ortmann en King (2006:8), beskryf die US National Co-operative Business Association (NCBA) die unieke karaktereienskappe van 'n koöperasie, relatief tot ander (beleggings-georiënteerde) besighede as volg:

- Koöperasies word besit en demokraties beheer deur die eienaars / lede, en nie deur buite-investeerders nie. Lede verkies self die raad van direkteure. Groot beleidskeuses word gemaak op grond van die een lid, een stem beginsel, ongeag wat elke lid in die koöperasie belê het.

- Koöperasies keer surplusse uit aan lede in verhouding tot hul gebruik of betrokkenheid by die organisasie, en nie in verhouding tot die geldelike beleggings of eienaarskap nie.
- Koöperasies is nie winsgedrewe nie, maar gemotiveerd om 'n diens te lewer wat hul lede se behoeftes bevredig ten opsigte van bekostigbare en goeie produkte en diensverskaffing.
- Koöperasies bestaan uitsluitlik om hul lede te bedien.

Hierdie is alles eienskappe wat in gedagte gehou moet word as daar na die probleemstelling teruggekeer word. As daar presies bepaal kan word wat die behoeftes van die nuwe opkomende boer is, kan dit vergelyk word met diè eienskappe van 'n landboukoöperasie om so te kan bepaal of dit 'n landboukoöperasie of 'n landboumaatskappy is wat in sy/haar behoeftes sal kan voorsien.

Landboumaatskappye het rigiede riglyne wat uiteengesit word in die King verslag (King, 2002), en wat gebruik kan word as hulpmiddel vir doeltreffende bestuur. Sulke riglyne bestaan egter nie vir landboukoöperasies nie, maar volgens Van der Walt (2005:13) is daar tog 'n paar riglyne wat gevolg kan word.

## 3.5. BELANGRIKE FAKTORE WAT DIE SUKSES VAN 'N LANDBOUKOÖPERASIE KAN BEWERKSTELLIG.

In hierdie afdeling word daar 'n paar riglyne uitgelig wat noodsaaklik is in die koöperatiewe sakewêreld, vir die daarstel van 'n effektiewe, suksesvolle landboukoöperasie (vd Walt, 2005:13).

- *Effektiewe bestuur.* Landboukoöperasies moet effektief bestuur word. Moontlike konflik tussen lede en bestuur, veral tussen die raad van direkteure, moet vermy word (Von Ravensburg, 1999:25).
- *Die oorspronklike inisiatief vir die oprigting van die landboukoöperasie moet van die lede afkomstig wees* (Bhuyan & Olson, 1998:8).
- *Lede moet ondersteunend en lojaal wees.* Die koöperasie sal slegs suksesvol kan voortbestaan as die lede dit getrou ondersteun. Die lede moet besef dat die koöperasie afhanklik is van die lede vir sy voortbestaan (Randall, 2001:1).

- *Dink soos 'n entrepreneur.* Aangesien daar nie baie moontlikhede is vir winsgenerering nie, is dit nodig vir die koöperasie om altyd nuwe tegnieke en maniere van dienslewering te bewerkstellig (Röpke, 1992:15).
- *Koöperatiewe onderrig.* Die koöperasie as 'n ondernemingsvorm moet ten volle deur die lede verstaan word en lede moet gedurig onderrig ontvang en ingelig word oor besigheidsmarkte en finansiële aspekte (Haskell, 2003).
- *Regeringsondersteuning.* Alhoewel 'n koöperasie lid-gedrewe is, is regeringsbystand noodsaaklik. Die regering moet dus die nodige beleid opstel wat koöperatiewe ontwikkeling ondersteun (Von Ravensburg, 1999:23).

## 3.6. SAMEVATTING

Voor daar by die samevatting gekom word, is daar eers 'n opsomming van die belangrikste eienskappe van 'n landboukoöperasie, soos uit bogaande ondersoek afgelei:

- Die doel van koöperasies in Suid-Afrika was nog altyd om die ekonomiese belange van sy lede te bevorder. Koöperasies het ontstaan as gevolg van ekonomiese nood en die sosiale implikasies daarvan. Daar word besluit om 'n koöperasie te stig omdat die wyse van sake doen op daardie stadium nie aanvaarbaar is nie. Kortliks kom dit daarop neer dat die boer bewus geword het van sy swak bedingingsmag as enkeling. Die maatskappyvorm het hom nie gepas nie, omdat hy bloot nie kapitaal wou belê om daarop 'n dividend te kry nie. Hy wou die beste prys vir produkte beding en die laagste moontlike prys vir sy insette betaal, met die doel om sy eie boerderyonderneming so winsgewend moontlik te maak. Vir daardie doel is die koöperatiewe ondernemingsvorm die mees aanvaarbare.
- Die verhouding tussen die lid en die landboukoöperasie is van deurslaggewende belang en mag nooit buite rekening gelaat word nie. Die lede van die landboukoöperasie beskou die koöperasie nie maar net as nog 'n sake-onderneming nie. Daar bestaan nie dieselfde verhouding tussen die lid en sy koöperasie, as tussen enige lid van die publiek en enige sake-onderneming nie. Die koöperasie is volkome aan sy lede gebind en van hulle afhanklik. As die lede nie hulle boerderybenodigdhede neem of die koöperasie se dienste gebruik

nie, kan die koöperasie nie soos enige ander onderneming dit aan iemand anders gaan verkoop nie. Dit is egter nie altyd in die praktyk die geval nie. As sy lede nie aan hom die produkte lewer vir verwerking nie, kan hy nie soos enige soortgelyke sake-onderneming dit by enigiemand anders gaan inkoop nie. Dit is so omdat die koöperasie slegs die verlengstuk van sy lede se ekonomiese aktiwiteite is.

- Die landboukoöperasie is eiesoortig in die sin dat dit namens sy lede "sake" doen. In wese maak 'n koöperasie dus nooit 'n wins of 'n verlies nie – hy vorder te min of te veel in wanneer hy boerderybenodigdhede of dienste verskaf, en hy betaal te veel of te min vooruit wanneer hy 'n lid se produkte inneem vir verwerking. Die surplus ontstaan slegs omdat dit nie prakties moontlik is om ten opsigte van die administrasiekoste van die koöperasie, as hulpdiens aan die lid, presies gelyk te breek nie, en nie omdat na 'n wins gestrewe word nie.

As daar 'n opsomming gemaak moet word van die literatuur oor 'n landboukoöperasie, sal dit soos volg wees:

- 'n Landboukoöperasie is nie op winsbejag ingestel nie, maar dit poog tog om genoeg wins te kan genereer om bonusse aan lede te kan uitkeer, terwyl sy eerste en belangrikste doelwit is om in sy lede se behoeftes te voorsien.
- Na inlywing en registrasie van die Statuut deur die Registrateur van Koöperasies, word die landboukoöperasie 'n regspersoon en kan dit met sy werksaamhede begin.
- Die Koöperasiewet (91/1981) maak voorsiening vir drie soorte koöperasies, naamlik landboukoöperasies, spesiale boerekoöperasies en handelskoöperasies en al drie bogenoemde koöperasies kan of 'n primêre koöperasie, of 'n sentrale koöperasie of 'n federale koöperasie wees.
- Die wyse waarop lede beheer uitoefen oor die landboukoöperasie is deur hul stemme uit te bring op die algemene vergaderings, en magte van beheer word gedelegeer aan 'n raad van direkteure wat die lede tydens die betrokke vergaderings uit hulle midde kies. Die raad van direkteure kan namens die landboukoöperasie al die regte en bevoegdhede uitoefen en al die verpligtinge nakom van die landboukoöperasie, maar onderhewig aan beperkings.

- Die statuut vorm die grondwet vir die landboukoöperasie en dit is die basis vir die hele samewerking of die raamwerk van die koöperatiewe handeling.
- In Suid-Afrika is die lidmaatskap van landboukoöperasies beperk tot persone wat boerdery beoefen.
- Die aanspreeklikheid van 'n bestaande of gewese lid is beperk tot die betaling van die nominale waarde van die aandele in sy besit.
- Elke lid is verplig om minstens een aandeel of die minimum aandele in die landboukoöperasie op te neem. Die waarde van 'n aandeel in 'n landboukoöperasie kan egter nooit hoër styg as die nominale waarde nie, omdat dit nie vrylik oordraagbaar en verhandelbaar is nie. Aandele wat 'n lid in die landboukoöperasie besit, kan dien as bewys van lidmaatskap. Dit is ook soos 'n langtermyn lening wat die koöperasie by die lid het, waarop die lid 'n beperkte rente kan verkry.
- Die surplus van die landboukoöperasie word aan die lede terugbesorg in die vorm van bonusse en op grond van transaksies met die koöperasie aangegaan, en nie op grond van die aantal aandele wat die lid in die koöperasie het nie.
- In plaas daarvan om die gelde op te eis, kan 'n lid dit in 'n ledefonds deponeer vir latere gebruik.
- Die Koöperasiewet (91/1981) bepaal dat elke lid een stem het, maar daar word voorsiening gemaak vir verdere proporsionele stemregte.
- Landboukoöperasies affilieer by die Landboubesigheidskamer, wat weer onder die Agri SA affilieer, en diè Landboubesigheidskamer verteenwoordig die landbousektor op nasionale en internasionale vlak.

In hierdie hoofstuk is verwys na die besondere generiese samestelling van koöperasies in SA, met die klem op landboukoöperasies. Die wese van 'n koöperasies is bespreek, en daar kon afgelei word dat hoewel die koöperasie geen "kapitalistiese onderneming" of "winsonderneming" is nie, dit tog 'n onderneming is, want dit lei 'n eie bestaan, het 'n beperkte winsstrewe en loop 'n kapitaalrisiko. Onder die afdeling samestelling en struktuur is die selfstandigheid, interne en eksterne organisasie en riglyne vir suksesvolle koöperasiewese bespreek, waarvan die belangrikste punte hierbo weer opgesom is. Daar is gekyk hoe die landboukoöperasie funksioneer en waar dit inpas in die georganiseerde landbou van SA. Na die bespreking van die literatuur oor 'n landboukoöperasie, sal vervolgens gekyk word na die literatuurstudie oor 'n

landboumaatskappy, waar laasgenoemde telkens vergelyk sal word met die eienskappe van 'n landboukoöperasie. Dit is nodig vir 'n evaluering van die voorgestelde nuwe Koöperasiewet in hoofstuk 7, en ook om die kernvraag van die verhandeling, nl., watter landbouondernemingsvorm is die beste vir die opkomende boere, te beantwoord.

# HOOFSTUK 4: LANDBOUMAATSKAPPYE

## 4.1. INLEIDING

Die moderne maatskappy het 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis deurloop. In Europa het die Grieke reeds in die sesde eeu n.C. met die maatskappykonsep gewerk (Marx & Rademeyer, 1990:118). Hiema het die maatskappy as ondernemingsvorm 'n verskeidenheid ontwikkelingsvorme ondergaan. Tans word die maatskappy as ondernemingsvorm in Suid-Afrika deur die bepalings van die Maatskappywet (61/1973) gereguleer (Marx & Rademeyer, 1990:118).

In hierdie hoofstuk word die generiese samestelling van 'n maatskappy, maar met spesifieke verwysing na diè van 'n landboumaatskappy ondersoek. Die doel is nog steeds om by die probleemstelling uit te kom, naamlik, om te probeer bepaal watter ondernemingsvorm die beste is vir die nuwe moderne boer van vandag en ook die nuwe toetreder boer. Die hoofstuk word ingedeel in 4 onderafdelings wat elk logies opeenvolgend is om 'n maatskappy in geheel te beskryf. Net soos by koöperasies in hoofstuk 3, begin dit met die wese van 'n maatskappy, waarna die samestelling en struktuur volg. In hoofstuk 3 is daar by koöperasies verwys na riglyne vir sukses vir 'n effektiewe koöperasie, maar by maatskappye vorm die Kingverslag (King, 2002) se bepalings die riglyne vir effektiewe bestuur van 'n maatskappy. Daar word dus gekyk na die Kingverslag en sy invloed op die funksionering van 'n maatskappy. Die doel van die hoofstuk is om aan te toon hoe 'n landboumaatskappy funksioneer, om sodoende die vergelyking tussen die ondernemingsvorme van landboukoöperasies en landboumaatskappye wat aan die einde van hierdie hoofstuk opgesom word, moontlik te maak. Alles word dan saamgevat in die slot.

## 4.2. DIE WESE VAN 'N MAATSKAPPY

### 4.2.1. Inleiding

"Die maatskappy is 'n assosiasie (vereniging) van aandeelhouers wat verenig (geïnkorporeer) is ingevolge die Maatskappywet (61/1973) en as onafhanklike regspersoon, los van die persone of instellings wat lede daarvan is, bepaalde

ekonomiese handelinge onderneem met die doel om òf netto wins òf diens na te streef" (Marx *et al*, 1991:113). Verder is 'n maatskappy 'n onderneming gemik op winsbejag, wat daarna streef om genoeg wins te maak, sodat daar jaarliks 'n redelike dividend aan sy aandeelhouers uitbetaal kan word.

In hierdie afdeling word die wese, met ander woorde, dit wat 'n maatskappy is, bespreek. Daar word gekyk na die stigting en oprigtingsprosedures, die doelstellings en bevoegdhede asook die beperkings van maatskappye, soos toegepas op landboumaatskappye.

### 4.2.2. Stigting en oprigting

'n Landboumaatskappy verkry 'n aparte regspersoonlikheid onafhanklik van sy lede (aandeelhouers) deur inlywing en registrasie deur die Registrateur van Maatskappye ingevolge die Maatskappywet (61/1973). Die statute van 'n landboumaatskappy bevat voorskrifte rakende aandele en aandeelsertifikate, oordrag van aandele, stemreg, leningsbevoegdheid, hou van vergaderings en magte en bevoegdhede van direkteure. Nadat voldoen is aan die formele vereistes vir inlywing, reik die Registrateur van Maatskappye 'n sertifikaat van inlywing uit en kan 'n landboumaatskappy met besigheid begin (du Plessis, 1986:190).

### 4.2.3. Doelstellings en bevoegdhede

'n Landboumaatskappy het onbeperkte bevoegdhede om dit in staat te stel om sy hoof en aanvullende doelstellings te verwesenlik, wat uiteengesit word in sy Akte van Oprigting (Strydom, 2002:22). Volgens Artikel 33 van die Maatskappywet (61/1973), het 'n maatskappy onbeperkte doelstellings. Die landboukoöperasie het dus baie strenger wetgewing wat bepaal dat alle besigheid en doelstellings van 'n landboukoöperasie boerdery-gedrewe moet wees. Albei het onbeperkte bevoegdheid om hul doelstellings te kan verwesenlik, maar die landboumaatskappy het onbeperkte doelstellings terwyl die landboukoöperasie beperkte doelstellings het.

### 4.2.4. Beperkings

Die Maatskappywet (61/1973) bevat ook beperkings wat op sommige landboumaatskappye van toepassing is. Uit sy status as regspersoon volg dat 'n maatskappy onbevoeg is om regshandelinge wat intiem met fisiese menswees van die natuurlike persoon gemoeid is, te verrig, soos om 'n huwelik aan te gaan of om 'n testament te maak. Verder kan geen maatskappy as advokaat of geneesheer praktiseer nie en kan ook nie burgerskap verkry nie. Geen lid van 'n landboumaatskappy mag namens die maatskappy optree sonder 'n skriftelike bewys van 'n ampsdraer van die onderneming, vergesel van 'n afskrif van die direksiebesluit om dit te bevestig, nie. Verder kan 'n individu self in 'n hof sy eie saak voer, maar 'n maatskappy kan ondanks magtiging van die direksie of selfs die ledevergadering, nie self sy saak deur een van sy ampsdraers voer nie. Sy saak moet deur 'n regsverteenwoordiger behartig word.

### 4.2.5. Samevattend

'n Maatskappy kan omskryf word as 'n ondernemingsvorm wat in sy eie reg regspersoonlikheid verkry het in terme van die Maatskappywet (61/1973), en 'n bestaan voer onafhanklik van sy lede. Anders as 'n landboukoöperasie is die belangrikste bestaansdoel van 'n landboumaatskappy nie dienslewering aan die boere of produsente nie. Dit is 'n winsbejagde onderneming, wat sy besigheid so moet skik dat dit eerstens 'n bevredigende dividend aan aandeelhouers kan uitbetaal, maar steeds ook in die nodige behoeftes van die produsente moet kan voorsien. Aandeelhouers is nie slegs boere nie, en die groot beleggers wat van 'n prokureur tot 'n dokter kan wees, stel belang in die dividend wat hy/sy kan uitkry asook die verhandelbaarheid en prys van die aandeel. Voorts gaan daar eers gekyk word na die samestelling en struktuur van 'n landboumaatskappy, en soos nodig sal vergelykings met ooreenstemmende afdelings van hoofstuk 3 getref word.

## 4.3. SAMESTELLING EN STRUKTUUR


### 4.3.1. Inleiding

Die samestelling en struktuur van 'n landboumaatskappy is net so belangrik vir die studie as wat diè van 'n landboukoöperasie was. Uiteraard is dit twee heeltemaal verskillende ondernemingsvorme wat elk op verskillende maniere funksioneer en saamgestel is. In die afdeling word die soorte maatskappye asook die interne en eksterne organisasie van 'n landboumaatskappy bespreek.

### 4.3.2. Soorte maatskappye

Verskillende soorte maatskappye kan ingevolge die Maatskappywet (61/1973) geregistreer word (Marx & Rademeyer, 1990:119). 'n Skematiese uiteensetting van die verskillende soorte maatskappye word in figuur 4.1 gegee.

**Figuur 4.1:**
**MAATSKAPPYVORME**




Bron: Marx & Rademeyer, 1990:120

Internasionaal beskou is daar binnelandse en buitelandse maatskappye. 'n *Buitelandse maatskappy* is geïnkorporeer in 'n land buite die grense van SA, terwyl die *binnelandse maatskappy* onder die Suid-Afrikaanse wetgewing geïnkorporeer is. Twee hoofgroepe binnelandse maatskappye word aangetref, naamlik 'n maatskappy met 'n aandelekapitaal en 'n maatskappy beperk deur garansie (Marx & Rademeyer, 1990:121). 'n Maatskappy beperk deur garansie is 'n maatskappy sonder aandelekapitaal, met ander woorde 'n vereniging sonder 'n winsoogmerk en die aanspreeklikheid van sy lede word deur die statuut beperk.

Verreweg die belangriker van die twee tipes is die maatskappy met 'n aandelekapitaal wie se lede normaalweg nie meer te verloor het as die bedrag wat hulle vir hul aandele betaal het nie. Hierdie tipe maatskappy kan uit een van twee vorme bestaan naamlik 'n publieke maatskappy of 'n private maatskappy (Cilliers & Benade, 1973:18). Die naam van 'n publieke maatskappy eindig met die woord "Beperk" en die van 'n private maatskappy met die woorde "(Eiendoms) Beperk". Die maatskappy wat in hierdie studie ondersoek gaan word, is dan ook die belangriker een van die twee, die maatskappy met aandelekapitaal.

Vergelyk die tipes maatskappye met die tipes koöperasies en daar word gesien dat al drie tipes koöperasies in belang van die lede optree en nie een mag winsbejag wees nie, terwyl 'n maatskappy òf aandelekapitaal kan besit, met ander woorde hy is winsbejag, òf dit kan sonder aandelekapitaal wees, en dan is dit nie winsbejag nie. Daar bestaan egter net een tipe landboukoöperasie en twee tipes landboumaatskappye. 'n Landboumaatskappy kan òf 'n private maatskappy wees, òf 'n publieke maatskappy. Die verskil kom in by die hoeveelheid aandeelhouers wat die maatskappy mag hê, asook die verhandelbaarheid van aandele. 'n Private landboumaatskappy mag net 2 tot 50 aandeelhouers hê, en hul aandele is nie vrylik verhandelbaar nie. Indien so 'n lid sy aandele wil verkoop, moet dit eers aan mede-lede beskikbaar gestel word, voor enige buite persoon dit mag koop. 'n Publieke landboumaatskappy het 'n onbeperkte aantal aandeelhouers of lede, en sy aandele is vrylik verhandelbaar.

### 4.3.3. Interne organisasie

By die interne organisasie van 'n landboumaatskappy word 'n kort beskrywing van die verhouding tussen 'n lid en sy landboumaatskappy, die sogenaamde afhanklike gedeelte van die landboumaatskappy of dan die struktuur binne die maatskappy self gegee. Dieselfde begrippe en faktore wat 'n rol kan speel as wat by die landboukoöperasies bespreek is, sal hier aangespreek word sodat 'n vergelyking getref kan word.

#### 4.3.3.1. Lede

Hierdie afdeling handel oor die persone wat die aandele hou en as die aandeelhouers of lede van die maatskappy bekend staan. Hulle vorm die hoeksteen van die tipe organisasies, want net soos by landboukoöperasies kan landboumaatskappye ook nie bestaan sonder hulle lede nie. Die onderskeie afdelings sal eers bespreek word, waarna 'n algemene vergelyking met landboukoöperasies getref sal word rakende die lidmaatskap in geheel.

##### 4.3.3.1.1. Die begrippe aandeelhouer en lid

Een faset van die maatskappy is dat dit 'n eie regspersoonlikheid besit en onafhanklik van sy lede bestaan, terwyl 'n ander faset is dat die maatskappy 'n samestelling of vereniging van sy lede is (Cilliers & Benade, 1973:139). In die geval van die maatskappy met die aandelekapitaal is die lid die persoon wie se regsverhouding met die maatskappy ontstaan uit hoofde van sy aandeelhouding in die maatskappy. Die terme lid en aandeelhouer dui dus hier op dieselfde persoon. Die begrip lidmaatskap verwys veral na die reg van die aandeelhouer om as komponent deel te neem aan die uitoefening van die beheerfunksie van die algemene vergadering, terwyl die begrip aandeelhouding veral na die reg op dividende na hulle verklaar is en die deelname in 'n verdeling by likwidasie verwys, asook na die verpligting om hom aan die bepalings van die statute te hou (Cilliers & Benade, 1973:139).

#### 4.3.3.1.2. Verkryging van lidmaatskap

'n Persoon kan op een van twee maniere lid van 'n maatskappy met 'n aandelekapitaal word (Cilliers & Benade, 1973:140):

- *As ondertekenaar van die akte van oprigting.*

Die ondertekenaars van die akte van die maatskappy word geag te onderneem het om lede van die maatskappy te word by sy inlywing, en moet onverwyld as lede in sy lederegister ingeskryf word. Elke ondertekenaar van die akte moet ten minste een aandeel neem en die getal aandele wat hy onderneem om op te neem moet teenoor sy naam vermeld word.

- *Deur ooreen te kom om lid van die maatskappy te word en die daaropvolgende inskrywing van sy naam in die lederegister.*

Waar die maatskappy inskrywings vir sy aandele uitnooi, kom die ooreenkoms gewoonlik tot stand wanneer die maatskappy die inskrywer se aanbod om aandele op te neem, aanvaar deur middel van kennisgewing dat die aandele aan hom toegewys is. Waar aandele aan 'n persoon oorgedra word, kom die ooreenkoms om lid te word tot stand nadat 'n behoorlik voltooide oordragvorm by die maatskappy ingelewer is en laasgenoemde die oordrag geregistreer het.

#### 4.3.3.1.3. Beëindiging van lidmaatskap

'n Persoon se lidmaatskap van 'n maatskappy word beëindig deur (Cilliers & Benade, 1973:140):

- die oordrag van al sy aandele aan 'n ander,
- die verkoop en oordrag van sy aandele deur die maatskappy ingevolge 'n *quasi*-retensiereg deur die statute verleen,
- die oorgawe van sy boedel,
- sy afsterwe, en
- die ontbinding van die maatskappy na likwidasie of deur die deregistrasie daarvan van die register van maatskappye.

#### 4.3.3.1.4. Bevoegdheid om lid te word

In die geval van 'n landboumaatskappy, kan sy statuut bepaal dat nie enige persoon die reg het om lid te word van die maatskappy nie. As daar gekyk word na Senwes Bpk. as 'n voorbeeld, is daar 'n sekere deel van die aandele wat beperkte verhandeling op het (kyk par.4.3.3.12.). Om hierdie aandele te kan bekom en sodoende lidmaatskap te verkry, moet die betrokke persoon 'n landbouer wees. Die landboumaatskappy het 'n komitee wat hierdie aansoeke keur, en die boer moet bv. 'n dokument teken, waar hy/sy verklaar dat die ondergetekende wel 'n landbouer is. Dan is daar 'n klomp aandele wat deur enige persoon opgekoop kan word, en 'n ander klomp wat weer aan 'n beherende maatskappy – in diè geval Senwesbel Bpk – verkoop word. Daar is dus 'n mate van beperking op die bevoegdheid van 'n persoon om lid van 'n landboumaatskappy te kan word.

#### 4.3.3.1.5. Minimum ledetal

Die minimum ledetal vir 'n publieke maatskappy is sewe terwyl 'n private maatskappy met slegs een lid gestig kan word. As 'n lid bewus is dat die ledetal van 'n publieke maatskappy benede die minimum van sewe gedaal het en die maatskappy vir 'n tydperk van meer as ses maande met die aldus verminderde ledetal handel gedryf het, is sodanige lid hoofdelik aanspreeklik teenoor skuldeisers vir alle maatskappyskulde gedurende die betrokke termyn aangegaan. 'n Vermindering in ledetal benede die minimum van sewe is ook een van die gronde waarop die hof 'n publieke maatskappy kan likwideer (Cilliers & Benade, 1973:141).

#### 4.3.3.1.6. Vergelyking met landboukoöperasies

By 'n landboukoöperasie is daar 'n totale beperking op die lidmaatskap, en alle lede moet soos verduidelik in par. 3.3.3.3 bona fide boere wees om lid te kan word van 'n plaaslike landboukoöperasie. By 'n landboumaatskappy kan daar egter ook in die statuut bepalings voorkom dat sommige van die aandele net beskikbaar gestel word vir landbouers, en sodoende kan daar toegesien word dat die beheer oor die onderneming nie verloor word nie (kyk par.4.3.3.12.). Die lede van albei ondernemingsvorme het die reg as aandeelhouer om deel te neem aan die algemene vergadering en so deel te

neem aan die uitoefening van die beheerfunksie. Die minimum ledetal vir 'n primêre landboumaatskappy en 'n publieke landboumaatskappy is 7 lede.

#### 4.3.3.2. Aanspreeklikheid

Die bekendste vorm van maatskappy, die maatskappy met 'n aandelekapitaal, word daarenteen gekenmerk dat die risiko van die bydraers van die aandelekapitaal niks verder strek as die bedrag vir hulle aandele betaal nie (Cilliers & Benade, 1973:1). 'n maatskappy het regspersoonlikheid, en die lede se aanspreeklikheid is beperk. Met *regspersoonlikheid* word bedoel dat die wetgewer 'n instelling as 'n regspersoon afsonderlik van sy lede behandel. 'n Instelling met regspersoonlikheid tree in eie naam op, en is verantwoordelik vir sy eie skuld, terwyl die netto wins aan die betrokke instelling behoort (Marx *et al*, 1991:139). Aanspreeklikheid van aandeelhouers word beperk tot die bedrag wat vir aandele betaal word (Marx & Rademeyer, 1990:122). Met ander woorde al skade wat die aandeelhouer na bv. die likwidasie van 'n landboumaatskappy kan ly, is die geld wat hulle betaal het vir die aandele in hul besit. Die skulde van die maatskappy word dus nie die lid se persoonlike skuld nie, maar dit verskil ook nie van die aanspreeklikheid van die lede van 'n landboukoöperasie nie, aangesien 'n landboukoöperasie se lede ook beperkte aanspreeklikheid het.

#### 4.3.3.3. Direkteure

Die aandeelhouers verkies tydens die algemene jaarvergadering direkteure om die landboumaatskappy te beheer en te bestuur. Die direkteure is derhalwe aanspreeklik teenoor die aandeelhouers vir die beheer en bestuur van die landboumaatskappy. Die direkteure bestuur nie persoonlik die maatskappy nie, maar stel 'n uitvoerende of besturende direkteur aan, tesame met die 2de vlak van bestuur. Dit is gewoonlik die finansiële en bedryfsbestuurders, en staan bekend as die topbestuur. Die topbestuur stel weer die nodige personeel aan wat dan die onderneming bestuur. Die personeel en die topbestuur doen verslag aan die direkteure, wat dan weer verslag kan doen aan die lede.

In die geval van 'n publieke landboumaatskappy moet 'n minimum van twee direkteure verkies word en in geval van 'n private landboumaatskappy 'n minimum van een. Die

Koöperasiewet (91/1981) meld nie 'n minimum aantal direkteure wat verkies moet word by 'n landboukoöperasie nie, maar stel wel dat die minimum aantal vervat moet word in die statute van koöperasies. Die direkteure word gewoonlik jaarliks verkies en kan vir 'n onbepaalde aantal jare as sulks diens doen. Die direkteure kan egter vir 'n bepaalde termyn, onbepaalde termyn of permanent aangestel word. Gewoonlik roteer die nie-uitvoerende direkteure na 'n paar jaar. 'n Direkteur kan deur 'n meerderheidstem van aandeelhouers van sy pos onthef word. Beheer en bestuur setel in die direksie, wat gewoonlik bestaan uit 'n voorsitter, besturende direkteur en soveel ander direkteure as wat nodig geag word (van Rensburg, 1995:4).

Direkteure verkry hulle magte deur die statute van 'n landboumaatskappy. Hierdie bevoegdheid is basies onbeperk om mee te ding in 'n vryemarkstelsel solank dit nie teenstrydig is met enige bepaling van die wet of enige ander wetgewing nie. Direkteure moet dus verantwoording doen aan die aandeelhouers van die landboumaatskappy. Die wet plaas sekere beperkings op die verhouding tussen direkteur en landboumaatskappy, asook sekere transaksies wat verbied word. Ingevolge die gemenereg moet die direkteur te alle tye in goeie trou teenoor die landboumaatskappy optree, sy magte as direkteur tot voordeel van die landboumaatskappy uitvoer en 'n botsing tussen sy eie belange en diè van die landboumaatskappy voorkom. Direkteure kan persoonlik aanspreek gehou word vir die skulde van die landboumaatskappy waar bewys kan word dat die besigheid van die landboumaatskappy roekeloos bedryf is of dat daar 'n bedoeling was om krediteure van die landboumaatskappy te bedrieg. Direkteure kan ook krimineel vervolg word indien bogenoemde bevind word (van Rensburg, 1995:4).

Vergelykend met die direkteure van landboukoöperasies, het diè van landboumaatskappye baie meer seggenskap en beheer oor die onderneming. 'n Direkteur van 'n landboukoöperasie moet 'n lid wees van die koöperasie self en hy/sy neem net die leiding as dit kom by die opstel van die beleid en maak aanbevelings rondom belangrike sake, maar die finale seggenskap lê nog steeds by die lede. Die direkteure van 'n landboumaatskappy hoef nie noodwendig aandeelhouers te wees nie, en die beheer en bestuur van die maatskappy is gesetel in die direksie wat al die besluite moet neem. Die direkteure van 'n landboukoöperasie kan vir verliese of skade te wyte aan sy opsetlike wangedrag, oneerlikheid, growwe nalatigheid of oortreding van

die Wet of Statuut, of aan sy roekelose of bedrieglike optrede ook persoonlik aanspreeklik gehou word net soos wat die geval by landboumaatskappye is.

#### 4.3.3.4. Aandelekapitaal

Die lede van die maatskappy dra by tot 'n gesamentlike aandelekapitaal deur in te skryf op aandele in die maatskappy. Die aandelekapitaal word verdeel in 'n aantal aandele waarvan 'n aandeelhouer enige getal mag besit. Daar is geen wetlike beperking op die getal en waarde van aandele wat 'n maatskappy mag uitreik nie, en ook nie wat betref die verdeling in verskillende klasse aandele nie (Marx *et al*, 1991:113).

#### 4.3.3.5. Aandele

##### 4.3.3.5.1. Toewysing en uitreiking van aandele

'n Persoon kan op een van twee maniere aandele in 'n maatskappy bekom. Hy kan óf die aandele van 'n aandeelhouer koop en die aandele dan is sy naam laat oordra óf die aandele kan direk deur die maatskappy aan hom toegewys word. Aandele word gewoonlik aan 'n persoon toegewys ingevolge 'n aansoek wat hy aan die maatskappy gerig het (Cilliers & Benade, 1973:142). Artikel 92 van die Maatskappywet (61/1973) bepaal dat, as 'n algemene reël, geen maatskappy aandele mag toewys of uitreik tensy die volle uitreikingsprys vir sodanige aandele betaal is aan en ontvang is deur die maatskappy nie. By 'n privaatmaatskappy is aandele slegs oordraagbaar met goedkeuring van die direksie, maar goedkeuring is nie nodig by 'n openbare maatskappy nie.

Waar 'n maatskappy aandelekapitaal van die publiek wil bekom, rig hy 'n skriftelike uitnodiging in die vorm van 'n prospektus, vergesel van 'n aansoekvorm, aan die publiek om op sy aandele in te skryf. Die inskrywer op aandele gebruik dan die aansoekvorm om aansoek vir 'n sekere aantal aandele te doen en besorg sy aansoek tesame met die uitreikingsprys aan die maatskappy. Sodanige aansoek is gewoonlik 'n aanbod om op die betrokke aandele van die maatskappy in te skryf (Cilliers & Benade, 1973:142). Die statuut van 'n landboumaatskappy kan bepaal dat verhandelbaarheid van die aandele beperk is. Dit beteken dat die aandele net aan 'n sekere klas persone uitgereik kan

word, soos bv. aan landbouers. Die aandele kan ook geklassifiseer word, in aandele met meer en minder waarde. Die rede vir die beperking op die verhandelbaarheid, is omdat dit dien as beheermeganismes om beheer oor die onderneming te kan behou. (kyk par.4.3.3.12.)

#### 4.3.3.5.2. Intrinsieke waarde en markwaarde van aandele

Die netto batewaarde of die boekwaarde van die aandele van 'n maatskappy word bereken deur die totale waarde van die bates op die balansstaat van die onderneming te deel deur die hoeveelheid aandele uitgereik (Grobler, 2005). Gestel die balansstaat van 'n landboumaatskappy dui op 'n totale waarde van R100 miljoen. Gestel verder die maatskappy besit 100 miljoen aandele. Dit wil sê 1 aandeel = R1,00. Die markwaarde van die aandele kan egter R1,80 per aandeel wees. Die markwaarde is die prys wat die aandeelhouer vandag kan kry per aandeel. Dan verhandel die aandele teen 'n premie van 80c. Dit kan wees dat die maatskappy 'n goeie beeld het, en die publiek baie meer vertroue het in die aandele as wat die intrinsieke waarde is. Hulle is dus bereid om meer vir die aandele te betaal, want hulle glo dat die aandele se pryse dalk kan styg in die toekoms, en dit stoot die huidige waarde van die aandele op. Die teendeel is egter ook moontlik. Die markwaarde van 'n landboumaatskappy se aandele kan slegs 80c wees. Dit beteken dat die publiek nie baie waarde heg aan die aandele nie. Daar kan egter verskeie redes hiervoor wees. Die verhandeling van die aandele kan beperk wees (kyk par.4.3.3.5.1), wat maak dat die waarde verminder. Die intrinsieke waarde dui dus meer op die boekwaarde van die aandele, terwyl die markwaarde die huidige bedrag is waarteen die aandele verhandel (Grobler, 2005).

#### 4.3.3.5.3. Toewysing en aanname na aanbieding aan die publiek

Geen maatskappy mag aandele aan die publiek aangebied vir inskrywing, toewys nie, tensy die betrokke aansoek deur die maatskappy ontvang word voor die verstryking van 'n tydperk van vier maande na die datum van registrasie van die prospektus. Alvorens die maatskappy aandele wat aan die publiek vir inskrywing aangebied is, mag toewys, moet die bedrag van die minimum inskrywing in die prospektus genoem, volskryf wees (Cilliers & Benade, 1973:145).

#### 4.3.3.5.4. Aandelesertifikate en aandelebriewe

Elke lid van 'n maatskappy is geregtig op 'n sertifikaat van sy aandele. So 'n sertifikaat moet vir lewering gereed wees binne twee maande na toewysing, of binne ses weke nadat 'n oordragakte behoorlik ingedien is. Die plig om aandelesertifikate te voorsien kan deur die hof afgedwing word (Cilliers & Benade, 1973:162). 'n Aandelesertifikaat is 'n verklaring waarin die maatskappy verklaar dat die persoon aan wie dit uitgereik is, die *geregistreerde* aandeelhouer *en* reghebbende van die aandele daarin vermeld *is*, en dat die bedrag wat daarop voorkom, betaal is. Indien 'n maatskappy deur sy statute gemagtig is, kan hy aandelebewyse ten opsigte van volopbetaalde aandele uitreik. Die aandelebewys sertifiseer dat die toonder daarvan die reghebbende is van die aandele daarin vermeld (Cilliers & Benade, 1973:163). Die houer van 'n aandelebewys is soos enige ander aandeelhouer geregtig op dividende as hulle verklaar word en op deelname in 'n verdeling by likwidasie of kapitaalvermindering.

#### 4.3.3.5.5. Vergelyking met landboukoöperasies

Die begrip aandeelhouer verskil in die sin dat by 'n landboukoöperasie dui die aantal aandele wat 'n lid besit, as bewys van lidmaatskap, maar die bonusse wat hy/sy kry is nie proporsioneel tot die hoeveelheid aandele wat hy/sy besit nie. By 'n landboumaatskappy is die hoeveelheid aandele wat die lid besit direk eweredig aan die hoeveelheid dividende wat aan hom/haar uitbetaal gaan word. Verder vereis die Koöperasiewet (91/1981) dat alle aandele dieselfde moet wees en teen nominale waarde uitgereik moet word, met ander woorde sekere aandele mag nie meer werd wees as ander nie, terwyl die Maatskappywet (61/1973) geen beperking op die getal en waarde of die klasse van aandele plaas nie, en aandele verhandel teen markwaarde. Die oordraagbaarheid van aandele verskil ook in die sin dat aandele van 'n landboukoöperasie slegs oordraagbaar is onder voorwaardes en met toestemming van die direksie, terwyl daar 'n soortgelyke beperking bestaan by privaat landboumaatskappye, maar daar is geen beperking op die verhandelbaarheid van aandele in 'n publieke landboumaatskappy nie.

#### 4.3.3.6. Notering op die beurs

Indien 'n publieke landboumaatskappy dit nodig vind om nog kapitale beleggers te betrek, kan hulle hul aandele op die aandelebeurs, die JSE (Johannesburg Securities Exchange), laat noteer. Dit gaan egter gepaard met 'n hele aantal vereistes waaraan die landboumaatskappy moet voldoen, soos onder andere:

- Dit moet 'n publieke maatskappy wees, want aandele moet vrylik verhandelbaar wees.
- Dit moet 3 jaar se geouditeerde finansiële state besit.
- 20% van die maatskappy se aandele moet reeds aan beleggers behoort.
- Dit moet 'n markkapitaal van minstens R25 miljoen hê.
- Die bestuur moet hulleself al vir 'n redelike tydperk kon bewys as bevoegde personeel.
- Die direkteure moet onpartydig wees.
- Dit moet 'n ledetal van minimum 200 hê.

Volgens Joynt, (2006) is dit die belangrikste vereistes om op die sogenaamde "hoofbeurs" te kan noteer. Die alternatief is om op die "Altex" of die alternatiewe beurs te noteer, want hulle voorwaardes is nie so streng nie. Sy sê ook verder dat dit egter baie duur is om op die JSE te noteer, en uit die voorwaardes is die finansiële koste daaraan verbonde ook duidelik sigbaar. Landboukoöperasies kan onder geen omstandigdhede hulle aandele noteer nie, aangesien die wet nie daarvoor voorsiening maak nie.

#### 4.3.3.7. Stemreg

Behalwe vir die hoeveelheid stemme wat kan verskil, kan die maniere van stem ook verskil van onderneming tot onderneming. By die opsteek van hande het elke aandeelhouer van 'n landboumaatskappy net een stem. By 'n stembriefiestemming het 'n aandeelhouer egter een stem per aandeel wat hy hou. Gevolglik kan diegene met die meeste aandele, die meeste stemme uitoefen (Cilliers & Benade, 1973:192). Hierdie is 'n baie groot en belangrike verskil ten opsigte van die stemreg van lede van 'n landboukoöperasie, waar een lid slegs een stem het (ekstra stemme per lid is 'n

moontlikheid, maar soos verduidelik in par.3.3.3.8. is dit beperk tot hoogstens 4 stemme per lid). Een aandeelhouer kan soveel aandele bekom dat hy beheer oor die landboumaatskappy kan uitoefen, terwyl dit onmoontlik is by landboukoöperasies. Daar bestaan wel maniere vir die bestuur van 'n maatskappy om so 'n situasie te probeer voorkom, maar dit bly steeds 'n moontlikheid. Hierdie kwessie van beheer oor die onderneming as gevolg van onder andere stemreg, is 'n groot rede tot besinning by die besluitneming van verandering van ondernemingsvorm. (kyk par.5.7.4.3.)

#### 4.3.3.8. Winsverdeling

'n Landboumaatskappy geniet totale vryheid van winsverdeling nadat normale maatskappybelasting betaal is. Die aandeelhouers besluit op aanbeveling van die direksie hoe daar met winste gehandel sal word (Cilliers & Benade, 1973:279) :

- dit kan by wyse van opgehoopte winste binne die landboumaatskappy gehou word;
- dit kan vir uitbreiding aangewend word;
- dit kan op enige wyse belê word;
- dit kan by wyse van uitbetaling van lenings versprei word;
- dividende en bonusaandele kan aan aandeelhouers verklaar en betaal/ toegeken word, gebaseer op aandeelbesit.

Daar is dus nie by 'n landboumaatskappy soveel beperkings as by 'n landboukoöperasie rakende die winsverdeling nie. Die belangrikste verskil is die manier waarvolgens die surplus uitgekeer word, naamlik volgens aandeelhouding en nie volgens klandisieverhouding soos by landboukoöperasies nie.

#### 4.3.3.9. Likwidasie

By wyse van wetgewing kan 'n landboumaatskappy ophou om voort te bestaan of in likwidasie geplaas word onder die volgende omstandighede (slegs die belangrikstes word genoem) (Cilliers & Benade, 1973:411):

- indien die landboumaatskappy by wyse van spesiale besluit so besluit;

- indien 75% van sy uitgereikte aandelekapitaal verlore raak;
- indien die landboumaatskappy nie in staat is om sy skulde te betaal nie.

Die aanspreeklikheid van aandeelhouers is egter beperk, soos voorheen bespreek (kyk par.4.3.3.2.). Die direkteure kan egter onder sekere omstandighede aanspreeklik gehou word vir die skulde van die landboumaatskappy, soos voorheen bespreek (kyk par.4.3.3.3.). Ook die aanspreeklikheid van lede (kyk par.3.3.3.5.) en direkteure (kyk par. 3.3.3.6.) van 'n landboukoöperasie ten tye van likwidasie is bespreek. (kyk par. 3.3.3.10.)

**4.3.3.10. Akte van oprigting en statute**

Volgens Aritkel 52 van die Maatskappywet (61/1973) moet die akte van oprigting van 'n maatskappy die doel uiteensit waarvoor dit opgerig en ingelyf word met die beskrywing van die hoofbesigheid wat dit bedryf, of in die geval van 'n vereniging sonder winsoogmerk, die hoofdoelstelling wat hy gaan bevorder, en saam met dit die –

- Naam van die maatskappy.
- Die hoofdoelstelling met vermelding van die algemene aard van die hoofbesigheid.
- Die aanvullende doelstellings en die bepaalde bevoegdhede.

Indien die maatskappy 'n aandelekapitaal gaan hê, moet die akte uiteensit –

- Die bedrag van die aandelekapitaal waarmee die maatskappy van voorneme is om hom te registreer, of die getal aandele wat die maatskappy gaan hê.
- Die getal aandele wat elke ondertekenaar onderneem om op te neem.

Die akte van oprigting kan spesiale voorwaardes bevat en kan voorsiening maak vir onbeperkte aanspreeklikheid van direkteure. Die akte van oprigting kan gewysig word deur 'n spesiale versoek aan die Registrateur te rig. Artikel 59 (61/1973) bepaal verder dat 'n maatskappy ook 'n statuut moet hê wat sekere bepalings vir die maatskappy vaslê. Dit is ook soos by die landboumaatskappy 'n ooreenkoms wat die lede met mekaar aangaan en kom na vore met die stigting van die landboukoöperasie en die

stigterslede sowel as die latere lede is daaraan gebind. Die statute kan ook onder voorwaardes en met spesiale toestemming gewysig word.

### 4.3.3.11. Die finansiële struktuur van die maatskappy

'n Maatskappy verkry sy fondse wat hy vir sy onderneming benodig uit twee hoof bronne: van sy aandeelhouers en van eksterne bronne. In sy balansstaat word die gelde wat die maatskappy van sy aandeelhouers verkry, saam as aandeelhoursbelang gegroepeer. Gelde van lang- of korttermynkrediteure verkry, staan gesamentlik as eksterne belange bekend (Cilliers & Benade, 1973:74).

'n Fundamentele begrip van die rekeningkunde is dat die onderneming wat die rekeningkundige entiteit uitmaak, beskou word as 'n entiteit wat los staan van sy eienaars. Hierdie rekeningkundige entiteit verkry fondse van sy eienaars en van eksterne belanghebbendes en investeer daardie fondse in die bates wat die onderneming gebruik om sy doeleindes te bereik (Cilliers & Benade, 1973:75). Die fondse wat aandeelhouers in die maatskappy stort, is 'n bestanddeel van aandeelhoursbelang; fondse van eksterne belanghebbendes verkry, verteenwoordig eksterne belange. Aangesien die fondse wat die maatskappy verkry in bates omgesit word of, anders gestel, deur bates verteenwoordig word, volg dit dat:

Totale belange + laste = Totale bates


Die balansstaat van 'n maatskappy is eenvoudig 'n finansiële staat waarop beide die belange in die maatskappy en die bates van die maatskappy op 'n gegewe datum, afsonderlik gelys word.

### 4.3.3.12. Die beheer van die maatskappy

Daar kan verkeerdelik aangeneem word dat die stigters van 'n maatskappy vir altyd die volle beheer oor die maatskappy besit. Dit is egter nie die waarheid nie. Om effektiewe beheer oor 'n maatskappy te besit, moet 'n persoon of instansie 50%+1 van die totale aandele van die maatskappy kan beheer of oor beskik by stemming (Grobler, 2005). Met beheer uitoefen, word die neem van besluite, die kies van die direksie en die bestuur, en alle ander verwante aktiwiteite bedoel. Dit is dus duidelik dat dit belangrik is om beheer oor die landboumaatskappy te behou, want die persone of instansie wat

beheer uitoefen kan al die besluite binne die maatskappy neem. Een van die grootste redes waarom destydse landboukoöperasies baie getwyfel het of hulle moet omskakel na 'n landboumaatskappy, is juis as gevolg van die feit dat hulle nie vanselfsprekend as 'n boeregemeenskap die beheer oor die onderneming gaan kan behou nie. In 'n koöperasie het die lede 100% beheer oor die onderneming as gevolg van die een-man-een-stem beleid, maar in 'n landboumaatskappy bepaal die aantal aandele wie die maatskappy beheer. Soos reeds genoem moet 'n persoon, òf 'n groep persone, òf 'n instansie(s) 50%+1 aandele besit om effektiewe beheer oor die onderneming te kan uitoefen. Die gevolg is dat een enkele persoon 50%+1 of meer aandele in die maatskappy kan bekom en so die beheer kan oorneem. Die persoon mag dan al die besluite maak rakende die bestuur en beheer van die onderneming, solank dit voldoen aan die vereistes van die Wet (61/1973). Daar is egter verskeie maniere hoe die persone wat tans in beheer is, kan toesien dat hulle beheer behou. Die hele konsep gaan egter makliker met 'n voorbeeld verduidelik word. As daar gekyk word na Senwes se groepstruktuur teen die einde van 2005, het dit soos volg gelyk:

**FIGUUR 4.2:**
**GROEPSTRUKTUUR 1**




Bron: Senwes, 2005

Die boere wat oorspronklik die landboukoöperasie Sentraalwes gestig het, was bang dat hulle beheer oor die onderneming sou verloor na omvorming. Hulle het dus besluit om 2 maatskappye te stig, naamlik Senwes Bpk, wat die bedryfsmaatskappy sou wees, en Senwesbel Bpk, wat die beherende maatskappy sou wees. Gestel hulle het met omvorming besluit om 100 aandele uit te reik. Van die 100 aandele het die beheermaatskappy, Senwesbel 55.8% opgekoop. Dit wil sê die beheermaatskappy besit effektiewe beheer oor Senwes. Hulle kan dus die direksie aanstel en die besluite neem. Om egter te voorkom dat iemand anders as die boere weer beheer van Senwesbel kon oorneem, het Senwesbel se statuut bepaal dat sy aandele slegs aan bona fide boere uitgereik en verhandel mag word. Met ander woorde hulle beperk die verhandelbaarheid van die aandele van Senwesbel. 'n Boer mag dus sy aandele in Senwesbel verkoop, maar slegs aan 'n ander boer. Op die manier besit die boere 100% aandele in Senwesbel, wat weer 55.8% aandele in Senwes het, so indirek verloor die boere nie die beheer oor die landboumaatskappy Senwes nie.

Senwes het dus met sy ontstaan 100 aandele uitgereik, waarvan Senwesbel 55.8 of dan 56 aandele besit. Van die oorblywende 44.2% van die aandele, is 10.2% weer in 'n verdere blok geplaas en beskikbaar gestel vir die personeel van Senwes. Weer word hulle aandele se verhandelbaarheid beperk tot mede-personeellede. So 'n mate van beheer oor 'n blok aandele deur bv. sy verhandelbaarheid te beperk, staan bekend as blokbeheer. Die oorblywende 36% van die aandele is ook aan boere uitgereik, maar die verhandelbaarheid is nie beperk nie. Hulle kon dus hulle aandele verkoop aan die 6.1% "ander" aandeelhouers, wat enige buite belegger kan wees. Senwes wat die bedryfsmaatskappy is, poog om genoeg wins te maak om dividende te kan uitbetaal. Senwesbel, het geen ander funksie as sy beheersfunksie nie, en wanneer Senwes dus sy dividend aan Senwesbel, wat 55.8% besit, uitbetaal, gebruik Senwesbel daardie kapitaal om weer vir die boere wat aandele in hòm besit, dividende te kan uitbetaal. Daar is dus beheermeganismes in plek gestel om die beheer oor die maatskappy te beskerm.


Hierdie meganismes is egter nie altyd nèt voordelig nie. Omdat Senwesbel se aandele beperk verhandelbaar is, is sy waarde (kyk par.4.1.1.1.1.) baie laer. Senwesbel het in Februarie 2006 27% van sy 55.8% aandele in Senwes aan 'n swart ekonomiese bemagtigingsgroep, naamlik die Bafokeng Konsortium (Grobler, 2005), verkoop. Die

boere het dus nog steeds effektiewe beheer oor Senwesbel, maar Senwesbel het nie meer effektiewe beheer oor Senwes nie. Die voordele wat hierdie transaksie vir Senwes inhou is as volg (Senwes, 2006):

- Deelname aan die gebiedende noodsaaklikheid van breë basis SEB transaksies.
- Potensiële toetrede tot nuwe markte.
- Ontginning van nuwe groeimoontlikhede deur middel van die vennootskappe.
- Die potensiële verhoging in markwaarde van beide die maatskappye se aandele.

Die nuwe groepstruktuur van Senwes lyk dus nou as volg:

FIGUUR 4.3:
GROEPSTRUKTUUR 2




Bron: Senwes, 2006

Die gevolg van die transaksie is egter ook nou dat Senwesbel die samewerking van òf die Bafokeng Konsortium, òf individuele produsente (boere) òf van die algemene publiek benodig om effektiewe bestuur te kan toepas.

#### 4.3.3.13. Ampsdraers

Die ampsdraers wat hier bespreek word, kan ook net so voorkom by die werkswyses van 'n landboukoöperasie, maar aangesien dit tog belangrik is om te verstaan wie die ampsdraers is en watter rol hulle vervul, word dit net kortliks hier aangeraak.

##### 4.3.3.13.1. Werknemers

Soos in enige onderneming ervaar 'n maatskappy ook die behoefte om werknemers in diens te neem. Trouens as onliggaamlike entiteit is 'n maatskappy noodwendig verplig om sy korporatiewe funksies en handelinge deur middel van direkteure, amptenare en werknemers te verrig.

Enigeen kan 'n werknemer van 'n maatskappy word. Die dienste van bodes, klerke, rekenmeesters, geoloë, regsadviseurs ensovoorts kan deur die maatskappy gebruik word. Van geval tot geval moet bepaal word wat die aard van die verhouding is waarin die besondere persoon teenoor die maatskappy staan (Cilliers & Benade, 1973:253).

##### 4.3.3.13.2. Sekretaris

Volgens definisie sluit die uitdrukking "beampte" van 'n maatskappy 'n sekretaris in maar, eienaardig genoeg, nie ook 'n sekretaris wat 'n regspersoon is nie.[1] Gevolglik is al die bepalings van die Maatskappywet (61/1973) wat na 'n "beampte" verwys op elke sekretaris wat nie 'n regspersoon is nie, van toepassing. Anders as wat die Engelse Companies Act vereis, is 'n maatskappy nie verplig om 'n sekretaris aan te stel nie en die aard van sy amp is ook nie statutêr omskryf nie (Cilliers & Benade, 1973:255).

Diè wet bepaal bloot dat "sekretaris" ook insluit "'n beampte van 'n maatskappy by watter naam hy ook al bekend staan, insluitende 'n regspersoon, wat die pligte nakom wat gewoonlik deur 'n sekretaris van 'n maatskappy nagekom word". By sy aanstelling moet sekere formaliteite nagekom en persoonlike besonderhede in die register van direkteure

[1] Volgens artikel 1 van die Wet (61/1973) sluit die woord :"beampte" in besturende direkteur, bestuurder en sekretaris (maar nie sekretaris wat 'n regspersoon is nie) en slaan dus op die belangrikste poste in 'n

en beamptes aangeteken word. Onteenseglik is 'n sekretaris in 'n diensverhouding teenoor sy maatskappy. Die presiese omvang van sy pligte hang af van die terme van sy dienskontrak wat in 'n mate bepaal word deur die aard en opset van die maatskappy wat hy dien (Cilliers & Benade, 1973:255).

#### 4.3.3.13.3. Bestuurder

Die uitdrukking "beampte" sluit enige bestuurder in. Dit impliseer dat die hoof-uitvoerende beampte(s) van 'n maatskappy, saam met die direkteure en die sekretaris, verantwoordelik is vir 'n groot aantal maatskappy-optredes en dat hy strafregtelik aanspreeklik is as die vereistes van die Wet met betrekking tot daardie optredes nie nagekom word nie (Cilliers & Benade, 1973:260).

#### 4.3.3.13.4. Voorsitter van die Direksie

By gebrek aan 'n spesifieke opdrag of magtiging van die maatskappy of bepaling in die statute, verskil die posisie van die voorsitter van die direksie geensins van die van 'n gewone direkteur nie. Veral ten aansien van die voorsitter van die direksie kan omstandighede hulle egter geredelik voordoen dat hy met opdrag, dikwels stilswyend, in dieselfde posisie as 'n besturende direkteur kan staan. Dan verkeer hy in die posisie vanweë die opdrag en nie vanweë enige bevoegdheid wat met die voorsitterskap gepaard gaan nie (Cilliers & Benade, 1973:264). Die statute bepaal gewoonlik dat die voorsitter van die direksie voorsit op algemene vergaderings. Soms bepaal die statute dat by 'n staking van stemme op 'n algemene vergadering die voorsitter oor 'n tweede of beslissende stem beskik (Cilliers & Benade, 1973:264).

### 4.3.3.14. Samevattend

In die bostaande bespreking is aangetoon hoe die maatskappy, en meer spesifiek die landboumaatskappy, funksioneeer. Die landboumaatskappy funksioneer net soos 'n gewone maatskappy met geen uitsonderings nie. Die akte van oprigting en statute van die landboumaatskappy verskil van ander soort maatskappye, en dit is diè bepalings wat

---

maatskappy; die woord "amptenaar" dui op diegene wat die minder belangrike poste in die maatskappy beklee.

dit 'n unieke landbou-organisasie kan maak. Daar is aangetoon in watter opsigte die funksionering van 'n landboukoöperasie telke male verskil met die van 'n landboumaatskappy. Dit is egter ook belangrik om die vergelyking te kan maak rakende die eksterne faktore.

### 4.3.4. Eksterne organisasie

Ekstern beteken in hierdie konteks hoe 'n landboumaatskappy inskakel by die georganiseerde landbou in Suid-Afrika en ook na die Maatskappywet (61/1973) se rol en ontwikkeling. Aangesien 'n landboumaatskappy onder dieselfde klas of groep – naamlik 'n landboubesigheid – val wanneer dit by die LBK inskakel, word dit nie weer hier bespreek nie. Kyk par.3.4.4.3. en par.3.4.4.4. waar die hele afdeling oor die SALU en LBK reeds in hoofstuk 3 verduidelik is. Enige landboumaatskappy word dus dieselfde as 'n landboukoöperasie hanteer.

### 4.3.5. Samevattend

Onder samestelling en struktuur van 'n landboumaatskappy is daar gekyk na hoe die landboumaatskappy se ratte inmekaar steek - intern en ekstern. 'n Breë begrip van die funksionele aktiwiteite van 'n landboumaatskappy is gestel en nou kan daar 'n vergelyking getref word tussen die ondernemingsvorme van landboukoöperasies en landboumaatskappye. Die volgende tabel (tabel 4.1) bevat 'n opsomming van die belangrikste verskille en ooreenkomste wat behandel is:

TABEL 4.1:

VERGELYKING TUSSEN N LANDBOUKOÖPERASIE EN LANDBOUMAATSKAPPY

| | LANDBOUKOöPERASIE | LANDBOUMAATSKAPPY |
|---|---|---|
| | | |
| Regulerende wet: | Koöperasiewet (91/1981) | Maatskappywet (61/1973) |
| | | |
| Grondwet: | Statuut | Akte van oprigting en statute |
| | | |
| Ingesteldheid: | Moet volgens koöperatiewe praktyk optree | Kommersieel en op winsbejag ingestel |
| | | |
| Moontlike beperkings / nadele: | Lidmaatskap beperk tot persone wat boerdery beoefen of wat landbouprodukte hanteer en ander koöperasies | Gedeeltelike beperking kan bewerkstellig word. |
| | | |
| | Lidmaatskap word beëindig onder sekere omstandighede en dan word aandele verbeur | Geen ooreenstemmende beperking |
| | | |
| | Alle aandele moet dieselfde wees | Geen beperking |
| | | |
| | Aandele mag slegs teen nominale waarde uitgereik word | Geen beperking |
| | | |
| | Aandele kan nie aan nie-lede uitgereik word nie | Aandele kan aan enige persoon of instansie uitgereik word |
| | | |
| | Aandele slegs oordraagbaar met goedkeuring van direksie | Soortgelyke beperking by privaatmaatskappy, maar nie by openbare maatskappy |
| | | |
| | Beperkte mark vir koöperatiewe aandele | Soortgelyk by privaatmaatskappy |

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | Aandele verhandel gewoonlik slegs teen nominale waarde | Verhandel teen markwaarde |
| | | |
| | Minimum getal aandele verleen volle lidmaatskapvoorregte | Voorregte direk proporsioneel tot aandelebesit |
| | | |
| | Meerderheid direkteure moet uit geledere van lede verkies word | Ook nie-aandeelhouers kan direkteure word |
| | | |
| | Ministeriële goedkeuring soms benodig vir opneem van aandele in 'n maatskappy : beperk buigsaamheid | Geen beperking op oornames of filiaalvorming |
| | | |
| | Beperking op besigheid met nie-lede | Geen beperking |
| | | |
| | Beperkte rente op aandele-kapitaal | Geen beperking op betaling van dividende |
| | | |
| | Stemkrag: een lid het net een stem maar soms addisionele stemme (proporsionele stemme) afhangende van transaksiewaarde oor voorafgaande drie jaar, afhangende van statuut | Volgens aandelebesit |
| | | |
| | Surplus word by wyse van bonus op omset uitbetaal | Wins word uitbetaal by wyse van dividend op aandele-kapitaal |
| | | |
| | Beperkte doelstellings | Onbeperkte doelstellings |
| | | |
| | Leningsbevoegdheid beperk deur statuut | Hang af van statute |

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | Uitleen van geld in reël verbode | Geen beperking |
| | | |
| Moontlike voordele: | Pandreg op produkte indien produksiekrediet verleen is | Nie beskikbaar |
| | | |
| | Staatshulp aan boere geskied via koöperasie | Nie beskikbaar vir maatskappy |
| | | |
| | Bonus is aftrekbaar vir inkomstebelastingdoeleindes | Dividende nie aftrekbaar |
| | | |
| | Beheer verseker by lede in geheel | Beheer kan in groep aandeelhouers setel |
| | | |
| | Statuut kan voorsiening maak vir:<br>▪ Verpligte lewering<br>▪ Verpligte eenkanaalbemarking<br>▪ Geografiese of ander afbakening: d.w.s. uitskakeling van dubbele lidmaatskap en koöperatiewe mededinging | Kan nie sulke beperkings oplê om gevange mark te skep nie: vrye mededinging |
| | | |
| Hoofkenmerk / grondslag / dryfveer | Omset / besigheid / klandisie met koöperasie | Dividende en kapitaalgroei |
| | | |
| Probleem: botsing van belange | Lede is produsente, klante, sowel as aandeelhouers | Klante nie beperk tot aandeelhouers |

## 4.4. KING II VERSLAG

'n Paar jaar gelede was daar wêreldwyd 'n behoefte uitgespreek deur die algemene publiek, wetgewende en professionele instansies vir 'n riglyn oor organisatoriese verantwoordelikheid en –aanspreeklikheid van die bestuur van 'n ondememing. Die King Commitee (King, 2002) is daarom gestig om die verskillende aspekte van

korporatiewe beheer in die Suid-Afrikaanse konteks te ondersoek, en om 'n Kode van Etiek vir sakeondernemings te ontwikkel. Hierdie ondersoek was onderneem deur die sakesektor en was deur die Instituut van Direkteure in Suid-Afrika (IOD) geïnisieer. Korporatiewe Beheer omskryf die stelsel waardeur die verantwoordelikhede van ondernemings vasgestel, bestuur en gekontroleer word (King, 2002).

### 4.4.1. Inleiding

Die *King Report on Corporate Governance for South Africa – 2002* (King, 2002) (kortweg die King II Report genoem) is op 26 Maart 2002 vrygestel en vervang die eerste King Report wat in 1994 vrygestel is. Vroeëre definisies van korporatiewe bestuur was maar redelik eng soos blyk uit 'n verslag opgestel in 1994 in opdrag van die Toronto Stock Exchange in Kanada:

"A Corporate governance is the structure and the process used to direct and manage the business affairs of the corporation with the objective of enhancing shareholder value... (Loubser, 2005:1)"

Korporatiewe bestuur gaan egter nou al veel verder as net die maatskappy - aandeelhouer verhouding. Volgens Loubser (2005), stel Sir Adrian Cadbury dit as volg in 'n verslag vir die Wêreldbank in 1999:

"A Corporate governance is concerned with holding the balance between economic and social goals and between individual and communal goals... the aim is to align as nearly as possible the interests of individuals, corporations and society. (Loubser, 2005:1)"

Daar word nou al meer dikwels gepraat van die sogenaamde "triple bottom line" verslagdoening wat van maatskappye vereis word. Dit verwys na die feit dat 'n maatskappy nie net ekonomiese of finansiële verpligtinge het waaroor verslag gedoen moet word nie, maar ook verpligtinge ten opsigte van beskerming van die omgewing en sosiale verpligtinge teenoor die gemeenskap in die geheel, en ook hiervan moet verslag gedoen word. 'n Maatskappy se vertoning word dan gemeet aan die sukses op al drie

hierdie gebiede. In Suid-Afrika spesifiek word van maatskappye verwag om byvoorbeeld verslag te doen van hul HIV/Vigs beleid en ontwikkeling van menslike hulpbronne, veral van voorheen benadeelde individue (Loubser, 2005:1).

#### 4.4.2. Het landboumaatskappye so 'n verslag en die aanbevelings daarin vervat nodig?

Een van die belangrikste redes waarom Suid-Afrika wel die beginsels van goeie korporatiewe bestuur moet ontwikkel en bevorder, is globalisering. Internasionale beleggers kyk na meer as net individuele maatskappye - hulle wil weet dat daar 'n kultuur van goeie korporatiewe bestuur in 'n betrokke land is. Sigbare goeie korporatiewe bestuur is krities vir Suid-Afrika indien hy globale beleggers wil trek. Arthur Levett, die voormalige voorsitter van die Amerikaanse Securities and Exchange Commission het dit so opgesom (Loubser, 2005:1):

"If a country does not have a reputation for strong corporate governance practices, capital will flow elsewhere. If investors are not confident with the level of disclosure, capital will flow elsewhere. If a country opts for lax accounting and reporting standards, capital will flow elsewhere. All enterprises in that country - regardless of how steadfast a particular company's practices may be - suffer the consequences."

'n Landboumaatskappy is 'n gewone maatskappy wat 'n wins wil maak om sodoende dividende aan sy lede te kan uitbetaal. Buite beleggers vorm 'n baie belangrike bron vir die eie-kapitaal van 'n landboumaatskappy, en dit is dus noodsaaklik dat die ondernemings die bepalings van die King II verslag nakom, om sodoende goeie korporatiewe bestuur te kan toepas en 'n positiewe beeld te kan uitdra na die beleggers.

#### 4.4.3. Hoë risiko besigheid

Volgens (King, 2002) plaas die King II Verslag die verantwoordelikheid vierkantig op die skouers van die direksie van 'n maatskappy om sleutel risiko-areas van die besigheid te identifiseer en voortdurend die sogenaamde sleutel indikatore dop te hou vir tekens van

probleme. Die direksie moet ook in sy verslagdoening aan aandeelhouers uitdruklik die verantwoordelikheid vir die risiko-bestuur op hom neem en in besonderhede aandui hoe dit gedoen word. 'n Formele risikobepaling moet minstens een keer per jaar gedoen word. Veral in die landbousektor, met sy baie wisselvalighede is risikobestuur 'n noodsaaklike afdeling van die bestuursaktiwiteite.

#### 4.4.4. Direkteursvergoeding

Nog 'n aanbeveling in hierdie verband is dat maatskappye volledige inligting moet openbaarmaak van elke afsonderlike direkteur se vergoeding (King, 2002). Volle besonderhede moet verskaf word van salaris, aandele-opsies, "beperkte betalings" en alle ander voordele. Hierdie is 'n dramatiese verandering van die 1994 Verslag wat slegs vereis het dat die totale van verskillende klasse vergoeding betaal aan uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure, getoon moes word maar nie elke individuele direkteur s'n nie. Op daardie tydstip het die King I Verslag (King, 2002) spesifiek gemeld dat dit onnnodig geblyk het om elke individuele direkteur se vergoeding in detail te openbaar en te bespreek. 'n Verdere aanbeveling is dat die grootste deel van uitvoerende direkteure se vergoedingspakket uit prestasieverwante elemente behoort te bestaan sodat direkteure se belange en die van aandeelhouers in lyn met mekaar is. Direkteure behoort nie groot salarisse te kry as die maatskappy swak finansiële resultate het nie. Hierdie is 'n baie netelige kwessie, want die lede is baie vinnig om te verwys na die salarisse van die bestuur, veral as die onderneming nie na wense dividende kan uitkeer nie.

##### 4.4.4.1. Die konsentrasie van te veel mag in die hande van een persoon

Om die situasie te verhoed dat een persoon soveel mag in die maatskappy het dat hy/sy bykans onbeperkte bevoegdheid het om besluite te neem of ander direkteure te intimideer of te manipuleer, beveel die King II Verslag (King, 2002) sterk aan dat daar 'n skeiding moet wees tussen die rolle van voorsitter van die direksie en hoof-uitvoerende beampte. Die voorsitter moet verkieslik 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur wees. Sou daar besluit word om wel die rolle te kombineer in een persoon, moet die besluit in die maatskappy se jaarverslag regverdig word (Loubser, 2005:4). Omdat die direkteure

van 'n landboukoöperasie nie enige magte het nie, is dit nie 'n moontlike probleem nie. Alle besluite word deur die lede geneem.

#### 4.4.4.2. Toepassing en afdwinging

In die eerste King Verslag (King, 2002) is gestel dat die voorstelle bedoel is vir alle maatskappye wat op die Johannesburg Aandelebeurs genoteer is (soos dit toe was), groot publieke entiteite en quasi-staatsentiteite, banke, finansiële- en versekeringsentiteite en ongenoteerde maatskappye met aandeelhouersekwiteit van R50 miljoen of meer. Die King II Verslag, aan die anderkant, word van toepassing gemaak op maatskappye wat genoteer op die JSE Sekuriteitemark Suid-Afrika, banke, finansiële- en versekeringsentiteite en publieke sektor ondernemings en agentskappe (King, 2002). Alle ander maatskappye word egter aangemoedig om sover dit van toepassing mag wees, die beginsels van die Kode in ag te neem (King, 2002).

## 4.5. SLOT

In hierdie hoofstuk is 'n landboumaatskappy as onderneming met al sy funksies en voorwaardes bespreek. Daar is ook telkens 'n vergelyking getref tussen die werking van 'n landboumaatskappy teenoor die werking van 'n landboukoöperasie. Dat dit twee heeltemal verskillende ondernemingsvorme is, is duidelik. Om nou 'n keuse te kan maak oor watter ondernemingsvorm die beste sal wees vir die moderne boer, moet die bespreking van hoofstuk 3 en 4 in gedagte gehou word, terwyl in hoofstuk 5, wat handel oor die empiriese studie, die redes uitgewys word wat landboukoöperasies laat besluit het om van ondernemingsvorm te verander en landboumaatskappye te vorm. Daar moet tog redes wees vir so 'n groot stap, en dit kan dalk negatief wees vir die koöperasie as ondernemingsvorm. Negatiewe aspekte wat nie net so deur die blote oog waargeneem kan word as bogenoemde vergelyking bestudeer word nie. Aan die ander kant kan dit wees as gevolg van omstandigdhede, buite die beheer van die koöperatiewe sektor. Dit is dus belangrik om eers die volgende hoofstuk te lees, voor daar 'n besluit geneem word. Verder is daar ook nog die kwessie van die nuwe Koöperasiewet (14/2005) wat binnekort in werking gestel gaan word, wat sekerlik ook nog 'n invloed kan hê. Dit word in hoofstuk 6 ondersoek.

# HOOFSTUK 5: BEDRYFSONDERSOEK

## 5.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word verslag gedoen oor 'n praktiese ondersoek wat by verskeie landboumaatskappye en landboukoöperasies onderneem is. In die onderhawige studie word ondersoek ingestel na die faktore wat veroorsaak dat landboukoöperasies van ondernemingsvorm verander en landboumaatskappye vorm.

Ter aanduiding van die werkswyse wat in hierdie empiriese studie gevolg is, word eerstens gefokus op die navorsingsontwerp, waarna die afbakening van die studie en die metodes waarvolgens die data ingesamel en verwerk is, bespreek sal word.

## 5.2. NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp[2] is volgens Palys (1997:76) die opstel van 'n "werksplan" waarvolgens die navorser inligting kan insamel om die doelwit van die navorsing op 'n eenvoudige, elegante en sistematiese wyse na te streef. Die doel van die navorsingsontwerp "is om die betrokke navorsingsprojek sodanig te beplan en te struktureer dat die uiteindelike geldigheid van die navorsingsbevindinge verhoog word" (Mouton & Marais, 1992:35). Die kwaliteit van navorsingsbevindinge is direk afhanklik van die verantwoordbaarheid van die metodologie wat gevolg is (Mouton & Marais, 1992:198). Om te kan voldoen aan die eise van wetenskaplikheid moet die navorser verslag doen oor hoe hierdie navorsingsprojek beplan, gestruktureer en uitgevoer is.

### 5.2.1. Navorsingsonderwerp

Die navorsingsonderwerp in hierdie studie is *landboumaatskappye as onderneming in die lig van die nuwe koöperasiewet.*

---

[2] Die term "navorsingsontwerp" word in die studie in 'n ruimer sin gebruik as wat dit normaalweg in die metodologie handboeke gebruik word (par 5.2.6). Die begrip impliseer hier die voorafbeplanning en ontwerp van die hele navorsingsprojek. Dit dui dus op die navorsingsplan of bloudruk wat die navorsing gaan rig (Mouton & Marais, 1992:34,55).

### 5.2.2. Navorsingsprobleem

Die navorsingsprobleem wat empiries ondersoek word, is die volgende: "Wat is die redes waarom landboukoöperasies omskakel na landboumaatskappye ten einde te kan bepaal watter ondernemingsvorm die beste is vir die nuwe opkomende boer asook watter rol die nuwe Koöperasiewet, Wet 14 van 2005, hierin gaan speel?" Dit gaan in die studie dus oor die verandering en keuse van ondernemingsvorm en die invloed van die nuwe Koöperasiewet.

### 5.2.3. Navorsingsbenadering

In die sosiale wetenskappe word onderskei tussen twee navorsingsbenaderings, naamlik kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Die benadering wat gevolg is, het 'n kwalitatiewe dimensie. Kwalitatiewe data-ontleding word gekenmerk deur die konsepsionele manipulasie en verwerking van verbale, pleks van numeriese data (Dreyer, 1993:230,233,286).

## 5.3. AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Uit die volgende omskrywings van steekproef-populasies kan afgelei word dat enige navorsingsondersoek op die een of ander wyse afgebaken word. 'n Steekproef kan beskryf word as 'n groep individue wat vanuit 'n groter populasie geselekteer word by wyse van steekproeftrekking, waaruit die eintlike data vir die navorsing dan verkry word (Dyer, 1995:89). Die doel van 'n steekproef is om "in te staan" vir die populasie na wie ondersoek ingestel is. Die rede waarom 'n steekproef getrek word, is dat dit onmoontlik is om die hele populasie te ondersoek (Dyer, 1995:89).

### 5.3.1. Doelgerigte steekproef

In hierdie studie word meer spesifiek van 'n doelgerigte steekproef gebruik gemaak wat volgens Huysamen (1993:46) die belangrikste soort nie-waarskynlikheid-steekproef is. 'n Navorser gebruik gevolglik sy/haar ervaring of ondervinding om doelbewus proefpersone op só 'n wyse te bekom dat die verkreë steekproef verteenwoordigend van die betrokke populasie sal wees. Die belangrikste vereiste waaraan die steekproef moet

voldoen, is dat die betrokke persoon deel moes wees van die omskakelingsproses of eerstehandse inligting hier rondom moes besit.

Die enigste probleem met doelgerigte steekproewe is dat verskillende navorsers verskillend te werk gaan om een te bekom en dat dit onmoontlik is om te oordeel in watter mate hulle verteenwoordigend van die betrokke populasie is (Huysamen, 1993:36). Dit is juis om laasgenoemde probleem te voorkom dat hierdie ondersoek landbou-ondernemings (maatskappye en koöperasies) verteenwoordigend van verskeie groottes, kultuur en omstandighede ingesluit het. Met ander woorde, daar is ondersoek ingestel by landboukoöperasies/-maatskappye met 'n groot aantal lede/aandeelhouers asook by landboukoöperasies/-maatskappye met 'n baie kleiner aantal lede/aandeelhouers. Sommige koöperasies en maatskappye is gevestig in 'n gemeenskap met 'n groter persentasie ouer mense, met 'n meer tradisionele kultuur en wat nie regtig baie kennis het oor die nuwe ope markstelsels nie, en ander is weer gevestig in 'n meer moderne boerdery- omgewing. Daar is sover moontlik probeer om alle tipes maatskappye en koöperasies te besoek. Die aard van hierdie doelgerigte steekproef is om onderhoude met kundiges te voer, wat insette rakende die omskakelingskwessie, kan lewer.

## 5.4. DATA-INSAMELING

Data-insameling kan beskou word as die proses waarmee gegewens deur middel van waarneming verkry word. Aangesien motiveringsfaktore 'n kwalitatiewe begrip is en nie maklik syfermatig gemeet kan word nie, is daar besluit om van meervoudige metodes gebruik te maak om data in te samel om sodoende die geldigheid van die studie te bevorder en gevolglik 'n geldige verklaring vir die bevindings van die ondersoek te bied.

Die meervoudige konsep word deur Rosnow en Rosenthal (1996:13) beskryf as:
"In many areas of behavioral science, research has evolved since the early 1970's to embrace what is described as a multiplistic (or plurastic) viewpoint, that is, the use of multiple methods of observation and explanation instead of a single method of observation or a single theoretical perspective."

Die data-insamelingsmetode wat gebruik is, is *semi-gestruktureerde indiepte-onderhoudvoering*. Die semi-gestruktureerde of gerigte onderhoud word gebruik as die navorser reeds 'n aanduiding het van die belangrikste faktore wat 'n rol speel by die verskynsel wat hy of sy wil bestudeer. Chadwick *et al.*, (1984:104) meen dat gestruktureerde onderhoudvoering 'n reeks van dieselfde vrae bevat wat dan deur elke respondent beantwoord word. Die onderhoudvoerder begin die onderhoud daarom met vrae of onderwerpe waaroor hy of sy meer te wete wil kom (Mason, 1996:48-51). Die inhoud van die vrae word vooraf geformuleer in die vorm van 'n vraelys (Bylae B) en die navorser het dan 'n riglyn waarvolgens hy die onderhoud kan lei. Semi-gestruktureerde onderhoudvoering word veral deur kwalitatiewe navorsers gebruik en kan beskou word as "'n gesprek met 'n doel" (Mason, 1996:43).

'n Ander oorweging vir die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoudvoering is dat hierdie metode die voordeel bied om betreklik objektief te wees en terselfdertyd die onderhoudvoerder toelaat om 'n vollediger kennis van die respondent se menings en redes daarvoor te kry (Borg en Gall, 1989:452). Al die persone met wie onderhoude gevoer is, was entoesiasties en het nie gehuiwer om hul kennis en ervaring in hierdie ondersoek te deel nie. Daar kon duidelik afgelei word waarom hierdie persone bepaalde menings uitgeoefen het.

## 5.5. DATAVERWERKING

Die verwerking van data tydens 'n navorsingsprojek is amper belangriker as die insameling daarvan. In hierdie afdeling word die metode van verwerking wat in die studie gebruik, is asook die geldigheid daarvan verduidelik.

### 5.5.1. Data-ontledingsmetode

Aangesien die doel van die studie die generering van 'n substantiewe teorie is, word die *gefundeerde* of *gegronde* teorie-benadering as die data-ontledingsmetode in hierdie studie gebruik. "Grounded theory" is 'n kwalitatiewe navorsingsmetode wat in die vroeë sestigerjare ontwikkel is deur twee sosioloë, Glaser en Strauss (Strauss en Corbin, 1990). Van die bekendste maniere waarop die gegronde teorie-benadering tans in die praktyk toegepas word, is diè van Wester (1987), Wester en Peters (1995) en Strauss

en Corbin (1990). Genoemde teoretici maak elkeen op 'n eie en unieke wyse van gegronde teoretiese prosedures en tegnieke gebruik in die analisering van kwalitatiewe data. In hierdie studie sal die werkswyses van bogenoemde gebruik word.

Wester (1987:53-64) wys op die belang van vier stappe of fases in die proses van kwalitatiewe data-ontleding: (1) die **eksplorasie-fase** (waartydens die navorser vertroud raak met die navorsingsveld en konsepte en kategorieë identifiseer en formuleer); (2) die **spesifikasie-fase** (waartydens die kategorieë verder ontwikkel en met mekaar in verband gebring word); (3) die **reduksie-fase** (waartydens gesoek word na die kernkategorie en die onderlinge samehang van kategorieë verder uitgewerk, verfyn en gevalideer word); en (4) die **integrasie-fase** (die finale uitwerking van die teorie aan die hand van die kernkategorie).

Die oorgang van een fase na die volgende word gekenmerk deur die sogenaamde versadigingskriterium: wanneer geen nuwe data in 'n bepaalde fase ingewin kan word nie, word oorgegaan na die volgende fase (Wester, 1987:53). Oorvleueling en wisselwerking tussen die verskillende fases vind egter gedurig plaas (Wester & Peters, 1995:117-118).

### 5.5.2. Semi-gestruktureerde vraelys

In die werklike onderhoudvoering van hierdie studie is gebruik gemaak van 'n vraelys. Die vraelys is egter in so 'n formaat opgestel dat dit meer 'n gesprekvoering is as 'n vraag en antwoord sessie. Die vrae dien slegs as riglyn om die onderhoud gestruktureerd te hou en dieselfde doelwit te bereik met elke onderhoud. Die vraelys vervul 'n baie belangrike funksie, aangesien die werk wat dit geverg het om te ontwikkel, verseker dat die navorser nie as 'n onbevoegde gespreksgenoot voorkom nie (Huysamen, 1993:149).

Die vraelys bestaan uit vier afdelings, bestaande uit die belangrikste faktore verantwoordelik vir maatskappyvorming wat in die literatuurstudie (hoofstuk 3 en 4) vooraf geidentifiseer is. 'n Sewe-punt Liekert skaal gebaseer op die basiese beginsels van SERVQUAL (Parasuman *et al*, 1985) is gebruik waar die respondent aandui hoe belangrik die betrokke faktor is in die keuses rondom die verandering van

ondernemingsvorm vir 'n besigheid. Elke faktor is ook volledig bespreek om 'n duideliker idee te gee wat die respondent se denkwyses hier rondom is. Die uitslae van die vraelyste sal volledig in afdeling 5.7. bespreek word.

## 5.6. GELDIGHEID VAN DIE STUDIE

Een van die metodes om vas te stel of 'n ondersoek aan basiese wetenskaplike vereistes voldoen het ten tyde van enige navorsingsprojek, is om na die metodologiese werkswyses te kyk. Hiermee kan bepaal word of sekere basiese empiriese riglyne soos die geldigheid, betroubaarheid en etiese beginsels deel uitmaak van die ondersoek.

Plug et al. (1993:87) omskryf empiries as "'n Term wat dui op iets soos byvoorbeeld kennis wat op waarneming en ervaring berus eerder as op spekulasie alleen".

Wat navorsing betref, voer Plug et al. (1993:87) aan dat "empiries" verwys na alle metodes waarvolgens kennis deur middel van waarneming ingesamel word, of om teorieë en hipoteses deur middel van waarneming te toets. Om die geldigheid van hierdie navorsing te bevorder was dit die hoofdoel om in die ondersoek aan empiriese vereistes te voldoen. Dit is juis om hierdie rede dat daar van meervuldige metodes tydens die insameling van inligting gebruik gemaak is. Twee belangrike aspekte wat deel vorm van empiriese navorsing wat nou bespreek gaan word, is diè van geldigheid en betroubaarheid.

### 5.6.1. Geldigheid

Geldigheid vorm die hoeksteen van empiriese navorsing. McMillan en Schumacher (1997:404) definieër geldigheid in kwalitatiewe navorsing as volg: "...validity of qualitative designs is the degree to which the interpretations and concepts have mutual meanings between the participant and the researcher."

Geldigheid in kwalitatiewe navorsing beantwoord dus die volgende vrae: "Meet die navorser regtig dit wat hy/sy dink hulle meet met die navorsing?" en "Hoor die navorser regtig dit wat die respondente probeer sê?" Die feit dat onderhoude gevoer is met persone betrokke by die omvorming, nie net as lid nie, maar as deel van die besigheid

se bestuur, bevorder die geldigheid van hierdie studie. Geldigheid word in twee onderafdelings verdeel:

- Interne geldigheid en
- Eksterne geldigheid

**5.6.1.1. Interne geldigheid**

Interne geldigheid is die graad waartoe die verduidelikings oor die gebeure tydens die navorsingsproses, ooreenstem met dit wat in die werklike lewe gebeur (McMillan en Schumacher, 1997:404). Die interpretasies van die navorsing behoort dieselfde betekenis vir die navorser sowel as die respondente te hê. Omdat daar van onderhoudvoering gebruik gemaak is in plaas van net 'n gewone vraelys wat voltooi is, kon verseker word dat die respondente reg verstaan en elke feit is deeglik deurgesels voordat daar na 'n volgende oorgegaan is.

**5.6.1.2. Eksterne geldigheid**

Eksterne geldigheid in kwalitatiewe navorsingsontwerpe poog nie om die navorsingsresultate te veralgemeen nie. Die doel is eerder om die navorsingsresultate uit te brei sodat ander in soortgelyke omstandighede die resultate sal kan interpreteer en gebruik (McMillan en Schumacher, 1997:411). Omdat elke onderneming wat besoek was in 'n ander omgewing was en elk unieke kultuur en omstandigdhede het, was veralgemening nie 'n moontlikheid nie.

**5.6.2. Betroubaarheid**

Betroubaarheid het te make met die stabiliteit en konsekwentheid van meting (Hagan, 2000:282). Volgens McMillan en Schumacher (1997:178) verwys betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing na die konsekwentheid van die navorser se metode van meting, data-insameling en die interpretasie van die data wat vanaf die deelnemers verkry is. Dit beteken dat indien ander navorsers dieselfde navorsing uitvoer, hulle dieselfde resultate en uitkomste sal kry, mits die navorsing betroubaar was. Weereens help die feit dat dieselfde vrae aan verskillende respondente gevra is en dat die respondente

intensief betrokke was of is by die ondersoekende studieveld, dat die studie as betroubaar beskou kan word. Indien 'n volgende navorser in dieselfde veld navorsing sou doen, sou hul dieselfde gevolgtrekkings kon maak.

## 5.7. ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN DATA

12 Respondente, waarvan almal uitvoerende direkteure of bestuurslede van verskeie landboukoöperasies en landboumaatskappye is, is besoek. Aangesien streng vertroulikheid aan die respondente van die onderhoude beloof is, gaan hier slegs verwys word na "respondent" en nie die betrokke persoon se naam genoem word nie. Landboukoöperasies, wat besluit het om nie te omvorm na 'n landboumaatskappy nie, is besoek asook landboumaatskappye wat wel omvorm het. Onder die landboumaatskappye was daar maatskappye met 'n groot ledetal, maatskappye met 'n kleiner ledetal, maatskappye wat op die aandelebeurs genoteer is, en ander wat nie op die beurs genoteer is nie. Daar is landboumaatskappye besoek wat wel omgeskakel het, maar nog steeds funksioneer soos 'n landboukoöperasie. Daar is onderhoude gevoer met landboumaatskappye en landboukoöperasies van verskillende kulture. Sommiges het nog 'n groot getal "ouer-geslag" lede wat nie vertroud is met die nuwe Safex en ope mark beleide nie, maar nog glo dat sy landboukoöperasie verantwoordelik moet wees dat hy geld kry vir sy produkte. Ander fokus weer meer op die nuwe-era lede of aandeelhouers wat meer uit 'n besigheidsoogpunt na die rol van hul landboukoöperasie of landboumaatskappy kyk.

Die inligting ingewin deur middel van die vraelyste, sal nou weergegee word. Dit sal volgens die afdelings soos dit verskyn in die vraelys (Bylae B), hanteer word. Daar word eers verduidelik waarom elke vraag gevra is, en dan word 'n stukkie agtergrond oor die bepaalde faktor gegee. Die respondente se reaksie word dan op 'n gesamentlike grafiek getoon, met kommentaar na elke grafiek, waarna 'n algemene gevolgtrekking rakende die spesifieke afdeling gemaak sal word.

### 5.7.1. Afdeling A: Polities

Afdeling A wat handel oor die makro-veranderinge of dan die politieke oorsake tot omvorming, het oor die algemeen baie kommentaar van die respondente uitgelok. In die afdeling is gepoog om te bepaal watter invloed die nuwe regering, met alles wat daarmee saamgaan, op die landboukoöperasies gehad het ten tye van omvorming. Onder die afdeling is vyf hoofpunte aangeraak, naamlik (i) 'n algemene benadering, (ii) die invloed van die LAPC (Land and Agricultural Policy Centre), waaroor later meer uitbegrei sal word , (iii) die rol van die Landbank, (iv) die deregulering van bemarkingsrade en (v) die moontlike oorname van die koöperasies se silo's deur die staat.

#### 5.7.1.1. Agtergrond

Die nuwe staatkundige bedeling van 1994 was die grootste enkele bedreiging vir Suid-Afrikaanse landboukoöperasies. Vroeër jare het landbou 'n baie simpatieke oor by die regering gehad. Landbou was ook goed verteenwoordig op regeringsvlak, deurdat baie boere parlementslede was. Die "Land and Agricultural Policy Centre" (LAPC), destydse hoofadviseurs van die nuwe regering, het kort na hul aanstelling koöperasies ondersoek en 'n verslag uitgebring. Die verslag "The Role of Agricultural Co-operatives in Agricultural and Rural development after apartheid" (Lourens, 1996:1) het bepaal dat alle groot Blanke landboukoöperasies moes omskakel na maatskappye (Lourens, 1996:1). Hulle was nie gedwing nie, maar is gewaarsku dat hulle nie meer die voordele van die Koöperasiewet sou kry nie, want die regering poog om die nuwe ontwikkelende boere te ondersteun. Die LAPC het ook aangekondig dat regeringsbystand in die landbousektor hoofsaaklik op die opkomende kleinboere gemik gaan word, terwyl subsidies en bystand aan Blanke landboukoöperasies uitgefaseer gaan word (Lourens, 1996:1).

Binne die maatskappyvorm kan die staat nie die eiendomsreg aantas nie. Sou hulle dit probeer, tas hulle die internasionale maatskappyreg aan en sal die wêreld daarop reageer. Die rede hiervoor is dat baie buitelandse beleggers baie geld belê het in baie van die land se maatskappye. Groot geld was reeds deur verskeie buitelandse beleggers in Suid-Afrikaanse maatskappye belê. Indien die regering nou aan die

wetgewing en bepalings sou verander, was daar 'n moontlikheid dat diè beleggers kan *onttrek met* die gevolg dat die land se ekonomie benadeel sou word. Onder die maatskappyvorm, kon ook baie makliker alliansies met groot buitelandse maatskappye aangegaan word (Lourens, 1996:1).

Deregulering van bemarkingsrade het plaasgevind (kyk par.2.2.2.6.). Hierdie is 'n kwessie wat baie opskudding in die boere gemeenskap veroorsaak het. Waar die boer altyd net kon plant en geweet het hy sal 'n goeie prys vir sy graan kry, is daar nou 'n vrye mark stelsel waar die boer nou self sy pryse vir sy graan op 'n kontrak moet vasteken.


In die vraelys (kyk Bylae B) is daar vrae aan die respondente gestel, waar daar 'n punt uit 7 gegee is vir die relevansie van die spesifieke feit of stelling by die keuse van 'n verandering van ondernemingsvorm al dan nie. As die respondente se reaksie op grafieke aangetoon word, lyk dit soos volg:

### 5.7.1.2. Resultate van die gestruktureerde onderhoud

- Vraag 1. Hoe groot rol het die nuwe regering in u besluit rondom maatskappyvorming gespeel?

**GRAFIEK 5.1:**


INVLOED VAN DIE REGERING



60% Van die respondente het 'n punt van 6 uit 7 of 7 uit 7 gegee vir algemene politieke redes as oorsaak tot omvorming. Van die respondente wat wel 'n kleiner gewig hieraan toegeken het, is óf klein landboukoöperasies wat nie baie reserwes gehad het wat hul moes beskerm nie, óf om ander redes glad nie 'n verandering van ondernemingsvorm oorweeg nie. Respondent 2 het verduidelik dat onsekerheid en onkunde rakende die nuwe regering van die grootste oorsake was. Niemand het geweet wat die toekoms inhou nie en soos verduidelik in die par.5.7.1.1., was die reserwes opgebou in landboukoöperasies veiliger onder die maatskappyreg, want binne die maatskappyvorm kon die staat nie die eiendomsreg aantas nie.

- Vraag 2. U was seker ook bekend met die "Land and Agricultural Policy Centre" se invloed in die landbou na die nuwe regering aan bewind gekom het. Wat is u mening rondom die beleid en hoe groot invloed het dit gehad op u besluit tot omvorming?

**GRAFIEK 5.2:**
LAPC BELEID





Die "Land and Agricultural Policy Centre" (LAPC) se verslag het aanbeveel dat groot Blanke landboukoöperasies moes oorskakel na landboumaatskappye. Dit was omrede regeringsbystand in die landbousektor hoofsaaklik op die opkomende kleinboere gemik gaan word, terwyl subsidies en bystand aan Blanke landboukoöperasies uitgefaseer

gaan word. Dit het gemengde reaksie van die respondente uitgelok. 60% Van die respondente stel dat hierdie verslag 'n redelike belangrike rol gespeel het en die bestuur omvorming laat oorweeg het, terwyl die res geglo het dit was slegs dreigemente en hulle nie daaraan gesteur het nie. Respondent 4 meld dat hulle nie gedreig is deur die verslag nie, aangesien hul 'n te klein landboukoöperasie was.

- Vraag 3. Ook die Landbank het saam met die nuwe regering 'n nuwe beleid gehad wat gedreig het om groot Blanke landboukoöperasies nie meer soveel finansiële hulp as vroeër te bied nie, maar eerder te fokus op nuwe opkomende landbou en die vestiging van kleinboere. Hoe het dit u besluit beïnvloed?

**GRAFIEK 5.3:**

LANDBANK SE INVLOED





Gerugte van die afskaling van die Landbank se finansiële hulp aan groot Blanke landboukoöperasies en die verskuiwing van hul fokus na nuwe opkomende landbou en die vestiging van kleinboere, was rede tot kommer vir slegs 20% van die respondente. Respondent 3 het verduidelik dat die Landbank afhanklik is van kommersiële landboumaatskappye om geld te kan kry om weer aan opkomende boere te kan leen. Sy opinie was dat die landboukoöperasies sonder die Landbank kon klaarkom en nie vice versa nie.

- Vraag 4. Deel van die bekommernisse wat saam met die nuwe beleide en regering gekom het was die moontlike deregulering van bemarkingsrade. Het dit enige invloed gehad op u onderneming se besluite in die tyd en indien wel, in hoe 'n mate?

**GRAFIEK 5.4:**


DEREGULERING VAN BEMARKINGSRADE




Die deregulering van bemarkingsrade het egter 'n groot invloed gehad en vir 60% van die respondente was dit 'n groot rede tot besinning en keuse tot omvorming. Respondent 3 sê dat die deregulering van bemarkingsrade eerder 'n invloed gehad het op die landbouprodusente, en dus indirek op die landboubesighede, want as die produsente nie finansieel en kommersieel kon oorleef nie, dan het dit weer 'n invloed op die besigheid van die landboukoöperasies en word dit dus ook hul probleem. As 'n landboumaatskappy was dit makliker om die produsente te help met die bemarking van hul produkte, aangesien 'n maatskappy makliker alliansies met groter buitelandse maatskappye kon aangaan.

- Vraag 5. Die regering het ook gedreig om die silo's wat vroeër jare met staatshulp opgerig is, oor te neem. In hoe 'n mate het die dreigemente u koöperasie beïnvloed, veral met die oog op die omvormingsbesluite?

**GRAFIEK 5.5:**
INVLOED VAN DIE SILO'S




Slegs 20% van die respondente het gevoel dat die dreigement van die regering om die *silo's - wat vroeër jare met staatshulp opgerig is - oor te neem, 'n rol gespeel het in die* omvormingskwessie. Een respondent het verduidelik dat die regering geen grond gehad het om op te staan om sommer net die silo's te kon oorneem nie. Die hulp het gekom van vroeër jare se regerings- en staatsubsidies, wat die huidige regering nie sommer net kon terugvat nie. Dit was dus slegs 'n dreigement wat nie baie landboukoöperasies beïnvloed het nie.

### 5.7.1.3. Gevolgtrekking

Die algemene afleiding wat gemaak word, is dat die nuwe regering aan bewind, tesame met die anti-apartheidsbeleide rondom 1994 en daarna, 'n beduidende rol gespeel het in landboukoöperasies se keuse van ondernemingsvorm. Daar is egter ook gemeld dat baie van die bekommernisse ongegrond en onnodig was, maar onsekerheid was aan die orde van die dag en niemand kon presies bepaal wat die besluite van die regering in die toekoms vir landboukoöperasies sou inhou nie.

### 5.7.2. Afdeling B: Sake-oorwegings

Hierdie afdeling handel oor die kapitaalverhouding van 'n landbou onderneming. Enige onderneming het 'n gesonde finansiële struktuur nodig om hom in staat te stel om sy doel te verwesenlik en die omvorming vanaf 'n landboukoöperasie na 'n landboumaatskappy hou 'n moontlikheid van kapitaalontginning in. Hier is ondersoek of die landboukoöperasies oorweeg het om landboumaatskappye te vorm, omrede dit later geblyk het dat daar 'n moontlike ontsluiting van vasgelegde kapitaal daaruit kon voortvloei.

#### 5.7.2.1. Agtergrond

Indien die Landbank as hooffinansier buite rekening gelaat word, het landboukoöperasies beperkte bronne van finansiering en is lede die belangrikste bydraers van kapitaal in die vorm van aandele, heffingsfondse en bonusfondse (Van Rensburg, 1995:5). Al hierdie bogenoemde bronne is egter op sekere stadiums terugbetaalbaar en word dus nie as permanente kapitaal gesien nie. Die enigste vorm van werklike permanente kapitaal waaroor landboukoöperasies beskik, is hul reserwes (Van Rensburg, 1995:5).

'n Groot probleem vir landboukoöperasies is 'n tekort aan eie kapitaal. Geleende kapitaal is beskikbaar, bv. by die Landbank, maar vir 'n gesonde kapitaalstruktuur behoort die verhouding ten minste 75:25 te wees ten opsigte van eie teenoor geleende kapitaal (Lourens, 1996:2). 'n Swak kapitaalstruktuur kan die volgende veroorsaak:

- Hoë rentelas.
- Swak leningsbevoegdheid.
- Hoë risiko – hoe swakker eie kapitaalverhouding, hoe groter is die finansiële risiko vir die ondememing, indien 'n swak jaar in byvoorbeeld ramp oesjare voorkom.

Geleende kapitaal veroorsaak verder ook 'n groot rentelas vir die landboukoöperasie. Die vereiste om voldoende eie kapitaal op te bou, is belangrik vir die langtermyn oorlewing van enige landboukoöperasie, anders sal die koöperasie verplig word om die


pryse van sy produkte te verhoog om skulde te kan delg. Dit kan weer veroorsaak dat die onderneming nie meer mededingend sal wees nie. Daar is slegs geringe moontlikhede, soos bv. afkomstig van die lede self, om kapitaal binne die koöperatiewe ondernemingsvorm op te bou. Dit is logies as gevolg van die feit dat dit nie gegrond is op winsbejag nie. Betekenisvolle nuwe eie kapitaal kan egter nie deur aandelekapitaal in 'n koöperasie verwerf word nie. Indien die ledefondse van 'n landboukoöperasie gekapitaliseer word, vind daar 'n mate van kapitaalontginning plaas. Die ledefondse (soos verduidelik in par.3.3.3.7.4.) is geld wat die koöperasie indirek aan sy lede skuld. Indien diè fondse gekapitaliseer word, word hulle omgesit in aandele wat die lid dan outomaties kry in die nuutgevormde landboumaatskappy. Op die manier lyk die balansstaat van die onderneming aansieklik beter as voor die omvorming.

### 5.7.2.2. Resultate van die gestruktureerde onderhoud

- Vraag 6. Hoe groot rol het kapitaalontginning gespeel in u keuse tot omvorming al dan nie?

**GRAFIEK 5.6:**

KAPITAALONTGINNING




Uit Grafiek 5.6 kan afgelei word dat die mening hier rondom baie wisselvallig was. Tog het 50 % van die respondente gemeen dat dit 'n baie belangrike rede tot omvorming was. Respondent 2 stel dat daar duidelik onderskeid getref moet word tussen

kapitaalontginning en kapitaalaantrekking. Eersgenoemde is wanneer ledefondse gekapitaliseer word en omgesit word in aandele. Kapitaalaantrekking daarenteen is sekere stappe wat geneem word deur die bestuur soos byvoorbeeld notering op die beurs of die uitreiking van nuwe aandele om sodoende nuwe kapitale beleggers te lok. Van die respondente wat 'n lae punt hiervoor gegee het, stel dit dat hulle glad nie die ledefondse of ledebelange soos party dit noem, omgeskakel het in aandele nie. Hulle het genoeg kapitaal gehad as 'n landboukoöperasie om al hulle ledefondse uit te betaal, en dan aandele uit te reik en die boere kon self besluit of hulle weer aandele in die nuwe landboumaatskappy wou bekom al dan nie.

Die doel van vrae 7 en 8 van die vraelys was om te bepaal of die omvorming wel die besigheid se kapitale welstand verbeter het al dan nie.

- Vraag 7. Wat was u eie:vreemde kapitaalverhouding voor omvorming en het dit enigsens verbeter?
- Vraag 8. Wat was u skuldverhouding voor omvorming en het dit verbeter?

Landboukoöperasies wat hul ledefondse gekapitaliseer het, se balansstate het aansienklik beter gelyk na omvorming, terwyl die wat dit nie gedoen het nie, en hulle ledefondse uitbetaal het, meld dat hul kapitaal- verhouding verbeter het as gevolg van verhoogde winsgewendheid en verbeterde investeringstrategieë. Respondent 4 stel dat hul skuldverhouding na omvorming verbeter het omrede hul weer terugbeweeg het en gefokus het op die kern van hul besigheid en baie takke soos garages en kruidenierswinkels, toegemaak het. Omdat hul dus nou baie marginale koste uitgeskakel het, beteken dit dat hulle kontant ontsluit het.

### 5.7.2.3. Gevolgtrekking

Ongeveer 50% van die respondente toon dat landboukoöperasies 'n tekort aan eie kapitaal gehad het, en omvorming 'n oplossing kon bied vir die probleem. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat sommige landboukoöperasies wel omgeskakel het omrede hulle 'n kapitale voordeel daaruit kon kry, terwyl 'n klein persentasie nie as gevolg hiervan omvorm het nie, maar wel na omvorming die voordeel hiervan geniet het.

### 5.7.3. Afdeling C: Ledebelang

Die doel van afdeling C was om te bepaal watter rol die ontsluiting van waarde tydens besluitneming tot maatskappyvorming gespeel het. Die verhoging in sekuriteitstatus en groter likiditeit wat hiermee gepaard gaan, is ook aangespreek, om te bepaal of dit 'n moontlike oorsaak kan wees vir maatskappyvorming. Die respondente moes weer 'n punt uit sewe gee vir die sterkte wat elke faktor hul besluite beïnvloed het. Weereens word die reaksies ook geplot op grafieke.

#### 5.7.3.1. Agtergrond

Die kliënte van enige onderneming is belangrik vir sy voortbestaan. Die voordele wat die onderneming en in diè geval die landboukoöperasie, vir sy lede inhou, is ook baie belangrik. In sommige kringe word beweer dat die lede van 'n landboukoöperasie die koöperasie beheer, maar nie besit nie. Die rede vir hierdie stelling is hoofsaaklik omdat die waarde van aandele in 'n landboukoöperasie nie in waarde toeneem soos wat sy reserwes groei nie, en 'n lid wat sy lewe lank help bou aan 'n finansieel gesonde onderneming, by sy uittrede slegs die nominale waarde van sy aandele terugkry (Van Rensburg, 1995:2). "In die koöperatiewe ondernemingsvorm is die reserwes van die landboukoöperasie eienaarloos" (Anon, 1996:4). Indien die landboukoöperasie na 'n landboumaatskappy omgeskakel word, kan daar onmiddelike ontsluiting van die waarde van die reserwes plaasvind.

Gestel landboukoöperasie X is gewaardeer vir R850 miljoen en het ledefondse van R250 miljoen. Die reserwes wat opgebou is word gewaardeer op R450 miljoen, dit wil sê die boekwaarde is R700 miljoen. Indien daar vir die lede R1.00 aandele uitgereik word vir elke R1.00 ledefondse deur hul gehou, beteken dit dat elke R1.00 aandeel onmiddellik na omskepping R2.80 (700 000/250 000) werd is. Indien van die aandele egter vrylik kan verhandel en dit verhandel volgens markwaarde van landboukoöperasie X, sal elke R1.00 aandeel egter R3.40 (850 000/250 000) werd wees. Die waardeontsluiting behoort dus ten minste R1.80 te wees maar kan selfs R2.40 wees (Anon, 1996:4).

Die waardeontsluiting uit reserwes bied ook verskeie opsies aan die lede. Dit verhoog die sekuriteit van alle lede met die oog op kredietaansoeke. Sommige lede wat finansiële probleme het, se posisie kan eweneens ook verlig word, deurdat hulle kan besluit om hulle aandele aan ander lede te verhandel en hulle kontantposisie te versterk (Anon, 1996:4).


#### 5.7.3.2. Resultate van die gestruktureerde onderhoud

(Vraag 9 word in par.5.7.4.5. bespreek)

- Vraag 10. Volgens kundiges het landboumaatskappye sekere voordele bo landboukoöperasies. Dui by elk van die volgende op 'n skaal van 1 tot 7 (waar 1 = uiters swak of geen invloed en 7 = baie sterk), hoe sterk die volgende moontlike voordele u besluite beïnvloed het:


**GRAFIEK 5.7:**

VERHANDELBAARHEID VAN AANDELE




**GRAFIEK 5.8:**

VERHOOGDE SEKURITEITSTATUS





**GRAFIEK 5.9:**

GROTER LIKIDITEIT DEUR VERKOOP VAN AANDELE




GRAFIEK 5.10:

KAN DEEL IN TOEKOMSTIGE WAARDEGROEI VAN DIE ONDERNEMING




GRAFIEK 5.11:

DIE ONTSLUITING VAN RESERWES




### 5.7.3.3. Gevolgtrekking

Indien bostaande grafieke bestudeer word, is dit sigbaar dat elkeen van hierdie faktore 'n beduidende rol gespeel het. Daar kan dus 'n duidelike gevolgtrekking gemaak word dat ledebelang wel 'n groot en belangrike rol speel in die keuse tot verandering in ondernemingsvorm. By elk van bogenoemde faktore het meer as 60% van die respondente 'n baie hoë punt gegee en heg hulle dus groot waarde aan die voordele wat omvorming na 'n landboumaatskappy vir hulle kan bied in die lig van ledebelang. Al 5

bogenoemde voordele spreek eintlik vir hulself. Lede kry verhoogde sekuriteitstatus want hul aandele is meer werd. As gevolg van die verhandelbaarheid van hul aandele is hul likiditeit ook groter, want hul aandele kan vinnig omgesit word in kontant. Anders as in die koöperatiewe vorm kan hul aandele se waarde ook nou groei, so hoe beter die maatskappy presteer, hoe hoër word die waarde van hul aandele. Die ontsluiting van reserwes kan ook gesien word as 'n baie groot rede tot omvorming. Soos verduidelik in die agtergrond (par.5.7.1.1.), bied dit nie net 'n oplossing vir die vrese dat die regering dalk op die opgesluite reserwes wat voorkom in landoukoöperasies beslag kan lê nie, maar bied ook baie kapitale voordele as gevolg van die reserwes wat ontsluit word in die proses van omvorming.

### 5.7.4. Afdeling D: Algemeen

Behalwe vir die spesifieke vrae wat onder spesifieke afdelings hanteer is, is daar nog 'n verskeidenheid ander vrae gevra, met die doel om 'n algemene oorsig van enige ander moontlike faktore wat 'n rol in die keuse rondom maatskappyvorm kon gespeel het. Die vrae is egter nie van so 'n aard dat 'n punt daaraan toegeken kan word nie, aangesien dit meer besprekingsvrae is. Dit word nie elkeen apart behandel nie en slegs die belangrikstes wat 'n beduidende rol speel, sal uitgelig word. Dit sluit in onder andere:

#### 5.7.4.1. Kruissubsidiëring

Lede wat goeie ondersteuning op sekere punte aan die landboukoöperasie verleen, subsidieer lede wat moontlik nie in staat is om op ander punte dieselfde ondersteuning te bied nie. Kruissubsidiëring kom voor tussen bedryfspunte sowel as kommoditeite wat deur lede aangekoop of deur die landboukoöperasie verkoop moet word (Anon, 1996:6). Gestel 3 lede stig 'n koöperasie, met ander woorde hulle koöpereer hulle geld, idees en entoesiasme om gesamentlik 'n doel te kan bereik. Hulle gee dus almal 'n klein deel, om dan gesamentlik iets groters te kan bereik. 'n Tydperk gaan verby en lid A het al 'n stewige boerdery vir hom opgebou. Lid B se boerdery is nie baie suksesvol nie, en hy steun ekstra baie op die hulp van die koöperasie. Lid A wat nou finansieel sterk is, moet dus nou vir lid B dra, as gevolg van die koöperatiewe samewerkingsooreenkoms wat daar tussen hulle is. Dit veroorsaak baie konflik tussen die lede. Lid A voel nou hy het wel die koöperasie nodig om hom te help, maar hy/sy is nie baie gelukkig dat lid B, wat

nie dieselfde hoeveelheid insette lewer nie, dieselfde voordele by die koöperasie geniet. Dieselfde begrip geld by kruissubsidiëring van handelstakke. 'n Landboukoöperasie besit handelstakke in streek A en streek B. Streek A se handelstak is baie winsgewend terwyl die tak in streek B 'n verlies ly. Die landboukoöperasie kan nie nou sommer net die tak in streek B toemaak nie, as gevolg van die feit dat daar bv. 60% van sy lede in streek B kan bly, en hulle steun op die winste wat in streek A gegenereer word, en sal nie toelaat dat die tak toegemaak word nie. Dit is dan die hele idee van die koöperatiewe opset: om almal saam te staan sodat elke lid, finansieel sterk of nie, deur middel van die een-man-een-stem beleid (kyk par. 3.3.3.8.) gelyke voordeel kan trek.

Onder die maatskappyvorm bestaan hierdie kruissubsidiëringskonsep nie, en indien die handelstak in streek B nie winsgewend genoeg is nie, word dit summier toegemaak. Hierdie hele subsidiëringskonsep is positief vir al die lede met die stigting van die koöperasie, maar soos sommige lede sterker word as ander, gee dit aanleiding tot onderlinge ontevredenheid by lede oor bv. die bonusverdeling. Die omskakeling na 'n maatskappy kan dan ook hierdie probleem oplos, aangesien daar glad nie kruissubsidiëring by landboumaatskappye voorkom nie.

### 5.7.4.2. Ondernemingskonflik

Landboukoöperasies word deur hulle lede opgerig sodat die landboukoöperasies 'n spesifieke ekonomiese diens aan hulle kan verskaf. As oprigters en aandeelhouers van die landboukoöperasie is die lede ook die "eienaars" van die koöperasies. Hierdie besondere verwantskap het dikwels tot gevolg dat daar konflik tussen die diens- en winsmotief ontstaan. Daar ontstaan konflik want die lede verlang enersyds die beste diens en die laagste pryse vir hulle insette. Aan die ander kant verwag hulle ook die hoogste pryse vir hulle graan, asook die hoogste moontlike bonus op alle omsette (Anon, 1996:7).

Die landboukoöperasie moet wins maak sodat die wins as reserwes kan vestig en die landboukoöperasie daardeur sy kapitaalstruktuur kan verbeter (Van Rensburg, 1995:8). Die wins word hoofsaaklik ten koste van sy lede gemaak, aangesien die grootste deel van die landboukoöperasie se transaksies bestaan uit ledebesigheid. 'n Genoteerde landboumaatskappy daarenteen het op die langtermyn slegs een doel en dit is om die

maksimum wins te maak en sodoende in staat te wees om sy aandeelhouers met 'n dividend te diens en te groei. Die wins word egter hoofsaaklik gegenereer uit transaksies met onverbonde partye (Van Rensburg, 1995:8).

### 5.7.4.3. Ledebeheer

Van die belangrikste faktore wat in ag geneem moet word in die besluit tot omvorming al dan nie, is ledebeheer. In beide ondernemingsvorme wil die lid, of dan die aandeelhouer, die beheer oor die onderneming behou. (Kyk par.4.3.3.12. wat bedoel word met beheer.) Die redes hiervoor is dat indien die lede die beheer verloor, en 'n buite instansie of persoon neem beheer oor die landboumaatskappy oor, kan hulle die direkteure afdank en 'n hele nuwe raad van direkteure aanstel. Die nuwe bestuur mag dalk heeltemal ander doelstellings vir die onderneming in gedagte hê, wat dalk nie meer die boere se belange op die hart gaan dra nie. Die boere glo ook dat as hulle die silo's verloor, hulle nie meer 'n bedingbare prys vir hulle produkte gaan kry nie.

In die geval van 'n koöperasie as ondernemingsvorm voel die lid hy het meer beheer oor die onderneming, as gevolg van die "een man een stem" beleid (kyk par.3.3.3.8.). By 'n landboumaatskappy het 'n aandeelhouer soveel stemme as wat hy aandele besit. Buite-beleggers kan dus 50%+1 of meer van die maatskappy se aandele opkoop en so beheer oor die maatskappy oorneem. Dit kan egter voorkom word deur onder andere blokbeheer toe te pas (kyk par. 4.3.3.12.).

### 5.7.4.4. Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking wat hier gemaak word is dat landboukoöperasies bang was dat hulle beheer aan buite-beleggers sou moes afstaan indien hulle omvorm na 'n landboumaatskappy, en dit het hulle baie laat twyfel. Hulle het egter ook besef dat daar verskeie maniere was om tog beheer te behou, waaronder blokbeheer soos hierbo verduidelik. Een respondent het verduidelik dat die bestuur van die landboumaatskappy alles in hul vermoë doen om beheer te behou, maar dat dit tog nie vir altyd moontlik sal wees nie. Hy meen dat die aandeelhouer/boer ouer word, en met afsterwe die aandele nalaat vir sy kinders. Dit kan wees dat dit 'n dogter is, wat glad nie in die boerdery belangstel nie en getroud is met 'n man uit bv. Frankryk. Hulle kinders erf weer die aandele en waar die landboumaatskappy eers beheer was deur 'n eie

boeregemeenskap, is daar nou buitelanders met aandele wat geen belang daarin het nie. Maar volgens die respondent is die verandering van ondernemingsvorm 'n keuse wat gemaak word en dan moet gevolge maar gedra en hanteer word soos dit kom. 'n Verdere aspek wat groot kopseer veroorsaak in enige onderneming is ondernemingskonflik, wat vandag nog 'n probleem is vir beide landboukoöperasies en landboumaatskappye. Baie respondente het vertel dat dit wel 'n probleem kan wees, maar dat dit nie rede was om omvorming te heroorweeg nie. Maatskappyvorming was wel die antwoord vir ongelukkigheid by lede as gevolg van kruissubsidiëring vir baie van die respondente.

Voor daar by 'n algemene gevolgtrekking gekom kan word rakende al die bogenoemde faktore, moet die volgende tabel eers bespreek word. Die tabel - wat ook in die vraelys voorgekom het – is opgestel om ander moontlike faktore wat nie spesifiek genoem is nie, te kon bespreek met die respondente. Die besprekings rondom elke faktor kom ook in die volgende afdeling voor.

#### 5.7.4.5. Ander faktore

Tabel 5.1 is opgestel om te bepaal watter ondernemingsvorm die beste geskik sal wees gegewe spesifieke omstandighede. Dit kan wees dat slegs 'n koöperasievorm geskik is om spesifieke aspekte te hanteer. Bv. by punt 9.1. kan verskanste beheer slegs in koöperasievorm plaasvind, of meer geskik in 'n koöperasievorm, met ander woorde dit kan in albei voorkom, maar is beter beheerbaar in die koöperasievorm. Dieselfde geld vir alleenlik en meer geskik vir maatskappyvorm en dan kan die respondent 'n neutrale opinie hê, dit wil sê hy/sy kan nie regtig onderskeid tref nie. Die reaksie word in die tabel aangetoon. Die persentasies dui aan hoeveel persent van die totale respondente die onderskeie afdeling gemerk het. Die tabel kom voor in die vraelys onder vraag 9 (kyk Bylae B).

- Vraag 9. Die volgende fundamentele elemente kan onderskeidelik alleenlik of meer doeltreffend deur middel van hetsy 'n koöperasievorm of maatskappyvorm bereik word, of dit is neutraal ten opsigte van die ondernemingsvorm. Dui op die tabel aan watter een u dink van toepassing is met 'n rede by elk.

TABEL 5.1

FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL BY DIE MAATSKAPPYVORMING VAN LANDBOUKOÖPERASIES

| | | Koöperasievorm | | | Maatskappyvorm | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes | Alleen geskik | Meer geskik | Neu-traal | Alleen geskik | Meer geskik |
| Verskanste beheer | 9.1 | | 10% | 10% | | 80% |
| Waardeontsluiting | 9.2 | | | 40% | | 60% |
| Kompensasie van huidige lede | 9.3 | | 40% | 40% | | 20% |
| Personeelaansporings | | | | | | |
| - Aandelestelsel | 9.4 | | | | 66.6% | 33.3% |
| - Bonusstelsel | 9.5 | | | 50% | | 50% |
| Graanbemarking | | | | | | |
| - Verskanste beheer oor silo's | 9.6 | | 20% | 60% | | 20% |
| - Sentrale bemarking | 9.7 | | 70% | 10% | | 20% |
| Struktuurbuigsaamheid | 9.8 | | 20% | 40% | | 60% |
| Besigheidsprosesherontwerp | 9.9 | | 20% | | | 80% |
| Verwerwing van kundigheid | 9.10 | | | 20% | | 80% |
| Kapitaalbou | 9.11 | | | 90% | | 10% |
| Kapitaalwerwing | 9.12 | | | 20% | | 80% |
| Beursnotering | 9.13 | | | | 100% | |
| Toegang tot Landbankfinansiering | 9.14 | | 10% | 80% | | 10% |
| Belastingeffektiwiteit | | | | | | |
| Diensoorwegings – plaaslike ledegemeenskappe | 9.15 | | 30% | 60% | | 10% |
| | 9.16 | | 80% | 10% | | 10% |

Van die kommentaar van die respondente was soos volg:

- ***Faktor 9.1. Verskanste beheer***

Verskanste beheer is wel in 'n sekere sin moontlik by 'n koöperatiewe vorm deur gebruik te maak van geweegde stemreg en beperkings op die toetrede van nuwe lede. Hierdie metodes berus egter op die bepalings van die koöperasie se statuut en die magtigende wet (Koöperasiewet) waarvolgens die statuut bestaan. Dit is dus vir die regering van die dag maklik om verskanste beheer in die geval van die koöperatiewe vorm ongedaan te maak. In die geval van die maatskappyvorm vind verskanste beheer plaas deur middel

van stempoelooreenkomste/blokbeheer of in die maatskappystatuut, wat as grondslag 'n ooreenkoms tussen die lede van die maatskappy het.

- ***Faktor 9.2. Waardeontsluiting***

In die geval van 'n maatskappy vind waardeontsluiting plaas deurdat die groei in die waarde van die maatskappy direk gereflekteer word in 'n groei in die waarde van die aandele. In die geval van die koöperatiewe vorm kan geen groei in die waarde van die aandele plaasvind nie (dit behou slegs die nominale waarde) en is die lid benewens sy nominale aandelekapitaal slegs op die terugbetaling van sy bonusfondse geregtig. Dus vind 60% van die respondente dat waardeontsluiting eerder in maatskappyvorm kan plaasvind.

- ***Faktor 9.3. Kompensasie van huidige lede***

Onder die koöperatiewe vorm bestaan daar geen eenvoudige meganisme waardeur huidige lede deur toekomstige nuwe lede vir hulle bydrae tot die daarstelling van die waarde wat mettertyd in die landboukoöperasie opgebou is, vergoed kan word nie. Dit is omrede 'n landboukoöperasie se aandele nie die waarde van 'n landboukoöperasie reflekteer nie omdat reserwes "eienaarloos" is. Sodanige aandele is verder slegs op beperkte wyse tussen lede verhandelbaar, en deurgaans teen nominale waarde. Onder die maatskappyvorm mag huidige lede vergoed word deurdat toekomstige nuwe lede 'n premie mag betaal vir die aandele wat hulle verkry, wat die waarde daarvan weerspieël. Een respondent beweer dat dit egter vir beide geskik is, aangesien die bestuur besluit hoeveel kontant hulle in die lid/aandeelhouer se hande wil sit, en dan sit jy dit eenvoudig in sy hande. Daar is baie maniere hoe dit gedoen kan word.

- ***Faktor 9.4. Personeelaansporings – Aandelestelsel***

'n Aandeleaansporingstelsel berus op die uitgangspunt dat personeel, benewens die bindingskragte van mede-eienaarskap, gemotiveer word deur die korttermynwinsgewendheid (dividende) sowel as die langtermynmoontlikhede van kapitaalgroei, gekoppel aan aandele in die maatskappy. Aangesien personeel nie as sodanig lede van 'n landboukoöperasie kan wees nie en geen kapitaalgroei moontlik is

ten opsigte van die aandele in 'n landboukoöperasie nie, is hierdie vorm van personeelaansporingskema uitgesluit in die geval van die koöperatiewe vorm.

- ***Faktor 9.5. Personeelaansporings – Bonusstelsel***

'n Bonusstelsel berus op die uitgangspunt dat personeel gemotiveer word deur die betaling van merietebonusse gegrond op die een of ander merietestelsel. Sodanige personeelaansporingstelsel kan in 'n koöperatiewe vorm sowel as 'n maatskappyvorm toegepas word.

- ***Faktor 9.6. Graanbemarking – Verskanste beheer oor silo's***

50% van die respondente het hier 'n neutrale opinie. Hulle meen dat verskanste beheer in enige ondernemingsvorm kan plaasvind. Ander glo weer dat verskanste beheer oor silo's meer effektief en strategies veiliger bereik word in die maatskappyvorm as in die koöperatiewe vorm, om dieselfde redes as in Faktor 9.1. hierbo.

- ***Faktor 9.7. Graanbemarking – Sentrale bemarking***

Sentrale bemarking kan beide in 'n maatskappyvorm sowel as 'n koöperatiewe vorm geakkommodeer word. Daar moet egter vanuit 'n kredietoogpunt in ag geneem word dat die voordeel van die statutêre pandreg wat koöperasies op produkte van lede geniet, nie vir die onderneming in maatskappyvorm beskikbaar sal wees nie.

- ***Faktor 9.8. Struktuurbuigsaamheid***

'n Landboukoöperasie mag slegs sy gestelde doelstellings nastreef. Daarbenewens is sy bevoegdhede beperk. Dit kan moeilik gewysig word. By 'n maatskappy is die doelstellings en bevoegdheidsfeer aansienlik buigsamer en makliker aanpasbaar by veranderende omstandighede. Gepaste inperkings kan egter na gelang van behoefte in die landboumaatskappy se oprigtingsdokumente vasgelê word.

- *Faktor 9.9. Besigheidsprosesherontwerp*

Met "besigheidsproses" word bedoel die basiese organisasiestelsel, -proses en –kultuur waarbinne die eienaars van die onderneming hulle assosiasiedoelstellings wil verwesenlik. Dit behels onder andere die kapitalisering en bestuur van die onderneming binne die gestelde (haalbare) doelstellings met inagneming van 'n verskeidenheid faktore. Faktore soos die risiko en opbrengs verbonde aan kapitaalstorting, die eienaarskap van die onderneming, die vermoë om veranderings in die sakeomgewing die hoof te bied, die inwerking tussen bestuur en eienaar met spesifieke verwysing na beheer en verslagdoening en 'n kultuur van doeltreffende dienslewering aan kliënte. Indien die maatskappyvorm aangeneem word, word 'n universeel bekende struktuur gekies wat onderlê word deur beproefde maatskappyregbeginsels (met minimum risiko van owerheidsingryping), wat onbeperkte struktuuropsies bied om die organisasiestruktuur aan te pas by die behoeftes van die lede. Die struktuur is privaat van aard en leen hom veral tot die geleidelike ontwikkeling van 'n volwaardige sakekultuur sonder noodwendige versaking van besondere oorwegings soos verskanste beheer. Dit skep veral die struktuurkapasiteit om kapitale beleggers aan te trek en te beloon. Verder, met die groeiende aanname van die aanbevelings van die King-verslag oor korporatiewe bestuur, bied die maatskappyvorm beduidende voordele om bestuurs- en finansiële beheer en verslagdoening so na as wat verkies word aan lede en ander belanghebbendes te plaas.

- *Faktor 9.10. Verwerwing van kundigheid*

Die werwing van kundigheid, hetsy bestuurskundigheid of tegnologie, is makliker bereikbaar onder die maatskappyvorm. In die koöperasievorm moet bv. die direkteure lede van die koöperasie wees wat op die algemene jaarvergadering verkies word. In die maatskappyvorm is die direkteure professionele mense wat opgelei is vir 'n beroep. Daar is dus meer ruimte vir professionele aanstellings en bestuur.

- *Faktor 9.11. Kapitaalbou*

Die bou van eie kapitaal kan plaasvind of deur nie bonusse te verklaar nie en belasting te betaal (koöperatiewe vorm) of deur winste terug te hou en nie dividende te verklaar

nie (maatskappyvorm). Beide ondernemingsvorms is dus geskik om intern kapitaal op te bou.

- ***Faktor 9.12. Kapitaalwerwing***

Betekenisvolle nuwe eie kapitaal kan nie deur 'n verhoging van aandelekapitaal in 'n koöperatiewe opset verwerf word nie. Die maatskappyvorm is dus meer geskik om nuwe eie kapitaal te werf. Verder word 'n landboukoöperasie se aandelekapitaal effektief nie as vaste ekwiteit beskou nie omdat dit by afsterwe of bedanking van die lid terugbetaalbaar is.

- ***Faktor 9.13. Beursnotering***

Volgens die reëls van die Johannesburgse Effektebeurs is dit onmoontlik om 'n landboukoöperasie te noteer en is alleenlik die maatskappyvorm dus geskik om 'n beursnotering te bewerkstellig.

- ***Faktor 9.14. Toegang tot Landbankfinansiering***

Beide 'n landboukoöperasie en 'n Landboumaatskappy het toegang tot Landbankfinansiering.

- ***Faktor 9.15. Belastingeffektiwiteit***

Daar bestaan sekere belastingtoelaes, veral ten opsigte van stoorfasiliteite (silo's), wat nie vir 'n gewone maatskappy beskikbaar is nie. Daarbenewens kan 'n landboukoöperasie bonusse aan sy lede verklaar en ten opsigte daarvan 'n belastingaftrekking kry. Ervaring het geleer dat lede van landboukoöperasies se gemiddelde belastingkoers gewoonlik laer as 35% sal wees. In die geheel gesien mag daar dus groter belastingeffektiwiteit in die koöperatiewe vorm te vinde wees. Effektiewe belastingbeplanning kan 'n landboumaatskappy egter in bykans dieselfde belastingposisie as 'n landboukoöperasie plaas.

- *Faktor 9.16. Diensoorwegings – plaaslike ledegemeenskappe*

Aangesien 'n landboukoöperasie nie uitsluitlik op winsbejag toegespits is nie, volg dit logies dat dit meer ingestel is om 'n beter diens te lewer aangesien dit hul belangrikste doelwit is. Maatskappye se bemarkingsbeleid het egter ook diens as primêre doelwit, maar 'n landboukoöperasie se aard is diens.

### 5.7.5. Gevolgtrekking: Redes vir die omskakeling van 'n landboukoöperasie na 'n landboumaatskappy.

Na aanleiding van die reaksie van die respondente ten tye van die onderhoude, kan die gevolgtrekking gemaak word dat bogenoemde faktore van die belangrikste redes was en is waarom landboukoöperasies omgeskakel het na landboumaatskappye toe. Nie een van die respondente kon nog 'n verdere aspek aanraak wat nie hierbo genoem is nie, dus kan dit weergegee word as die noodsaaklikste oorsake. Daar is wel van die kleiner landboukoöperasies wat omvorm het, maar glo dat hulle 'n fout begaan het. Hulle het te vinnig gereageer en sou, as hul weer die geleentheid kan kry om oor te kies, eerder 'n landboukoöperasie gebly het. Hierdie spesifieke besighede het egter nog 'n baie tradisioneel-koöperatiewe kultuur onder hul lede en die boere is baie meer gesteld op dienslewering en volle beheer, as op die uitbetaling van dividende. Diè belangrikste oorsake kan soos volg opgesom word:

- *Politieke redes*: Onsekerheid oor wat die toekoms sou inhou met die nuwe regering aan bewind en die feit dat die bestuur geglo het dat die staat nie hul eiendomsreg kon aantas binne die maatskappyvorm nie.
- *Deregulering van bemarkingsrade:* Vir 'n landboumaatskappy was dit makliker om die produsente te help met die bemarking van hul produkte, aangesien 'n maatskappy makliker alliansies met groter buitelandse maatskappye kon aangaan.
- *Sakeoorwegings:* Indien die ledefondse van 'n landboukoöperasie gekapitaliseer word, vind daar 'n mate van kapitaalontginning plaas. Dit maak dat die balansstaat van die onderneming na omvorming aansienlik beter lyk.

- *Ledebelang:* Lede kry verhoogde sekuriteitstatus in maatskappyvorm, want hul aandele is meer werd. As gevolg van die verhandelbaarheid van hul aandele is hul likiditeit ook groter, want hul aandele kan vinniger omgesit word in kontant.
- *Waardeontsluiting:* Anders as in die koöperatiewe vorm kan aandele se waarde ook nou groei, so hoe beter die maatskappy presteer, hoe hoër word die waarde van die lede se aandele.
- *Kruissubsidiëring:* Lede van 'n koöperasie kry almal gelyke bonusse en voordele uit die onderneming, ongeag die finansiële bydrae wat hy/sy maak.
- *Personeelaansporings:* Binne die koöperatiewe vorm kan die personeel nie 'n aandeel hê in die onderneming soos wat in die maatskappyvorm die geval is nie. Personeel is dus self gemotiveerd om die onderneming beter te laat presteer, aangesien hulle persoonlike aandele se waarde ook groei in die proses.
- *Besigheidsprosesherontwerp:* Die landboumaatskappy se struktuur is privaat van aard en skep die struktuurkapasiteit om kapitale beleggers aan te trek en te kan beloon. Dit beskik ook oor vaste aanbevelings en riglyne van die King-verslag wat beduidende voordele bied vir bestuurs- en finansiële beheer en verslagdoening.
- *Verwerwing van kundigheid:* Aangesien die direkteure nie lede van die onderneming hoef te wees nie, is dit meer oop vir die aanstel van professionele mense met die nodige opleiding en kundigheid.
- *Kapitaalwerwing:* Betekenisvolle nuwe eie kapitaal kan nie deur 'n verhoging van aandelekapitaal in 'n koöperatiewe opset verwerf word nie, maar wel in die maatskappyvorm.
- *Beursnotering:* Net in die maatskappyvorm is dit moontlik om op die aandelebeurs te mag noteer, en so die waarde van die aandele te verhoog.

Alle respondente het egter beklemtoon dat elke besluit wat geneem is lid-gefokus was, met ander woorde die vraag: "Wat is die beste vir die lede?" is voortdurend in elke situasie gevra om sodoende die regte besluite te neem. Daar moes ook 'n 70 % tot 75 % (wissel na gelang van wat die statute bepaal) meerderheid stemme vir die omskakeling wees voor dit kon plaasvind. Die finale keuse het dus by die lede gelê.

Daar is nou aangetoon waarom sommige landboukoöperasies wel omgeskakel het en landboumaatskappye gevorm het. Die vraag is nou of daar wel omvormings

plaasgevind het? Die volgende afdeling beskryf van die grootste en belangrikste landboubesigdhede wat alreeds gealmagameer en omvorm het na landboumaatskappye, sodat die omvang hiervan geskets kan word.

## 5.8. BESIGHEDE WAT REEDS OMGESKAKEL HET VANAF 'N LANDBOUKOÖPERASIE NA 'N LANDBOUMAATSKAPPY:

Die redes vir omvorming, hetsy dit tans plaasvind of reeds plaasgevind het, is bespreek. Om die grootte van die impak van bogenoemde faktore aan te dui, word daar nou gekyk na besighede wat reeds omvorm het. Verskeie landboukoöperasies het reeds heeltemaal omvorm of het hul sake so geskik dat sekere dele van hul aktiwiteite na landboumaatskappye oorgeplaas is. Van die bekendstes is die volgende:

- Langeberg Koöperasie Beperk was 'n baie kapitaalintensiewe inmaakondememing wat 'n dringende behoefte aan R80 miljoen se kapitaal gehad het. Dit kon nie van die lede bekom word nie en in 1988 is feitlik al sy bates na 'n nuut-gestigte maatskappy oorgeplaas waarin Tiger Oats Beperk 'n 50% belang bekom het (WPK, 2006). Langeberg Beherend is in 1992 op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE) genoteer. Langeberg Koöperasie Beperk, wat verander het in Wynland Landboukoöperasie Beperk, het geamalgameer met die voormalige WP (Koöperatief) Beperk, Westem Province Fruitgrowers (Co-operative) Limited en Drakenstein Vrugtekwekers Koöperatief Beperk, en staan vandag bekend as WPK Beleggings Beperk. Dit het in Januarie 1995 geherstruktureer. Die groepstruktuur bestaan tans uit 'n beherende maatskappy, bedryfsmaatskappy en 'n koöperasie. Van die doelwitte was om beheer sover moontlik in die hande van die bestaande lede te probeer verskans. Op 11 Februarie 2005 is die samesmelting van WPK en Boland Agri in een houermaatskappy, Kaap Agri, deur die Mededingingskommissie goedgekeur (WPK, 2006).

- Sentraboer (Koöperatief) Beperk was 'n sentrale koöperasie wat korttermynversekeringsdienste aan die landbou verskaf het. Die solvensiemarge het tot onaanvaarbare vlakke gedaal en, ten spyte van kapitaalbouprogramme, kon genoegsame kapitaal nie van sy lidkoöperasies bekom word nie. Gevolglik

het lede in Februarie 1994 besluit dat die sentrale koöperasie omskep moet word in 'n publieke maatskappy, Sentrasure Beperk. Daarna is verskeie pogings aangewend om genoegsame addisionele kapitaal vanaf eksterne bronne te bekom en dit het uitgeloop op 'n voorstel wat op 25 Oktober 1995 deur aandeelhouers goedgekeur is, ingevolge waarvan Commercial Union Versekering 'n belang van 60 % in Sentrasure verkry het vir 'n teenprestasie van R87,7 miljoen. Sentrasure is vandag nog 'n sterk internasionale en multinasionale privaat maatskappy wat spesialiseer as 'n versekeringsmaatskappy vir die landbou-industrie (Sentrasure, 2005).

- Die SA Sentrale Koöperatiewe Graanmaatskappy Beperk ("SASKO"), 'n sentrale koöperasie wat finansieel baie gesond was, het sedert sy inlywing in 1938 reeds operasionele bande met Bokomo gehad. Dit het gelei tot 'n amalgamasie in 1997. Sedertdien oprereer Sasko Milling & Baking as 'n divisie binne die Pioneer Voedselgroep (Sasko, 2006).

- Nasionale Suiwelkoöperasie Beperk ("NCD") het in 1994 herstruktureer en bestaan uit 'n koöperasie en 'n beheermaatskappy, Clover Beherend Beperk en 'n bedryfsmaatskappy, Clover SA Beperk. Clover SA het weer in 2003 geamalgameer met 'n Franse maatskappy Compagnie Gervais Danone en staan bekend as Danone-Clover (Eiendoms) Beperk (Competition Commission, 2003).

- OTK (Koöperatief) Beperk se lede het in Februarie 1995 'n skema goedgekeur waarvolgens OTK in 'n maatskappy, OTK Bedryfsmaatskappy, omskep is en aandele in 'n nuwe beheermaatskappy, OTK Beherend, aan lede uitgereik is. Dit is later omvorm en het deel geword van 'n groot landboumaatskappy bekend as Afgri. Hoewel Afgri se voorbelaste wins van R214 miljoen op 'n omset van R6,2 miljard vir sy boekjaar tot einde Februarie 2006 sowat 30 % kleiner was as die vorige jaar s'n, bly sy balansstaat steeds sterk met netto kontant van R189 miljoen (van Zyl, 2006:5). Afgri is vandag op die JSE genoteer.

- Vleissentraal Industrie (Eiendoms) Beperk was wel in 1994 as Kolosus op die JSE genoteer. Die oorblywende belang na notering is in 1997 verkoop. Dit het daartoe gelei dat Vleissentraal Koöperatief Beperk weer primêr net 'n

bemarkingsagent geword het. In 1996 is Vleissentraal Koöperatief Beperk omskep in 'n publieke maatskappy, naamlik Vleissentraal Beperk, wat nie op die JSE genoteer is nie, maar sy aandele mag vrylik verhandel. Sedert 1999 word daar weer op baie selektiewe wyse vertikaal en horisontaal geïntegreer en is die maatskappy herstruktureer sodat dit tans uit drie divisies bestaan met agt aparte privaat maatskappye (Vleissentraal, 2004)

- Boeremakelaars (Koöperatief) Beperk (BKB) het ontstaan met die amalgamasie van drie Boere-organisasies op 1 Julie 1975, naamlik Farmers' Co-operative Wool and Produce Union Limited (FCU), Boere-Saamwerk Beperk (BSB) en Koöperatiewe Wolmaatskappy Beperk (KWB). Op 30 Junie 1998 is BKB getransformeer in 'n maatskappy met aandeelhouers, bekend as BKB Limited (BKB, 2005). BKB, vleis- en wolverwerker, het 'n nabelaste rekordwins van R17,7 miljoen bekend gemaak in 2006 op 'n omset van R555 miljoen. Die wins was 487% beter as die vorige boekjaar (tot einde Februarie 2005) en is volgens mnr. Louw, Voorsitter van die maatskappy, grootliks te danke aan goeie herstrukturering en belange in die lonende veebedryf (van Zyl, 2006:5).

- Op 5 Mei 1909 is "De Centraal Westelijke Co-operative Landbouw Vereeniging" gestig. Op 11 Julie 1936 is dit verander na Sentraalwes (Koöperatief) Beperk. Op 1 Mei 1997 het Sentraalwes ook van ondernemingsvorm verander en is die landboumaatskappy Senwes Beperk gestig (Joynt, 2006). Senwes se nabelasbare wins van R195 miljoen vir sy boekjaar tot einde April 2006, op 'n omset van net meer as R4 miljard, was 16% hoër as die vorige jaar s'n. Ondanks die moeilike landbou-omstandighede was dit 'n nuwe rekord vir diè maatskappy (van Zyl, 2006:5). Ook hier is gebruik gemaak van die beheermeganisme deur 'n tweede maatskappy te stig, Senwesbel Bpk wat 'n beherende maatskappy is. Senwesbel het pas 'n blok van sy aandele in Senwes aan 'n swart ekonomiese bemagtigingsgroep verkoop.

Elkeen van hierdie gevalle genoem, het egter 'n eie en unieke reeks van gebeure en redes waarom hulle besluit het om te omvorm en te amalgameer. Daar moet ook op hierdie punt genoem word dat daar egter ook landboukoöperasies is wat nie omvorm het nie, wat goed presteer. VKB van Reitz in die Vrystaat is so 'n landboukoöperasie. Vir sy

boekjaar tot einde Februarie 2005 het dit 'n nabelaste netto wins van R30,7 miljoen op 'n omset van R1,3 miljard behaal (van Zyl, 2006:4). Volgens Marais, uitvoerende hoofbestuurder van VKB, het diè landboukoöperasie met die groot omskakeling in die laat negentigerjare, volgens sy lede se wil, besluit om 'n landboukoöperasie te bly solank diè ondernemingsvorm dit moontlik maak om onbelemmerd te presteer (van Zyl, 2006:4). Van die grootste voordele en redes waarom dit nie omvorm het nie, is dat diè landboukoöperasie as ondernemingsvorm aan produsentelede behoort, wat nie net aan individuele produsente groter bedingingsmag bied nie, maar ook regstreekse inspraak en beheer in hul eie ondernemings (van Zyl, 2006:4).

Die gevolgtrekking is dus dat daar reeds baie groot en stabiele landboukoöperasies omgeskakel het na landboumaatskappye en dat hulle wel sukses bereik het in diè nuwe besigheidsomgewing. As die vraag egter gevra word, watter ondernemingsvorm dan nou die beste sal wees vir die nuwe opkomende en moderne boer, is die keuse na aanleiding van die navorsing in hoofstuk 4 en 5, die koöperatiewe vorm. Die redes hiervoor is dat die ondernemingsvorm in baie opsigte beter toegerus is om 'n finansieel afhanklike boer te help om sy boerdery te kan opbou en te versterk. Dit is egter waar die naam van die ondernemingsvorm vandaan kom. Koöperasies is mense wat saam koöpereer, saamwerk

## 5.9. SAMEVATTING

Maatskappyvorming van landboukoöperasies het sy voordele en nadele. Deur die empiriese studie is daarin geslaag om te bepaal wat die belangrikste redes en denkwyse van die betrokke partye was toe die besluit geneem moes word of dit koste-effektief, funksioneel en ten beste voordeel van die lede sal wees indien daar 'n verandering in ondernemingsvorm sou plaasvind. Deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met die uitvoerende direkteure en ander bestuurslede van verskeie landboukoöperasies en landboumaatskappye, kon die belangrikste faktore wat hiertoe aanleiding gegee het, geïdentifiseer word. Na aanleiding van die onderhoude kon die afleiding gemaak word dat daar baie landboukoöperasies is wat omvorm het in landboumaatskappye en wel tot vandag toe nog suksesvol bedryf word. Daar is wel van die kleiner landboukoöperasies wat omvorm het, maar glo dat hulle 'n fout begaan het.

Die landbou-omgewing het in die laaste 12 jaar drasties verander as gevolg van 'n nuwe regering aan bewind, nuwe tegnologie en 'n nuwe struktuur van georganiseerde landbou wat moet kan inskakel en meeding in 'n vrye internasionale mark. Diè veranderings in die landbou-omgewing vereis dat strukturering so moet wees dat ondernemings gerat is om vinnig te kan beweeg, besluite te kan neem en om koersaanpassings te kan maak. Baie landboukoöperasies het omvorm tot landboumaatskappye om in diè nuwe omgewing te kan aanpas. Ander het weer 'n landboukoöperasie gebly. Daar is verskillende redes waarom omvorming plaasgevind het en steeds plaasvind, en waarom nie. Daar is egter nie 'n kombersbesluit met betrekking tot maatskappyvorming wat vir alle landboukoöperasies in alle omstandighede sal geld nie. Elke landboukoöperasie is uniek ten opsigte van sy kapitaalsamestelling, kapitaalbehoeftes, die visie en missie sowel as die besigheidsplanne en strategieë. Landboukoöperasies is ook in verskillende ontwikkelingstadiums en die winsgeskiedenis van koöperasies verskil sodanig dat sommige nie 'n verandering van ondernemingsvorm kan oorweeg nie. Ondernemingskultuur speel ook 'n rol in die suksesvolle transformasie na 'n landboumaatskappy.

Elke ondernemingsvorm het 'n plek – waak egter teen verandering slegs omdat dit mode is. Moet nie aan 'n wenresep verander in iets wat homself nog moet bewys nie, maar moet ook nie stagnant wees nie. Bepaal watter doelwitte deur die onderneming bereik wil word, en besluit dan watter ondernemingsvorm die doelwitte die beste sal ondersteun. Die belangrikste is dat die totale benadering tot moontlike maatskappyvorming lidgefokus moet wees, dit wil sê tot voordeel van die eienaars van die landboukoöperasie.

Veral groot Blanke landboukoöperasies het die toekoms van hul ondernemings betwyfel en die maatskappyvorming as 'n uitweg gesien. Die koöperatiewe gedagte leen hom uitstekend vir presies dit wat die woord sê, naamlik koöperasie, saamwerk, saamkoop, saam verkoop en ten beste beding vir die groep wat groter krag het as die enkelinge. Matige kruissubsidiëring en volle beheer deur die lede is presies wat vir opkomende boere verlang word en daar kan op verpoelde wyse op die lede se belang gefokus word, baie eerder as wat die lid of aandeelhouer gesien word as 'n belegger wat net dividende verdien of aandele het wat kan groei in waarde. Soos wat hierdie landboukoöperasies vir die nuwe boere sterker word, kan hulle weer omskakel na maatskappye of hulle eie

sentrale koöperasies daarstel. Hulle kan ook aandele in 'n maatskappy koop, waarvan die dividende en ander inkomste gelykop tussen die lede verdeel kan word.

Voor die finale aanbevelings gemaak kan word, is dit eers noodsaaklik om te kyk na die veranderinge in die Koöperasiewet (91/1981) en watter invloed hierdie nuwe Koöperasiewet (14/2005) op die koöperasie as ondernemingsvorm kan hê. Dit is nodig sodat die vraag, watter ondernemingsvorm die beste vir opkomende boere is, verder toegelig kan word.

# HOOFSTUK 6: DIE NUWE KOÖPERASIEWET EN DIE PAD VORENTOE VIR LANDBOUBESIGHEDE

## 6.1. INLEIDING

In die laaste dekade het Suid-Afrika se ekonomie asook sy wetgewende raamwerk waarbinne dit funksioneeer, baie veranderinge ondergaan. 'n Verslag deur die Minister van Handel en Nywerheid, Mandisi Mpahlwa, (Departement van Handel en Nywerheid, 2004:1) meld dat die veranderinge fundamenteel is vir die toekoms van die land en dat dit gedryf word deur die nuwe demokratiese regeringsbeleid asook die vinnig veranderende wêreldekonomie.

Die studie het tot dusver in hoofstuk 2 gekyk na die geskiedenis en ontwikkeling van landboukoöperasies, in die buiteland sowel as in Suid-Afrika, en daaruit kon duidelik afgelei word dat die koöperatiewe saamwerkbeginsel al van die vroegste tye af gehelp het om die boere en ander produsentegroepe te vestig. Hoofstuk 3 en 4 het aangetoon in watter opsigte 'n landboukoöperasie en 'n landboumaatskappy as ondernemingsvorme verskil. In hoofstuk 5 is die omvorming of dan verandering van ondernemingsvorm bespreek. Daar is gekyk na watter landboukoöperasies reeds omvorm het en wat die belangrikste redes daarvoor was.

In die verlede was die koöperatiewe vorm die fondasie vir die boere se oorlewing, maar as gevolg van ekonomiese en verskeie ander redes het baie landboukoöperasies omvorm in landboumaatskappye. Hulle het dus nie meer onder die Koöperatiewereg gestaan nie, maar onder die Maatskappyreg. Tans beslaan die landboukoöperasies in Suid-Afrika 'n tweeslagtige karakter. Eerstens is daar die goed gevestigde landboukoöperasies – die meerderheid wat ontstaan het in die eerste ekonomie voor 1994 – en tweedens is daar die nuut opkomende landboukoöperasies wat hul oorsprong het in die tye na 1994. Daar is dus nou in die hede, as gevolg van 'n nuwe demokratiese regering aan bewind 'n hele nuwe generasie van nuwe boere wat ontwikkel. Die vraag is nou waar diè nuwe generasie moet inskakel. Moet daar vir hulle plek gemaak word in die strukture van die huidige groot en sterk ontwikkelde landboumaatskappye, of moet daar nuwe landboukoöperasies gestig word om hulle te help vestig. Is die landboubedrywighede in Suid-Afrika nie op 'n punt waar die geskiedenis homself

herhaal en die koöperatiewe sektor wel 'n oplossing kan wees nie? In hierdie hoofstuk word gepoog om te bepaal watter invloed die nuwe Koöperasiewet (14/2005) op bogenoemde mag hê.

Daar word gekyk na die verandering in die Koöperasiewet (91/1981) en die invloed daarvan op die landbou, asook na wat die toekoms vir landboukoöperasies en landboumaatskappye inhou. Die studie kyk eers na die geskiedenis van die koöperatiewe wetgewing in Suid-Afrika, en daarna na die nuwe Koöperasiewet (14/2005), wat reeds aangekondig is maar waarvan die datum van inwerkingstelling nog onbekend is, om te bepaal watter groot veranderings aangebring is aan die Koöperasiewet van 1981, Wet Nr. 91. Daarna fokus die hoofstuk op die kommentaar hierop gelewer deur die hoof uitvoerende bestuurder van die Landboubesigheidskamer. Daar sal gekyk word na die regering (Departement van Handel en Nywerheid) se strategiese plan vir die toekoms van landboukoöperasies. Die hoofstuk gaan dan verder deur 'n paar interessante statistieke weer te gee wat aantoon waarheen die landbou en sy bedrywighede heen op pad is. Daarna sal die studie afgesluit word met 'n algehele samevatting van die hele navorsingsprojek.

## 6.2. GESKIEDENIS VAN DIE KOÖPERATIEWE WETGEWING IN SUID-AFRIKA

Regulasies het nog altyd deel gevorm van die koöperatiewe beleid en wetsomgewing in Suid-Afrika. In 1908 is die Wet op Koöperatiewe Verenigings vir Transvaal aanvaar en hierdie wet moet beskou word as die eerste Koöperasiewet in Suid-Afrika (van Niekerk, 1986a:25). Die vernaamste bepalings van diè wet was dat die aanspreeklikheid van lede, gesamentlik en afsonderlik, onbeperk sou wees en dat daar 'n superintendent vir koöperasies aangestel sou word wat gereeld inspeksies van koöperasies sou doen. Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, (28/1922), wat alle vorige koöperasiewetgewings herroep en gekonsolideer het, is op 17 Julie 1922 goedgekeur en op 14 Augustus 1922 in werking gestel (van Niekerk, 1986a:27). Die wet het aan koöperasies 'n nuwe patroon van nasionale erkenning gegee en 'n groot opbloei in koöperasiewese teweeggebring.

Kort na die aanname van die Koöperasiewet (28/1922) is besef dat alhoewel 'n groot persentasie van die boere in 'n bepaalde omgewing aan 'n koöperasie behoort, die maksimum prys vir daardie boere se produkte nog nie beding kon word nie, omdat die

ander boere die bedingingsposisie kon versteur. Met die doel om die koöperasie se bedingingsmag te versterk en aan hom volle beheer oor die produkte te gee in belang van al die boere, is Wet Nr. 38 van 1925 aanvaar (van Niekerk, 1986a:29). Die Wet op Koöperatiewe Verenigings Nr. 29 van 1939 is hierna aangeneem, en het hoofsaaklik gefokus op die landbousektor en die boerdery self. Een van die belangrikste bepalings was dat daar voorsiening gemaak is vir 'n nuwe tipe koöperasie met beperkte aanspreeklikheid, naamlik 'n spesiale boerekoöperasie. Hierdie tipe koöperasie sou die reg hê om met nie-lede handel te dryf en om met die Minister se goedkeuring ander persone buiten boere as lede aan te neem (van Niekerk, 1986a:32).

Hierdie wetsraamwerk is heeltemal hersien en herroep deur die Koöperasiewet Nr. 91 van 1981 (COSATU, 2001:2), wat voorsiening gemaak het in sy regulasies vir transformasie, inkorporasie, funksionering, ontbinding en algemene reguleringsrol en magte van die Registrateur. Weer in 1993 is die Veranderde Koöperasiewet Nr. 37 aangeneem. Hierdie veranderings het wesenlik verskil van die basiese kenmerke van koöperasies en het 'n nuwe pad oopgemaak vir die degenerasie van die koöperatiewe beweging en omskakeling na maatskappye (COSATU, 2001:2). Op 18 Augustus 2005 het die nuwe Koöperasiewet Nr. 14 van 2005 in die staatskoerant verskyn vir algemene inligting. Die datum van inwerkingtreding van diè wet is ten tyde van die skryf van hierdie verhandeling, nog nie bekend nie.

Ook in die geskiedenis en ontwikkeling van die koöperatiewe reg, kan die goue lyn van ontwikkeling waargeneem word. Eers is die wette daargestel net sodat daar 'n vaste struktuur kon wees waarbinne die koöperatiewe sektor kon funksioneer en meer belangrik, die aanstelling van die Registrateur van Koöperasies wat deur middel van inspeksies beheer kon uitoefen oor die landboukoöperasies. Soos wat die koöperasies gegroei en vermeerder het, het die wette en regulasies ook verander om die opbloei te kon reguleer. Namate die koöperasies sterker geword het, is daar gevind dat bedinging van pryse nog nie bevredigend was nie, en weereens is die wet verander om verpligte lewering van landbouprodukte aan die landboukoöperasie te verseker. Nog later is bevind dat sommige koöperasies nodig gehad het om met nie-lede (nie-boere) besigheid te doen, en die wet word verander sodat 'n nuwe vorm van koöperasie gestig kon word wat besigheid met nie-lede onder sekere voorwaardes toegelaat het. Wet Nr. 91 van 1981 is toe aanvaar met heeltemal nuwe regulasies en reëls, wat weer die veranderinge

van die tyd in ag kon neem. In 1993 het die behoefte om van ondernemingsvorm te kon verander ontstaan, en is die Veranderende Koöperasiewet Nr. 37 aangeneem. En nou staan die koöperatiewe sektor weer voor 'n verandering en vernuwing in die wet, die sogenaamde Koöperasiewet Nr. 14 van 2005. Die uitdaging is dus nou om te bepaal wat die redes is vir die verandering. Wat het in die geskiedenislyn verander wat 'n verandering in die wet genoodsaak het?

### 6.3. KOÖPERASIEWET NR. 14 VAN 2005[3]

Op 5 Desember 2001 het die Kabinet ingestem dat die mandaat vir koöperatiewe ontwikkeling vanaf die Departement van Landbou na die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) oorgedra word. Die DHN het toe 'n nuwe beleid en wetgewing ontwikkel wat streef om (DHN, 2005):

- Die ontwikkeling van volhoubare koöperatiewe ondernemings in alle sektore te bevorder.
- Makliker registrasieprosesse en bestuur vir koöperasies te verseker.
- Toeganklikheid vir armes te verseker.
- Koöperasies meer gebruikersvriendelik te maak.
- Koöperasies administratief ontwikkelbaar te maak.
- Gelykheid en groter deelname deur alle partye te bevorder.

Die volgende tekortkominge is deur die DHN in die Koöperasiewet Nr. 91 van 1981 geïdentifiseer (DHN, 2005):

- Die fokus van die wet is primêr gerig op landboukoöperasies terwyl alle ander koöperasievorme kategoriseer onder handelskoöperasies.
- Dit is te voorskriftelik.
- Dit fokus slegs op hoogs kommersiële koöperasies.
- Die Registrateur het meer regte as die lede van 'n koöperasie.
- Die definisie van 'n koöperasie hierin weergegee is nie gepas en voldoende nie.

[3] Alle inligting weergegee rakende die nuwe wet is gevind in die nuwe wet self soos dit verskyn het in die Staatskoerant.

- Daar word nie eksplisiet van die koöperasies verwag om ag te gee op die koöperatiewe beginsels nie.
- Die wet neem aan dat die staat 'n belangrike ingrypende rol in die koöperatiewe sektor speel.
- Dit bevat gekompliseerde registrasieprosesse.
- Die skryfstyl en taal van die wet is te gekompliseerd en onverstaanbaar vir die gemiddelde lid van die publiek.
- Die wet maak nie voorsiening vir die daarstel van 'n Raad van Adviseurs nie.
- Te omslagtige ontbindingsprosesse.

Die volgende doelstellings is deur die DHN vir die nuwe wet daargestel (DHN, 2005):

- Om die Koöperasiewet Nr. 91 van 1981 te herskryf.
- Om voorsiening te maak vir die oprigting en makliker registrasie van koöperasies.
- Om koöperasies in ooreenstemming met die internasionaal aanvaarbare definisie te definieer.
- Te sorg dat koöperasies hulle onderwerp aan die koöperatiewe beginsels.
- Om die rol wat die regering speel in die bevordering van koöperasies te herdefinieer.
- Om vir die Minister van Handel en Nywerheid die nodige magte te gee om toe te sien dat die nuwe wet geïmplementeer word.
- Om 'n wetgewingsraamwerk vir alle tipes en vorme van koöperasies van alle sektore van die ekonomie te vorm.
- Om die lede se belange in die koöperasie te beskerm.
- Om deelname van alle partye in die bestuur te verhoog.
- Die rol van die regering as fasiliteerder uit te stip. Hierdie rol is slegs in 'n ondersteunende hoedanigheid.

Volgens die DHN (2005) sal die nuwe wet 'n klousule bevat wat verseker dat enige iemand, ryk of arm, 'n koöperasie kan oprig, maar dat hulle slegs regeringsbystand sal ontvang indien hul geregistreer is, hulself onderwerp aan die beginsels van koöperasies en die belangrikste indien dit gelykheid sal bevoordeel en 'n groter deelname van voorheen agtergeblewenes sal bewerkstellig om sodoende armoede te help verlig. Die

nuwe wet is alreeds goedgekeur deur die parlement en geteken deur die president, maar die datum van inwerkingstelling is nog nie bekend nie.

Daar sal nou 'n paar aanhalings uit die Koöperasiewet Nr. 14 van 2005, soos wat dit verskyn in die Staatskoerant op 18 Augustus 2005 (19/1981), gemaak word om die belangrikste verandering en die regering se doel hiermee ten toon te stel.
Die voorwoord van die wet lyk soos volg:

"RECOGNISING – aanhaling in anneks

- the co-operative values of self-help, self-reliance, self-responsibility, democracy, equality and social responsibility;
- that a viable, autonomous, self-reliant and self-sustaining co-operative movement can play a major role in the economic and social development of the Republic of South Africa, in particular by creating employment, generating income, facilitating broad-based black economic empowerment and eradicating poverty;
- that the South African economy will benefit from increasing the number and variety of viable and sustainable economic enterprises;
- that government is committed to providing a supportive legal environment to enable co-operatives to develop and flourish; and

IN ORDER TO –

- ensure that international co-operative principles are recognised and implemented in the Republic of South Africa;
- enable co-operatives to register and acquire a legal status separate from their members; and
- facilitate the provision of targeted support for emerging co-operatives, particularly those owned by women and black people..."

Die doelwitte soos uiteengesit in die wet is as volg:

"The purpose of this Act is to-

- promote the development of sustainable co-operatives that comply with co-operative principles, thereby increasing the number and variety of economic enterprises operating in the formal economy;

- encourage persons and groups who subscribe to values of self-reliance and self-help, and who choose to work together in democratically controlled enterprises, to register co-operatives in terms of this Act;
- enable such co-operative enterprises to register and acquire a legal status separate from their members;
- promote equity and greater participation by black persons, especially those in rural areas, women, persons with disability and youth in the formation of, and management of, co-operatives;
- establish a legislative framework that preserves a co-operative as a distinct legal entity;
- facilitate the provision of support programmes that target emerging co-operatives, specifically those co-operatives that consist of black persons, women, youth, disabled persons or persons in the rural areas and that promote equity and greater participation by its members;
- ensure the design and implementation of the co-operative development support programmes by all the agencies of national departments including but not limited to Khula, NEF, NPI, SEDA, IDC, SAQI, SABS, CSIR, PIC, DBSA, SALGA and SETA'S, and compliance with uniform norms and standards prescribed by this Act;
- ensure the design and implementation of the co-operative support measures across all spheres of government, including delivery agencies, and adherence to a uniform framework of established norms and standards that reflect fairness, equity, transparency, economy, efficiency, accountability and lawfulness;
- and facilitate the effective co-ordination and reporting mechanism across all spheres of government through the department."

Dit is baie duidelik dat die klem val op die nuwe era boere, veral diè in die landelike gebiede. Dit moet maklik wees vir die boere/produsente om hul eie koöperasie te kan stig en te laat registreer om sodoende meer swart en agtergeblewe produsente toegang tot 'n koöperasie te kan gee. Die kwessies van gelykheid en armoede word ook sterk aangespreek in die sin dat koöperatiewe strukture in plek gestel moet word om gelykheid te help bevorder en armoede te verlig.

Behalwe vir die bogenoemde doelstellings is dit ook belangrik om te kyk na die basiese beginsels waarvolgens die koöperasies sal moet opereer onder die nuwe Koöperasiewet. Lidmaatskap word oopgestel vir enige persoon wat die dienste van die koöperasie kan gebruik, maar wat bereid is om die verantwoordelikhede wat lidmaatskap vir hom/haar inhou, te aanvaar. Die bestuur van 'n koöperasie mag egter iemand verhoed om lid te word indien die betrokke persoon nie aan die koöperasie se voorwaardes voldoen nie, maar slegs as die voorwaardes in geen omstandighede teen enige iemand diskrimineer nie. In die geval van 'n primêre koöperasie het een lid slegs een stem, waar onder die ou wetweging elke lid stemreg gehad het in verhouding tot die ekonomiese betrokkenheid van die lid by die koöperasie. In die geval van 'n sekondêre of federale koöperasie mag die lede meer as een stem hê, maar solank een enkele persoon nie meer as 15% van die stemreg van die totale ledetal besit nie. Sover moontlik moet lede die nodige kapitaal vir die koöperasie voorsien en terugbetaling van ledekapitaal is beperk tot die maksimum vasgestelde persentasie in ooreenstemming met die beleid van die betrokke koöperasie. Ten minste 5% van die surplusse moet teruggehou word as reserwes en mag nie aan lede uitbetaal word nie en die koöperasie moet aan sy lede en werknemers onderrig en opleiding verskaf.

Een van die probleme wat die DHN geïdentifiseer het, (DHN, 2005) in die ou wetgewing, is dat daar slegs voorsiening gemaak word vir drie tipes koöperasies, naamlik landboukoöperasies, spesiale boerekoöperasies en handelskoöperasies. Die nuwe wet maak egter voorsiening vir nege soorte koöperasies en daar is onder andere (i)behuisingskoöperasies, (ii)werkerskoöperasies, (iii)sosiale koöperasies, (iv)landboukoöperasies, (v)koöperatiewe begrafnisgenootskappe, (vi)finansiële dienste koöperasies, (vii)verbruikerskoöperasies, (viii)bemarkings- en voorsieningskoöperasies en (ix) dienskoöperasies. Nou kan die verskillende tipes koöperasies elk hul eie unieke identiteit skep. Die nuwe wet het 'n paar verskillende veranderings ingewerk wat, onder andere die registrasie proses baie vergemaklik in die opsig dat die Registrateur by magte is om die registrasie-aansoeke te mag goedkeur, waar dit voorheen deur die Minister goedgekeur moes word. Dit maak die oprigting en toegang tot koöperasies vir almal baie makliker.

Die nuwe wet maak dit egter baie moeilik vir groot Blanke kommersiële koöperasies om kapitaal te bekom anders as by die lede, want die wet bepaal dat die departement vir 'n

koöperasie die nodige ondersteuning en finansiële hulp mag bied, slegs as die koöperasie:

- geregistreer is as 'n koöperasie in terme van diè wet;
- indien die koöperasie hom onderwerp aan die beginsels soos hierbo genoem;
- en as dit bestaan uit swart mense, vroue, kinders, gestremde mense of mense van die landelike gebiede, asook as dit gelykheid en groter deelname deur hul lede bevorder.

Volgens 'n berig deur Agri TV (2003:2), meen De Goede, die vorige Registrateur van Koöperasies, dat die vereiste dat 'n kworum van 30% van die lede teenwoordig moet wees om 'n algemene vergadering te kan hou, onprakties is vir groot kommersiële koöperasies, want sommiges het meer as 30 000 lede (Agri TV, 2003:2). Verder word daar volgens die nuwe wet 'n Raad van Adviseurs geskep. Hierdie raad het ten doel om die Minister te adviseer oor algemene koöperatiewe sake, asook om aanbevelings te maak rakende 'n paar sake onder andere:

- die beleid vir die ontwikkeling van koöperasies in die Republiek;
- enigiets rakende die wet en regulasies daarvan;
- te voorsien dat ondersteuningsprogramme in plek kom om koöperasies te teiken wat bestaan uit swart mense, vroue, kinders, gestremde mense of mense van die landelike gebiede, asook die wat gelykheid en groter deelname deur hul lede bevorder;
- en enige ander keuse wat die Minister moet maak rakende enigiets rondom die koöperatiewe sektor en wet.

Hierdie is van die veranderinge wat opgemerk kan word tussen die ou Koöperasiewet (91/1981) en die nuwe Koöperasiewet (14/2005). Dit is baie duidelik dat die nuwe wet baie meer aandag skenk aan die nuwe era boere, en dit beklemtoon die feit dat diè nuwe era boere eerder nuwe landboukoöperasies moet stig wat met die staat se hulp in hul behoeftes sal kan voorsien. Dit is nou belangrik om te kyk wat dink die Landboubesigheidskamer van hierdie nuwe wet, want soos gesien in hoofstukke 3 en 4, is hulle verteenwoordigend vir beide landbou-ondernemingsvorme.

## 6.4. KOMMENTAAR HIEROP GELEWER DEUR DIE LANDBOUBESIGHEIDS-KAMER

Die Landboubesigheidskamer (LBK) het onder leiding van hul Hoof Uitvoerende Direkteur, mnr. Doyer, 'n voorlegging aan die parlement gemaak aangaande die wetsontwerp van die nuwe Koöperasiewet (LBK, 2006). Dit is belangrik om ondersoek in te stel na hoe die LBK op die nuwe wet reageer, aangesien die LBK namens die landboukoöperasies en landboumaatskappye optree. Hulle vorm die spreekbuis van die landbousektor.

Die voorlegging begin met 'n inleiding waar die LBK dit stel dat die voorlegging gemaak word in die lig van die doelstellings soos ook uiteengesit in die nuwe Wet (14/2005) self. Dit gaan dan verder deur te kyk na die kompeterende voordele wat koöpersasies bo ander besigheidsentiteite besit. Hier word die volgende belangrike feite uitgelig (LBK, 2006):

- *Koöperasies is gemeenskapsbesighede*: Koöperasies hou die ekonomiese voordele binne die gemeenskap self, deurdat die winste gemaak weer aan die lede self uitbetaal kan word.
- *Koöperasies bevorder demokrasie*: Die lede self besit die besigheid en maak self al die besluite. Mense word dus geleer hoe om probleme demokraties op te los. Koöperasies betrek ook mense buite die ekonomiese hoofstroom en ontwikkel die lede se entrepreneuriële vaardighede en leer hulle waardevolle markwaardes en kennis.
- *Koöperasies verhoog selfrespek by lede*: Koöperasies help mense om armoede te oorkom en om drome te laat realiseer.
- *Koöperasies is sisteme waardeur gemeenskappe hulself kan ontwikkel:* Koöperasies plaas gemeenskapsbesighede in streeks- en nasionale netwerke waar hulle op hoë ekonomiese vlakke kan meeding.
- *Koöperasies ontwikkel ekonomiese stabiliteit, sorg dat sosiale reg geskied, dra by tot die behoud van 'n ekologiese balans en hulle is pilare vir 'n politieke stabiele stelsel.*

'n Verdere belangrike aspek wat in die voorlegging voorkom is proporsionele ledebeheer. Onder die ou Wet (91/1981) het die beginsel van "een man een stem" gegeld vir koöperasies, maar met die uitsondering dat die statuut kan bepaal dat lede meer as een stem kan hê, en dit word bepaal in verhouding tot die ekonomiese betrokkenheid van die lid by die koöperasie. Onder die nuwe Wet (14/2005) het een persoon slegs een stem, en word die proporsionele stemreg nie toegelaat nie. Demokratiese ledebeheer deur middel van proporsionaliteit is dus onmoontlik onder die nuwe wet. Die LBK vra in die voorlegging dus dat die nuwe wet hiervoor voorsiening moet maak, gegrond op die volgende redes:

- Koöperasies staar 'n reeks van kapitaliseringsprobleme in die gesig en proporsionele ledebeheer spreek dele van die probleem aan.
- Dit is in lyn met die koöperatiewe beginsels wat in verskeie lande se regulasies ingesluit is.
- Koöperasies het nodig om hul aktiewe lede te motiveer om nog meer aktief te wees om so die koöperasie te versterk.
- Swakker of kleiner lede kry baie voordeel uit die betrokkenheid van die sterker lede, want as die koöperasie sterker word, trek hulle ook voordeel daaruit.
- Kleiner lede kan beskerm word teen dominante sterker lede deurdat die aantal stemme wat enige lid mag hê, beperk word tot vyf.

Elkeen van bogenoemde word dan verder in detail uiteengesit in die voorlegging, maar wat nie nodig is vir die doeleindes van die studie nie. Die belangrikste is dat die gevolgtrekking gemaak kan word dat die LBK nie heeltemaal gelukkig met die bepalings van die nuwe Koöperasiewet Nr. 15 van 2005 is nie. Behalwe vir dié hierbo genoem, stel die LBK (Doyer, 2006:17): dat die feit dat die nuwe wet beoog om slegs die armste van die armes te bevoordeel, kortsigtig is, aangesien diè koöperasies ook gaan groei en sterker word.

Die nuwe wet gaan ook 'n belastingimplikasie tot gevolg hê. In 'n voorlegging aan die Suid-Afrikaanse Tesourie wat handel oor die koöperatiewe belasting, skryf die Landboubesigheidskamer die volgende (LBK, 2006:36-38):

Die koöperatiewe Gemeenskapswet Nr. 29 van 1939, wat net voor die Koöperasiewet (91/1981) verskyn het, het "geslote" koöperasies heeltemal vrygestel van die volgende fooie en belastinggelde:

- Registrasiegelde vir handeldryf;
- Registrasiegelde met betrekking tot omset; (licence fees in respect of turnover)
- Registrasiegelde met betrekking tot verkope;
- Registrasiegelde met betrekking tot kapitaal;
- Registrasiegelde met betrekking tot voorraad in besit;
- Belastinggelde ten opsigte van inkomste ingevorder deur 'n landboukoöperasie deur middel van transaksies met lede;
- 'n "Geslote" handelskoöperasie is toegelaat om bonusse aan lede uit te betaal wat dien as 'n aftrekking van hul belasbare inkomste.

In bogenoemde geval verwys die term "geslote" na die volgende koöperasies:

- 'n koöperatiewe landbouvereniging met onbeperkte aanspreeklikheid;
- 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid;
- 'n spesiale boerekoöperasie wat uitgereik is met 'n "geslote sertifikaat" deur die Registrateur;
- 'n koöperatiewe handelsvereniging wat uitgereik is met 'n "geslote sertifikaat" deur die Registrateur.

Die vier tipes koöperasies klassifiseer in verskillende regskategorieë van koöperasies, elk onderworpe aan verskillende regte en regulasies. Die argumente vir die vrystelling van sekere belastingheffings in daardie tyd, was meestal omdat koöperasies nie primêr op winsbejag ingestel is nie, maar net handel dryf ter wille van hul lede, en nie vir eie gewin nie.

Die Koöperasiewet Nr. 91 van 1981 se inkomstebelastingregulasies meld in Artikel 27 dat:

- Handelsverenigings, soos gedefinieer in diè wet, toegelaat word om van hul belasbare inkomste die bedrag van bonusse, aan lede uitbetaal, deur die jaar af te trek, ongeag of die inkomste afkomstig is van lede of nie-lede.
- 'n Landboukoöperasie (asook 'n spesiale Boerekoöperasie) toegelaat word om van sy belasbare inkomste die totale bedrag van bonusse uitbetaal afkomstig uit winste, asook 'n 2% toelae bereken op die koste van geboue en verbeterings aan geboue gebruik vir die stoor van landbouprodukte, af te trek.

Wanneer die nuwe Wet (91/1981) in werking gaan tree, gaan Artikel 27 van die Inkomstebelastingwet teenstrydig wees met die nuwe wet, aangesien hierdie Artikel voorsiening maak vir die belasting van landboukoöperasies en handelskoöperasies wat in twee verskillende wetlike afdelings van koöperasies kategoriseer. Die 2005 Koöperasiewet maak nie voorsiening vir verskillende wetlike afdelings nie, maar vir slegs een wetlike kategorie vir koöperasies. Dit maak wel voorsiening vir verskillende sektore van koöperasies, maar dit besit nie dieselfde regsstatus as in die 1981 Wet nie. Die nuwe wet is dus onverenigbaar met die Inkomstebelastingwet. Die 2005 Wet maak ook nie voorsiening vir "geslote" koöperasies nie, en ook nie vir die Registrateur om geslote sertifikate te kan uitreik nie, soos wel voorsien is in Artikel 55 van die Koöperasiewet van 1981, en verplig word deur Artikel 27 van die Inkomstebelastingwet van 1962.

Uit die oogpunt van die LBK, wat weer verteenwoordigend is van baie van die huidige koöperatiewe besighede, is die bepalings van die Koöperasiewet Nr. 14 van 2005 negatief vir die huidige koöperatiewe sektor. Dit is verander met die idee dat dit die regering moet bystaan in hul strewe na gelykheid en om armoede te help verlig. Die veranderinge kan positief wees op die kort termyn, maar die klein koöperasies sal ook groei tot sterkeres en dan sit hulle in dieselfde posisie as wat die huidige sterk koöperasies tans is, en dan is die wet ook vir hulle nie baie positief nie.

## 6.5. DIE STRATEGIE VAN DIE DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID TEN OPSIGTE VAN DIE KOÖPERATIEWE SEKTOR.

### 6.5.1. Inleiding

Die Departement van Handel en Nywerheid het 'n verslag saamgestel (DHN, 2006) wat die strategie van die regering vir die toekoms van koöperasies in Suid-Afrika uiteensit. In hierdie afdeling word gekyk na die verslag en alle inligting word net so verkry uit die verslag. Die koöperatiewe strategie is 'n kritiese deel van die regering se besigheidsontwikkelingstrategie om ekonomiese groei te bevorder. Die strategie fokus op die bekendstelling van ontwikkelende koöperatiewe besighede in alle sektore van die ekonomie, Dit diversifiseer die eienaarskap, grootte en geografiese ligging van daardie ontwikkelende besighede, met die klem daarop om diè besighede te ondersteun met betrekking tot finansiering, tegniese vaardighede, markte, vervaardigingsbystand, tegnologie, infrastruktuur en ander soos nodig. Die regering sien die rol van koöperasies onder die nuwe ontwikkelende beleid, om te dien as ondersteuningsbasis vir die groei van die sogenaamde "tweede" ekonomie, om die informele ekonomie te formaliseer asook om die deelname van arm mense in die ekonomie te bevorder. Die Suid-Afrikaanse koöperatiewe sektor word gekenmerk deur 'n dubbele koöperatiewe beweging soos reeds vroeër in die hoofstuk genoem. In die verslag stel die DHN dat die ontwikkelde koöperasies deur Blankes besit word, en die swak koöperasies deur Swartes besit word. Die verslag stel dit dat die Koöperatiewe Ontwikkelingstrategie sal verseker dat alle doelstellings soos uiteengesit in die nuwe Koöperasiewet Nr. 14 van 2005 bereik sal word voor 2014.

### 6.5.2. Die Regering se benadering tot koöperatiewe ontwikkeling en bevordering.

Die regering beloof om toe te sien dat koöperasies van alle tipes en van alle sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie bevorder sal word. Dit sal persone en groepe aanmoedig wat glo in die waarde van selfonderhouding en selfhelp en wat wil saamwerk in demokraties beheerde ondernemings, om koöperasies te stig en te laat registreer in terme van die nuwe wet. Die nuwe wetgewing sal gelykheid bevorder asook groter deelname deur Swart mense, spesifiek diè in die landelike gebiede, vroue, kinders en gestremde mense, deur ondersteuningsprogramme daar te stel wat spesifiek

ontwikkelende koöperasies gaan teiken. Die beleid verseker ook verder dat daar effektiewe koördinering sal wees asook rapporteringsmeganismes met die DHN as die sentrale koördineringsdepartement. Om hierdie visie te kan verwesenlik, sal die DHN leiding neem op gebiede soos beleid, onderrig en opleiding, koördinering, bekendstellingsprogramme en help om vennootskappe te vorm.

### 6.5.3. Die huidige stand en uitdagings van die koöperatiewe sektor.

Die totale aantal handels- en landboukoöperasies word tans beraam op sowat 400 met meer as 1 500 handelstakke, wat werk verskaf aan meer as 100 000 mense en met 'n geskatte verhandelbare inkomste van meer as R2000 miljoen per jaar (DHN, 2006). Studies gedoen deur die DHN het bevind dat die nuwe koöperasies baie arm en onderontwikkeld is. Van die probleme wat dié koöperasies in die gesig staar is 'n gebrek aan kapitaal om die koöperasie effektief te kan bestuur en 'n surplus te kan genereer, beperkte beskikbaarheid van kapitaal om die onderneming te kan begin en te ontwikkel, en beperkte toegang tot markte en inligting rakende besigheidsgeleenthede.

Blanke landboukoöperasies het lankal reeds ontstaan (soos gesien in hoofstuk 2), terwyl die Swart landboukoöperasies eers in die 1970's en 1980's as deel van die apartheid ekonomiese planne vir die landelike gebiede. Hulle het egter nie die voordeel van staatsondersteuning geniet wat die Blanke koöperasies gekry het nie, en het swak gebly. Die Blanke landboukoöperasies kon deur middel van subsidies en beskerming deur die staat die uitdagings van globalisering oorkom wat die koöperasies help ontwikkel het in die sterk ondernemings wat hul vandag is, en kon baie van hulle omvorm in private maatskappye. Die staat sien dit dus as sy plig om nou ook die agtergeblewenes te help en te bevoordeel, sodat hulle ook kan groei en sterker word.

### 6.5.4. Inligting en statitieke rakende koöperasies

Die DHN (2006:26) erken dat daar op hierdie stadium baie min statistiese data en inligting oor koöperatiewe ondernemings in Suid-Afrika beskikbaar is. Dit is grootliks omrede 'n groot persentasie van hierdie koöperasies nie geregistreer is nie as gevolg van die ingewikkelde registrasieprosesse asook omdat die nodige administratiewe

stelsels nog nie in plek was vir die invordering en verwerking van sulke data nie. Daar sal dringend hieraan aandag gegee moet word.

### 6.5.5. Die struktuur van die koöperatiewe beweging

Die Suid-Afrikaanse koöperatiewe beweging benodig 'n omgewing wat die oprigting van opregte koöperatiewe besighede kan bevorder. Die nuwe wet sal volgens die DHN (2006:19) verseker dat so 'n behoorlike beweging van die grond af opgerig sal word, wat grootliks die stigting en ontwikkeling van nuwe koöperasies sal aanmoedig. Dit is nodig om aan lede van primêre koöperasies die basiese beginsels van 'n koöperasie te leer sodat hulle die outonomiteit van 'n besigheid, die struktuur, die rol van elke lid en die beweging in die breë beter kan verstaan. Dit sal vir die primêre koöperasies die geleentheid gee om beheer te neem oor hul besighede en om die dag-tot-dag bestuur van die besigheid te kan behartig. Dié strategie sal poog om diè nodige struktuur in plek te kry.

### 6.5.6. Samevatting

Uit bostaande strategie van die DHN is die globale doel baie duidelik. Volgens die DHN (2006:20) kan daar duidelik onderskeid getref word tussen twee soorte of groepe landbou-ondernemings, naamlik die groot Blanke landboukoöperasies en landboumaatskappye, en die kleiner Swart landboukoöperasies. Die Blanke landboukoöperasies het die nodige ondersteuning van die staat ontvang, wat hulle help ontwikkel het in die sterk ondernemings wat hul vandag is, en kon baie van hulle omvorm in private maatskappye. Die staat sien dit dus as hul plig om nou ook die agtergeblewenes te help en te bevoordeel, sodat hulle ook kan groei en sterker word. Die hele doel van die DHN (2006:20) is dus om hulp te verleen aan die agtergeblewenes, en focus met hul hele strategie hierop. Dit was ook duidelik uit die veranderinge van die wet dat ook die wetgewing aangepas word om hierdie doel te help verwesenlik.

## 6.6. DIE TOEKOMS VAN LANDBOUKOÖPERASIES EN LANDBOUMAATSKAPPYE

"In SA sal koöperasies (of dan landboukoöperasies) waarskynlik nooit weer die aansien geniet wat dit vir ongeveer 85 jaar gehad het nie. Die oorskakeling van koöperasies na maatskappye was net eenvoudig te groot... tog is diè ondernemingsvorm nie uitgedien nie" (van Zyl, 2000:15). Hoewel meningsverskille bestaan oor die mees geskikte koöperatiewe ondernemingsvorm, het die Kongres van die LBK, (toe nog LKB) na bespreking die voortgesette gebruik van beide die ou bekende vorm van koöperasie en die landboumaatskappy as sakevorm onderskryf (Anon, 1996:11).

Die veranderende omgewing waarbinne die moderne koöperatiewe sakeonderneming moet opereer, noodsaak 'n herdefiniëring van die koöperatiewe identiteit. Dit plaas groter verantwoordelikheid op die lede as aandeelhouers, die direkteur en die personeel (Anon, 1996:11). Mnr. du Toit, hoofbestuurder van die Caledon-Riviersonderend Koöp Bpk, stel in 1996 dat dit 'n wanpersepsie is dat 'n landboukoöperasie met 'n gesonde finansiële struktuur, wat gunstige resultate behaal en met lede wat finansieel sterk is en sy lewensiklus as landboukoöperasie voltooi het, nou moet omskep in 'n landboumaatskappy (Anon, 1996:11). Hy sê ook verder dat so 'n landboukoöperasie juis beter in staat is om diens te lewer aan sy lede en om 'n ontwikkelingsrol te vervul (Anon, 1996:11).

Vd Walt (2005) van die Potchefstroomse Besigheidskool dat die koöperasie as ondernemingsvorm geskik is vir SA se klein en mediumgrootte-ondernemings, hoofsaaklik as gevolg van voordele soos gesamentlike bedinging en bemarking. "Dit vergemaklik ook finansiering, verlaag vaste koste, stel standaarde, help om nuwe markte te ontgin, lei personeel op en versprei risiko. Dit is ideaal vir jong ondernemings en word ook sterk deur die regering aangemoedig" (Vd Walt, 2005). Die feite is egter dat meer as 70 landboukoöperasies in SA in die 2 jaar van 1998 tot 2000 hul ondernemingsvorm verander het en landboumaatskappye gevorm het (van Zyl, 2000:15). Die vraag bly dus: Watter ondernemingsvorm is die beste vir die moderne landbouprodusent?

Volgens 'n opname deur Agri TV (Agri TV, 2003:1) is opinies verdeeld, en die antwoord blyk te wees: dit hang af. Argumente ten gunste van omvorming is beter toegang tot groter kapitale beleggers, toegang tot kwaliteitbestuur (direkteure hoef nie noodwendig lede te wees nie, kan gekwalifiseerde personeel wees), die vermoë om die belange van aandeelhouers en die van kliënte meer in lyn te bring, en 'n ondernemingsingesteldheid wat meestal ontbreek by koöperasies. Argumente ten gunste daarvan om 'n koöperasie te bly, is die feit dat 'n landboukoöperasie se bestaansdoel is om 'n diens vir sy lede te lewer, en nie om ten koste van hulle 'n wins te maak nie.

## 6.7. SAMEVATTEND

Die vraag is aan die begin van die hoofstuk gestel waar diè nuwe generasie van boere wat aan die einde van die apartheidsjare begin het om hul boerderye te ontwikkel, moet inskakel en of daar vir hulle plek gemaak moet word in die strukture van die huidige groot en sterk ontwikkelde landboumaatskappye en/of landboukoöperasies, of moet daar nuwe landboukoöperasies gestig word om hulle te help vestig. Na aanleiding van die strategie van die DHN en die bepalings van die nuwe Koöperasiewet (14/2005) is dit duidelik dat die regering poog om dit vir hierdie geteikende groep produsente maklik te maak om hul eie koöperasie te kan stig en sodoende ook deel te kan hê in die ekonomiese hoofstroom. Uit die LBK se kommentaar blyk dit dat daar sommige bepalings in die wet voorkom, soos die afskaffing van die proporsionele stemregte, waarmee hulle nie saamstem nie. Hulle stem saam dat die wet voordelig is vir die oprigting en ontwikkeling van nuwe koöperasies, maar meen dat die nuwe koöperasies gaan groei en sterker word, en dat die wet se bepalings dan nie meer so positief vir hulle sal wees nie. Die antwoord hierop is dus dat daar wel nuwe landboukoöperasies gestig moet word wat in hierdie produsente se behoeftes kan voorsien.

Verder is al in hoofstuk 1 en weer aan die begin van hierdie hoofstuk gevra of "is die landboubedrywighede in SA nie op 'n punt waar die geskiedenis homself herhaal en die koöperatiewe sektor wel 'n oplossing kan wees nie?" Die antwoord hierop uit die voorgaande analise is dat dit wel die geval is. Uit die doelstellings wat die regering het om ekonomiese groei in die land te bewerkstellig en onder andere armoede en gelykheid aan te spreek, kan daar gesien word dat die koöperatiewe sektor wel die oplossing hiervoor kan wees. Die invloed wat die wet hierop gaan hê is geweldig groot,

aangesien die ontwikkeling van nuwe koöperasies in SA dié wet se grootste fokuspunt sal wees. In die lig hiervan kan gestel word dat die bestaande sterk landboumaatskappye nie geraak word deur die voorgestelde nuwe koöperasiewet nie. Die wet kan opkomende boere help om hul eie landboukoöperasies te stig, wat in tyd dalk ook kan omvorm na landboumaatskappye.

# HOOFSTUK 7: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN VERDERE STUDIE

## 7.1. INLEIDING

Die doel van hierdie navorsing was drie-ledig. Eerstens is daar gekyk na die ontstaansgeskiedenis en redes waarom landboukoöperasies omgeskakel het en steeds omskakel na landboumaatskappye. Dit is gedoen om tweedens te probeer vasstel watter ondernemingsvorm die beste is vir die nuwe en opkomende era boere. Laastens is daar gekyk na die veranderinge in die Koöperasiewet (91/1981) om die invloed van die nuwe Koöperasiewet (14/2005), wat al bekend gestel is, maar waarvan die datum van inwerktreding nog nie bekend is nie, op die keuse van 'n ondernemingsvorm kan hë.

Die doel van hierdie slothoofstuk is dus nou om 'n samevatting te gee oor die hele navorsingsprojek, met 'n verwysing na elke hoofstuk se doel en gevolgtrekkings.

## 7.2. SAMEVATTING

Hoofstuk 1 was 'n inleidende hoofstuk waar die probleemstelling uiteengesit is, asook die metode van ondersoek wat gevolg is. Om net weer saam te vat, word die probleemstelling soos dit voorkom in par.1.2. herhaal.

*Landboukoöperasies wat 'n groot rol gespeel het in die boerdery bedrywighede van boere in die verlede, het baie verander in hul vorm en manier van besigheid doen. Baie van die tradisionele landboukoöperasies het omvorm tot 'n landboumaatskappy. Die geskiedenis van die landboukoöperasie en die redes tot omvorming in 'n landboumaatskappy is belangrik om te bepaal watter ondernemingsvorm is ten beste tot voordeel vir die moderne en opkomende boer. Die nuwe koöperasiewet Nr. 14 van 2005, wat op 18 Augustus 2005 in die Staatskoerant verskyn het, word ook bestudeer om die invloed hiervan te bepaal. Die rol van die landboumaatskappy in hierdie nuwe bedeling sal ook ondersoek word.*

Die studie vra dus eintlik 3 afsonderlike vrae, naamlik (1) waarom verander landboukoöperasies van ondernemingsvorm en skakel om na landboumaatskappye?; (2) Watter ondernemingsvorm is die beste vir die nuwe era, sowel as opkomende

boere?; en (3) watter invloed het die nuwe Koöperasiewet Nr. 14 van 2005 op vraag 2?. Hierdie 3 vrae sal in die volgende paragraaf beantwoord word.

In hoofstuk 2 het die studie begin deur te kyk na die geskiedenis en ontwikkeling van landboukoöperasies, eers in die buiteland, en toe in Suid-Afrika. Die eerste koöperasie is in 1844 gestig deur 27 persone in die dorpie Rochdale in Engeland. Van hier is die hele koöperatiewe begrip uitgedra na die ander lande, en ook na Suid-Afrika, gebasseer op die sogenaamde Engelse model. In Suid-Afrika het die koöperatiewe samewerkingsbegrip al met die ontdekkig van goud en diamante na 1870 en veral na die haglike omstandighede na die Anglo-Boere oorlog in 1902 begin. Die land was toe onder Engelse beheer, en daarom het die Engelse model vir koöperasies ook oorgespoel na Suid-Afrika. Landboukoöperasies in Suid-Afrika het momentum gekry in 1905 met die aanstel van die eerste Superintendent van landboukoöperasies. Met die tyd het al hoe meer koöperasies ontstaan en ook al hoe meer met 'n eg Suid-Afikaanse karakter, weg van die Engelse model. Wetgewings het 'n noodsaaklikheid geword, want as gevolg van die sukses wat daaruit voortvloei, het daar al hoe meer koöperasies ontstaan, soveel so dat oorvleueling 'n problem geword het. Later het die Landbank, die beheerraadstelsels en die Koöperatiewe Raad tot stand gekom. In 1994 het die nuwe regering aan bewind gekom, maar saam met dit ook baie veranderinge en uitdagings veral in die landbousektor.

In hoofstuk 3 en 4 is 'n literatuur-ondersoek gedoen. Landboukoöperasies en landboumaatskappye is in hoofstuk 3 en 4 onderskeidelik in diepte ondersoek. Aan die einde van hoofstuk 4 is daar dan ook 'n vergelyking getref tussen die twee ondernemingsvorme. Beide hoofstukke beskryf eers die wese van die onderneming. Die gevolgtrekking hier was dat 'n landboukoöperasie 'n ekonomiese onderneming is, maar nie op winsbejag ingestel is nie, en wat slegs handel dryf en optree in belang van sy lede. 'n Landboumaatskappy daarenteen is 'n winsbejagde onderneming, wat aandeelhouers het wat belangstel in die dividende wat hulle kan kry. Verder is daar gekyk na die samestelling en struktuur van beide ondernemingsvorme, om ook die wesenlike verskille hier te kon identifiseer. 'n Baie groot verskil wat hier waarneembaar is, is die kwessie rondom die beheer oor die onderneming. Lede van 'n landboukoöperasie het te alle tye volle beheer oor die onderneming as gevolg van die een-man een-stem beleid. In die maatskappyvorm word stemme bepaal deur die aantal

aandele wat iemand besit. 50%+1 aandele gee dus vir enige iemand effektiewe beheer oor die maatskappy. Soos verduidelik in hoofstuk 4, is daar egter beheermeganismes wat toegepas kan word om die beheer te beskerm.

By 'n landboukoöperasie word daar jaarliks bonusse op omsetverhouding uitbetaal, terwyl 'n aandeelhouer van 'n landboumaatskappy dividende, of dan rente op die aandele wat hy/sy in die maatskappy het, kry. As daar gekyk word na die waarde van die aandele en moontike toekomstige groei in hierdie waarde, verskil die aandele van landboukoöperasie baie van dié van 'n landboumaatskappy. Die aandele in 'n koöperasie kan nie groei in waarde nie, en dus kry 'n jarelange lid by uittrede slegs die nominale waarde van sy aandele terug. Die waarde van 'n aandeel in 'n maatskappy is baie meer volatiel en kan groei soos soos wat die maatskappy presteer en so sy aandeelwaarde laat styg. Verder is daar ook gekyk na die eksterne organisasie van beide ondernemingsvorme. Hiermee word bedoel hoe die ondernemings inskakel by die georganiseerde landbou in Suid-Afrika. Hier is gekyk na Agri SA, en die Landboubesigheidskamer (LBK). Die LBK is die organisasie waarby 'n landbou-onderneming – dit wil se 'n landboukoöperasie of 'n landboumaatskappy – kan inskakel, en hulle affilieer weer by Agri SA, en so dien die LBK as spreekbuis vir hierdie ondernemings op nasionale en internasionale vlak, rakende alle landbousake.

Tot dusver is verwys na hoe 'n landboukoöperasie ontstaan het, en hoe dit as onderneming verskil van 'n landboumaatskappy. In hoofstuk 5 is die bedryfsondersoek bespreek. Die hele metode van ondersoek is hier verduidelik, asook die ontleding van die data wat ingesamel is. Die vraelyste wat tydens die gestruktureerde onderhoudvoering gebruik is, is verduidelik en die respondente se reaksies is weergegee. Op die manier kon die redes vir omvorming geïdentifiseer word. Die redes is op bladsy 127 opgesom.

Vraag (1) is dus nou beantwoord. Die redes vir maatskappyvorming van landboukoöperasies is nou bekend. Behalwe vir die redes is daar ook in hierdie hoofstuk voorbeelde gegee van koöperasies wat reeds omvorm het. Uit die redes was dit duidelik dat omvorming plaasgevind het as gevolg van politieke redes, sake oorwegings en moontlikhede wat die maatskappyvorm kan bied, wat nie in die koöperatiewe vorm moontlik is nie. Dit was dus nie as gevolg van negatiewe

eienskappe of probleme in die koöperatiewe vorm nie. Na aanleiding hiervan kon die gevolgtrekkings gemaak word om vraag (2) ook te kan beantwoord. Daar is aangetoon dat die koöperatiewe vorm die beste na die behoeftes van 'n nuwe era of opkomende boer kan omsien. Die redes hiervoor is ook in hoofstuk 5 volledig verduidelik. Dit is egter nie 'n rigiede antwoord nie en daarom sal dit in die volgende afdeling meer volledig verduidelik word.

Koöperasiewet Nr. 14 van 2005 is reeds bekend gestel en geteken deur die President, maar die datum van inwerkstelling is ten tyde van hierdie studie, nog nie bekend gestel nie. Aangesien die antwoord op vraag (2) 'n landboukoöperasie is, en dit direk beïnvloed word deur die Koöperasiewet moes die nuwe wet eers bestudeer word, om te bepaal of dit nie 'n nadelige invloed gaan inhou vir opkomende boere nie en hoe dit die toekoms van landboumaatskappye gaan raak.

Hoofstuk 7 handel dus oor die nuwe Koöperasiewet. Dit begin deur te verduidelik dat die registrateurskantore nou onder die Departement van handel en nywerheid (DHN) gesetel is. Net na hierdie bepaling het die DHN in 2001 tekortkomings in die 1981 wet geidentifiseer, en sy doelwitte uitgesit vir die beplande nuwe wet. Met hierdie bepalings was dit al duidelik dat die regering dit ten doel het om die sogenaame "tweede" ekonomie koöperasies te ondersteun. Dit is die koöperasies wat net voor en na die 1994 verkiesing ontstaan het. Volgens die DHN is hulle verontreg onder die ou wet, wat weer groot Blanke koöperasies bevoordeel het. Dit is dan ook so in die nuwe wet ingewerk, en dit was duidelik dat die klem val op die nuwe era boere veral diè in die landelike gebiede. Dit moet maklik wees vir die boere/produsente om hul eie koöperasie te kan stig en te laat registreer sodoende meer swart en agtergeblewende produsente toegang tot 'n koöperasie te kan gee. Die kwessies van gelykheid en armoede word ook sterk aangespreek in die sin dat koöperatiewe strukture in plek gestel moet word om gelykheid te help bevorder en armoede te verlig.

Om egter 'n meer ingeligde besluit of opinie te kon gee, is daar ook gekyk na die reaksie van die LBK rakende die nuwe wet. Die LBK het formeel kommentaar gelewer op die nuwe wet in die vorm van 'n voorlegging aan die DHN. Hierin is dit baie duidelik dat hulle ongelukkig is met sommige van die bepalings van die nuwe wet. Die belangrikste probleem wat hulle aanspreek is die kwessie rondom proporsionele stemregte wat in

hoofstuk 6 verduidelik is. Dit behels dat een persoon met toestemming van die direksie nie 'n maksimum van hoogstens 3 addisionele stemme kan bekom nie, en dit beteken dat dit nie meer as 'n aansporingsmeganisme kan gebruik word om lede te motiveer om meer besigheid by sy landboukoöperasie te doen nie. Hulle sê ook dat sommige van die bewoording en bepalings soos dit nou voorkom in die nuwe wet nie ooreenstem met ander wetgewings soos bv. die belastingwet nie. Dan is daar ook gekyk na 'n dokument wat die 2006 strategie van die DHN vir koöperasies weergee. Hieruit is dit ook net weereens duidelik dat hierdie departement regtig ernstig is om die gaping wat daar volgens hulle tans bestaan tussen sterk Blanke landboukoöperasies en swakker Swart landboukoöperasies te laat wegval. Hulle fokus is dus heeltemal op die kleiner, swakker en agtergeblewende koöperatiewe ondernemings.

Hierdie hoofstuk beklemtoon dus net nog meer die feit dat die koöperatiewe sektor die antwoord op vraag 2 moet wees. 'n Nuwe en jong boer het die hulp en raad van 'n landboukoöperasie nodig as gevolg van die samewerkingsvoordele wat hy/sy daardeur kan kry. Die regering gaan ook moeite doen om hierdie landboukoöperasies te ondersteun waar nodig. Die antwoord op vraag 3 is dus dat die nuwe wet se invloed baie positief sal wees vir nuut ontwikkelde en swakker landboukoöperasies, en dus bly die navorser se antwoord op vraag 2 onveranderd. Die plek van landboumaatskappye in die nuwe bedeling sal dus wees om hulle huidige rol voort te sit en die gevestigde (meestal Blanke) boere van diens te wees. Soos die opkomende landboukoöperasies sterker word kan hulle later omskakel na landboumaatskappye om die voordele (soos in hoofstuk 5 en 6 uiteengesit) te kan benut.

## 7.3. ALGEMENE GEVOLGTREKKING

'n Algemene gevolgtrekking kan nou rakende die navorsingsprobleem gemaak word. Die eerste gevolgtrekking is die feit dat landboukoöperasies omgeskakel het (en steeds omskakel) na landboumaatskappye, as gevolg van die veranderinge van die tyd. Daar is egter geen negatiewe konnetasies aan 'n landboukoöperasie nie, en geen rede waarom daar nie juis nou, in die moeilike omstandighede met baie nuwe Swart en agtergeblewe produsente, nuwe koöperasies opgerig moet word om hulle te help nie. Die koöperatiewe ondernemingsvorm is van so 'n aard om juis die probleme wat die huidige produsente in die gesig staar te kan aanspreek. Armoede en onkunde is van die grootste probleme wat voorkom. Die koöperatiewe gedagte leen hom uitstekend vir

presies dit wat die woord sê naamlik koöperasie, saamwerk, saam koop, saam verkoop en ten beste beding vir die groep wat groter krag het as die enkelinge. Matige kruissubsidiëring en volle beheer deur die lede is presies wat hier verlang word en daar kan op verpoelde wyse op die lede se belang gefokus word, baie eerder as wat die lid of aandeelhouer gesien word as 'n belegger wat net dividende verdien of aandele het wat kan groei in waarde. Soos wat hierdie landboukoöperasies vir die nuwe boere sterker word kan hulle weer omskakel na maatskappye of hulle eie sentrale koöperasies daarstel. Hulle kan ook aandele in 'n maatskappy koop, waarvan die dividende en ander inkomste gelykop tussen die lede verdeel kan word. Daar is dus baie moontlikhede vir die toekoms wanneer hierdie koöperasies gevestig is, maar vir die nuweling is 'n koöperasie die antwoord. Die huidige landboumaatskappye sal hulle huidige, baie belangrike, rol in die landbou bly speel.

'n Verder gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat die nuwe Koöperasiewet (14/2005) wel in verskeie opsigte verskil van die 1981 wet, en dat die regering ten doel het om die koöperatiewe sektor te gebruik om die gaping tussen ryk en arm te verklein, en ook om vorige diskriminasie teen 'n geteikende groep boere reg te stel. Die nuwe wet hou dus baie voordele in vir die tweede ekonomie koöperasies asook vir die oprig van nuwe koöperasies, maar soos die LBK dit stel is die doelstellings van die regering in verband hiermee baie kortsigtig. Die rede hiervoor is dat diè koöperasies ook later groot sterk ondernemings sal word wat dan ook nie meer die voordeel van die bepalings van die wet vir klein koöperasies gaan kan gebruik nie. 'n Oplossing vir hierdie probleem kan wees dat hulle dan omvorm na landboumaatskappye omdat hulle dan sterk genoeg is om die voordele van die maatskappy as ondernemingsvorm te benut.

## 7.4. MOONTLIKHEDE VIR VERDERE STUDIES

Die diversiteit van die landbou sektor en die snelle pas van veranderinge in die ekonomie en die algemene samelewing maak die moontlikhede vir verdere studies in hierdie rigting baie groot. 'n Gebied waar hierdie studie nog verder geneem kan word is die navorsing rondom gedeeltelike maatskappyvorm. 'n Landboukoöperasie kan slegs 'n gedeelte van sy onderneming, bv. die bedryfsgedeelte wat die wins moet genereer omsit in 'n maatskappy, terwyl die handelsgedeelte wat 'n diens moet lewer aan die lede in 'n koöperasie gehou word. Die hele aspek rondom die vrye bemarkingstelsel is ook 'n

verdere studie op sy eie. Hier kan bv. bepaal word watter stappe deur die landbou-ondernemings geneem kan word om die boere op hierdie gebied nog meer te kan bystaan. Aangesien daar nog baie min studies in die landbou-omgewing gedoen is en veral rondom die ondernemingsvorme van landbou-besighede, is daar nog baie moontlikhede vir verdere studies.

# BYLAAG A

Beleidsdokument oor Koöperatiewe Ontwikkeling: Uiteensetting van die ideale struktuur

Met inagneming van voorveronderstellings en bevingdings, sien die Koöperatiewe Kongres die ideal vir die toekomstige struktuur van landboukoöperasies soos volg:

Primêre landboukoöperasie

a. Omskrywing

Hieronder word verstaan 'n *plaaslike koöperasie* wat binne 'n omskrewe gebied verantwoordelik moet wees vir die hulpdienste met betrekking tot:

(i) Produksie (onder meer die verskaffing van voorligting en benodigdhede)

(ii) Versameling (onder meer vervoer, gradering, verpakking en opberging)

(iii) Verwerking (waar dit vir sy boere voordeliger is as deur 'n sentrale)

(iv) Bemarking (absoluut binne sy eie gebied, maar daarbuite in so 'n mate dat hy nie met 'n ander landboukoöperasie bots en die boer se produkprys afgedwing word nie).

In die lig daarvan dat huidige struktuur en plaaslike vlak reeds emstige probleme tot gevolg het en dat hierdie probleme op die ontwikkeling van hierdie struktuur ook in die toekoms dieselfde uitwerking kan hê, het die Koöperatiewe Kongres – nadat hy hom deeglik vergewis het van die feitlike posisie en besin het oor alle moontlike weë om die huidige struktuur te verbeter- besluit dat dit die ideaal behoort te wees dat slegs een landboukoöperasie 'n omskrewe gebied bedien. Dit beteken, byvoorbeeld, dat landboukoöperasie A in gebied X al sy lede behulpsaam sal wees met die produksie en die versameling en indien wenslik, ook met die verwerking van produkte binne die gebied. Kortom, die kongres sien die oplossing van die huidige probleme in die stigting van alles-ondernemende landboukoöperasies, wat alle moontlike primêre funksies wat 'n landboukoöperasie kragtens die Wet kan verrig, verrig binne gebiede wat duidelik in hul statute omskrywe is; dit moet met uitsluiting van enige ander landboukoöperasie binne elkeen se omskrewe gebied verrig word.

b. Voordele

Ter inleiding kan dit gestel word dat hierdie stelsel hom reeds in die praktyk in 'n groot mate suksesvol bewys het. Dit is die geval in daardie gebiede waar landboukoöperasies 'n hele aantal produkte hanteer, 'n volle reeks boerderybenodigdhede verskaf en in staat is om dienste van omvattende omvang tot beskikking van die lede te stel. So 'n stelsel kan voordele inhou. Wanneer 'n kommoditeitskooperasie gestig word, is die personeel, maar ook die Raad van Direkteure, ingestel daarop om die produksie van die betrokke kommoditeit te bevorder en daardeur die bestaansreg en lewensvatbaarheid van die landboukoöperasie te bewys. Die basiese gedagte dat 'n landboukoöperasie sy lede van diens moet wees gaan dus dikwels verlore, aangesien dit nou meer om die produk as om die boer gaan.

Wanneer 'n alles-ondernemende landboukoöperasie daargestel word, word die basiese gedagte behou dat die landboukoöperasie vir die boer daargestel word, en die doel van hierdie landboukoöperasie is dan uitsluitlik om die boer tot diens te wees en om die potensiaal van sy boerdery-eenheid ten volle te benut, sonder die vrees dat die hele landboukoöperasie kan misluk as gevolg van die feit dat die produksie van 'n besondere kommoditeit afneem.

Indien 'n alles-ondernemende landboukoöperasie daargestel word, is so 'n landboukoöperasie beter in staat om advies en voorligtingsdienste aan die boer as ondernemer te lewer, en om ook van die leemtes in die kredietverskaffing te oorkom. Op die oomblik verskaf sekere landboukoöperasies krediet aan hulle lede, maar die bepalende faktor is dat die krediet slegs aangewend word vir produksie van die besondere kommoditeite wat die landboukoöperasie hanteer en ook vir die periode wat die landboukoöperasie gewoonlik bepaal, ooreenkomstig die tyd wanneer die produk(te) gelewer word. Dit is 'n feit dat boere in die algemeen vandag baie van geleende fondse gebruik moet maak, en kredietverskaffers is in die algemeen bereid om fondse aan die boer beskikbaar te stel.

Indien slegs een landboukoöperasie daargestel word om fondse tot beskikking van boere in 'n bepaalde omgewing te stel, kan die risiko daaraan verbonde verminder word, aangesien die boer nie meer by verskillende landboukoöperasies krediet verkry nie.

Verder sal die boer nou in staat gestel word om krediet te bekom vir die potensiaal van sy boerdery-eenheid en nie slegs vir die produksie van 'n besondere kommoditeit nie. So 'n stelsel sal die plaaslike landboukoöperasie in staat stel om aan die behoeftes van die hedendaagse boer te voldoen, maar ook aan die van die boer oor die aantal jare, aangesien dit beter in staat sal wees om tred te hou met die behoeftes van die tyd.

Die alles-ondernemende landboukoöperasie sal weet dat sy enigste mededinger ten opsigte van die boer se benodigdhede, die nie-koöperatiewe sektor is en meer voorrade kan op verskillende voorsieningspunte tot beskikking van die boere gestel word. Op die oomblik is die risiko te groot as gevolg van die oorvleueling en mededinging tussen die landboukoöperasies en gevolglik verkry boere nie die volle voordeel wat die landboukoöperasie kan bied nie.

Die boer word nie verdeel tussen die verskillende landboukoöperasies nie – waar die verskillende Rade van Direkteure elk sy eie beleid neerlê – maar die boer en sy plaas word nou as 'n eenheid behou met een lojaliteit en een landboukoöperasie wat die verantwoordelikheid dra.

Die alles-ondernemende landboukoöperasiegedagte sal die toekoms van die landboukoöperatiewe beweging heilsaam beïnvloed, aangesien een landboukoöperasie makliker die aanslae van onbeheerbare faktore, byvoorbeeld droogtes, haelskade, ensovoorts, die hoof kan bied. Dit het op sy beurt die voordeel dat die besondere landboukoöperasie beter kan beplan en begroot. Verder sal seisoenale skommelinge nie so 'n geweldige invloed op die aktiwiteite van so 'n landboukoöperasie en ook op die personeel hê nie.

Wanneer nuwe produkte geproduseer word, kan so 'n landboukoöperasie hierdie produkte makliker akkommodeer, aangesien hy reeds gevestig is, oor die nodige personeel beskik en die nodige fondse tot sy beskikking het – groot dele van die land leen hulself nog tot die produksie van nuwe produkte.

Die alles-ondernemende landboukoöperasie leen homself tot die moontlikheid om skaars bronne te mobiliseer. In hierdie verband word gedink aan arbeid, elektrisiteitsvoorsiening, vervoer en ander benodigdhede.

Die populêre gedagte is tans om in die rigting van die sogenaamde "een-stop" wyse van sake doen te beweeg. Die gedagte van 'n alles-ondernemende landboukoöperasie sal die geleentheid aan die koöperatiewe beweging bied om in hierdie verband tred te hou met die ontwikkeling in die algemene sakewêreld.

Om een of ander rede is sekere landboukoöperasies slegs bereid om 'n beperkte reeks boerderybenodigdhede te verskaf of ander dienste te lewer. Deur 'n alles-ondernemende landboukoöperasie daar te stel, kan nie net 'n meer ekonomiese diens gelewer word nie, maar die gehalte van die diens kan ook baie verbeter word.

Deur die lid se bedingingsmag en potensiaal in een landboukoöperasie saam te voeg, kan sekere voordele wel verkry word, wat andersins nie die geval is nie. Op die oomblik byvoorbeeld, beskik individuele landboukoöperasies nie oor die maksimum bedingingsmag van hulle lede nie, aangesien hulle slegs 'n enkele kommoditeit van hul lede hanteer. Sommige nie-koöperatiewe ondernemings, daarenteen, hanteer 'n reeks aanverwante produkte, en deur onderlinge subsidiëring is hierdie ondernemings in 'n gunstiger posisie as gespesialiseerde kommoditeitskoöperasies.

c. Oorwegings

By die bepaling van die bedieningsgebied van elke primêre landboukoöperasie, moet die volgende faktore in ag geneem word:

<u>Ledekontrak</u>

Aangesien dit belangrik is dat die sosiale band tussen die lid en sy landboukoöperasie behoue moet bly vir die sukses van die koöperatiewe ondernemingsvorm, moet elke primêre landboukoöperasie se bedieningsgebied beperk word sodat die lede onderling, sover moontlik, 'n homogene groep vorm. Deur doelmatige bestuur behoort die amptenare in staat gestel te word om 'n beter skakel as tans ten opsigte van administratiewe probleme, tussen die lid en die landboukoöperasie te vorm. Daarnaas vorm die direkteure, weens hul intieme kennis van die hele bedieningsgebied, 'n beter skakel sover dit beleidsake betref. Die gebied moet hom dus leen tot die nouste wisselwerking tussen die lid-amptenaar-direkteur.

Bedryfsekonomiese oorwegings

Aangesien die aard en die wese van die boerderybedryf van 'n bepaalde gebied van deurslaggewende belang is, moet aan elke primêre landboukoöperasie 'n gebied toegewys word wat, eerstens, die nodige minimum omsetpotensiaal sal verskaf, en tweedens, geografies van so 'n aard is dat nie net diegene wat bymekaar hoort saamtrek nie, maar ook daardie produkte wat bymekaar hoort.

Uitskakeling van belangebotsings

Waar daar in 'n besondere gebied een of meer produkte voorkom wat van beperkte omvang is, en die vrees by hierdie produsente bestaan dat hulle oorskadu sal word deur die res van die lede, word aan die hand gedoen dat in sulke gevalle nie net van afsonderlike poelrekenings gebruik gemaak word nie, maar dat daar ook adviserende komitees vir bepaalde produkte in die lewe geroep word. Wyksverteenwoordiging op direksies word aanbeveel waar die gebied hom daartoe leen.

Sentrale landboukoöperasie (Kommoditeitskoöperasie)

a. Omskrywing

Hieronder word verstaan 'n landboukoöperasie, gestig deur primêre landboukoöperasies vir 'n besondere landbouproduk, wat verantwoordelik moet wees vir die funksies van:

(i) Verwerking (onder meer vormverandering byvoorbeeld inmaak, maal, stook, ensovoorts) en

(ii) Bemarking (onder meer verspreiding, verkoopsbevordering, prysbedinging, ensovoorts)

Kortliks beteken dit dat waar dit in die belang van die lede is om die produk sentraal te verwerk en van belang is vir die bemarking van die produk in primêre of verwerkte vorm, behoort primêre landboukoöperasies 'n streeks- of nasionale sentrale kommoditeitskoöperasie te stig, ten einde hierdie funksies te vervul. Waar hulle streeksentrales gestig het, behoort hulle 'n nasionale sentrale landboukoöperasie te stig.

b. Motivering

Hierdie struktuur is nodig om te verseker dat die nodige samesnoering van belange bewerkstellig kan word en derhalwe die maksimum bedingingsmag in belang van die boer daargestel word.

Sentrale landboukoöperasies ( Funksionele koöperasies)

a. Omskrywing

Hieronder word verstaan 'n landboukoöperasie, gestig deur primêre landboukoöperasies, wat verantwoordelik moet wees vir die aankoop, vervaardiging of verspreiding van benodigdhede of die lewering van 'n bepaalde diens byvoorbeeld versekering, verskeping, ensovoorts, oor die hele land. Hierdie landboukoöperasies moet dus optree ten opsigte van daardie aktiwiteite wat landswyd eenvormig by die primêre landboukoöperasies van toepassing is.

b. Motivering

Aangesien dit belangrik is dat by die verskaffing van benodigdhede of dienste, die maksimum voordeel slegs verkry kan word deur sentrale optrede en bedinging in belang van die produsent, moet dienste wat landswyd eenvormig by die primêre landboukoöperasies is, aan die primêre landboukoöperasies voorsien word deur 'n landboukoöperasie wat gespesialiseerd landswyd optree.

c. Voordele

(i) Sulke landboukoöperasies sal die hele land bedien en derhalwe die bedingingsmag in belang van die boer in een landboukoöperasie saamtrek.
(ii) Daar sal eenvormigheid in die formulering en toepassing van beleid wees.
(iii) Omdat slegs een landboukoöperasie 'n bepaalde aktiwiteit sal onderneem, kan dit lei tot 'n verlaging in koste.

(iv) Die ideaal leen hom tot die moontlikheid om hoogs bekwame personeel te betrek en gespesialiseerde aandag aan die verskillende fasette van die besondere aktiwiteite te skenk.

(v) As gevolg van die feit dat dit 'n landboukoöperasie sal wees wat landswyd optree, en die landboukoöperasie oor die voltydse dienste van gespesialiseerde personeel sal beskik, sal so 'n landboukoöperasie beter in staat wees om tred te hou met die vereistes van die tyd en om vir die toekoms in belang van die produsente te beplan.

Federale landboukoöperasies

Hieronder word verstaan 'n landboukoöperasie, gestig deur sentrale landboukoöperasies. Kortom beteken dit dat sentrale landboukoöperasies, waar dit in belang van die produsent is om die bedingingsmag verder te koördineer, volgens behoefte, federale landboukoöperasies moet stig wat 'n kommoditeits-, benodigdhede- of diensinslag het (Arangies,1984:21-24).

**BYLAAG B**

# VRAELYS:

1. Naam van u maatskappy:

_______________________________________________

2. Naam van die persoon wat die vraelys invul:

_______________________________________________

3. Pos wat u beklee:

_______________________________________________

4. Tydperk wat u betrokke is by die maatskappy:

_______________________________________________

5. Datum van ontstaan van koöperasie:

_______________________________________________

6. Datum van omskakeling na 'n maatskappy:

_______________________________________________

7. Dorp:

_______________________________________________

Dui die belangrikheid aan van elk van die volgende vrae op 'n skaal van 1 tot 7 waar 1 = Minste belangrik en 7 = Uiters belangrik:

**(A) Polities:**

1. Hoe groot rol het die nuwe regering in u besluit rondom maatskappyvorming gespeel?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

2. U was seker ook bekend met die LAPC se invloed in die landbou na die nuwe regering aan bewind gekom het. Wat is u mening rondom die beleid en hoe groot invloed hetdit gehad op u besluit tot omvorming?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

3. Ook die Landbank het saam met die nuwe regering 'n nuwe beleid gehad wat gedreig het om groot Blanke landboukoöperasies nie meer soveel finansiële hulp as vroeër te bied nie, maar eerder te fokus op nuwe opkomende landbou en die vestiging van kleinboere. Hoe het dit u besluit beïnvloed?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

4. Deel van die bekommernisse wat saam met die nuwe beleide en regering gekom het, was die moontlike deregulering van bemarkingsrade. Het dit enige invloed gehad op u onderneming se besluite in die tyd en indien wel in hoe 'n mate?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

5. Die regering het ook gedreig om die silo's wat vroeër jare met staatshulp opgerig is, oor te neem. In hoe 'n mate het die dreigingemente u koöperasie beïnvloed, veral met die oog op die omvormingsbesluite?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**(B) *Sakeoorwegings*:**

6. Hoe groot rol het kapitaalontginning gespeel in u keuse tot omvorming al dan nie?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

7. Wat was u eiekapitaalverhouding voor omvorming en het dit enigsins verbeter?

_______________________________________________

_______________________________________________

8. Wat was u skuldverhouding voor omvorming en het dit verbeter?

_______________________________________________

_______________________________________________

9. Die volgende fundamentele elemente kan onderskeidelik alleenlik of meer doeltreffend deur middel van hetsy 'n koöperasievorm of maatskappyvorm bereik word, of dit is neutraal ten opsigte van die ondernemingsvorm. Dui op die tabel aan watter een u dink van toepassing is met 'n rede by elk.

| | | Koöperasievorm | | | Maatskappyvorm | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes | Alleenlik geskik | Meer geskik | Neutraal | Alleenlik geskik | Meer geskik |
| Verskanste beheer | 9.1 | | | | | |
| Waardeontsluiting | 9.2 | | | | | |
| Kompensasie van huidige lede | 9.3 | | | | | |
| Personeelaansporings<br>- Aandelestelsel<br>- Bonusstelsel | 9.4<br>9.5 | | | | | |
| Graanbemarking<br>- Verskanste beheer oor silo's<br>- Sentrale bemarking | 9.6<br>9.7 | | | | | |
| Struktuurbuigsaamheid | 9.8 | | | | | |
| Besigheidsprosesherontwerp | 9.9 | | | | | |
| Verwerwing van kundigheid | 9.10 | | | | | |
| Kapitaalbou | 9.11 | | | | | |
| Kapitaalwerwing | 9.12 | | | | | |
| Beursnotering | 9.13 | | | | | |
| Toegang tot Landbankfinansiering | 9.14 | | | | | |
| Belastingeffektiwiteit | 9.15 | | | | | |
| Diensoorwegings – plaaslike ledegemeenskappe | 9.16 | | | | | |
| | | | | | | |

9.1 ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

9.2 ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

9.3 ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

9.4

9.5

9.6

9.7

9.8

9.9

9.10

9.11

9.12

9.13 ______________________________

9.14 ______________________________

9.15 ______________________________

9.16 ______________________________

**(C) Ledebelang:**

10. Volgens kundiges het Landboumaatskappye sekere voordele bo landboukoöperasies. Dui by elk van die volgende op 'n skaal van 1 tot 7 (waar 1 = uiters swak of geen invloed nie en 7 = baie sterk), hoe sterk die volgende moontlike voordele u besluite beïnvloed het:

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 10.1. Verhandelbaarheid van aandele | | | | | | | |
| 10.2. Verhoogde sekuriteitstatus | | | | | | | |
| 10.3 Groter likiditeit deur verkoop van aandele | | | | | | | |

10.4. Kan deel in toekomstige waardegroei van onderneming

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

10.5 Die ontsluiting van reserwes

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**(D) Ander:**

11. Om beheer te behou oor die maatskappy is 'n belangrike kwessie by die besluit van byvoorbeeld 'n nuwe struktuur. Hoe het u maatskappy te werk gegaan om te verseker dat u nie beheer verloor nie?

12. Het u maatskappy met 'n ander onderneming saamgesmelt of dan geamalgameer? Indien wel wat was die belangrikste redes hiervoor? Indien nie, het u onderneming dit oorweeg?

13. Hoe hanteer u maatskappy die kwessie van teenstrydige belange as dit kom by die aandeelhouer wat ook die kliënt is?

14. Het u totaal omgeskakel na 'n maatskappy as ondernemingsvorm of het u onderneming net gedeeltelik omgeskakel? Gee ook redes hiervoor? Indien wel, watter besigheidsaktiwiteite of watter deel het oorgeskakel?

15. Hoe sien u maatskappy hul rol in die aansporing of motivering van personeel?

16. Hoe sien u die verskil in die rol van die bestuur en direksie van u maatskappy?

17. Die volgende is moontlike vrae wat by die lede kon opkom waarvan sommiges wel 'n kopseer was tydens die omskakelingsproses. Wat is u mening rondom elkeen en hoe het u maatskappy die hele proses van onsekerheid en vrae by die lede hanteer?

17.1 Gaan lede beheer oor die silo's verloor?

17.2 Kan die maatskappy later besluit om beheer af te staan weens laer waarde van die aandele in beleggings teenoor die vrye verhandelbare aandele?

17.3 'n Buitebelegger sal 'n verteenwoordiger op die direksie wil hê?

17.4 Sal maatskappyvorming lei tot die sluiting van sekere handelstakke, dienspunte, verhoging van pryse en laer bevoorrading?

17.5 Gaan daar 'n verlies van ledefondse of pensioengeld plaasvind?

17.6 En 'n daling in aandelewaarde?

17.7 Verlies van noue band tussen lid en koöperasie en tussen lid en direkteursverteenwoordiging?

17.8 Nog direkteursverteenwoordiging volgens wyke wees?

17.9 Moontlike oorname deur bestuur?

17.10 Word aandele aan personeel geskenk?

17.11 Hou die toekenning van aandele uit die reserwes nie 'n belastingimplikasie in nie?

17.12 Gaan die maatskappy noteer op aandelemark?

17.13 Watter voordele sal dit vir my as aandeelhouer inhou?

17.14 Wat was volgens u, u maatskappy se grootste beweegrede tot die besluit van omvorming?

Is daar nog enigiets wat u kan byvoeg?

Baie dankie vir u tyd en moeite met my studie.
Dit word opreg waardeer!!

# BRONNELYS:

ADAMS, J.J. 1952. 'n Oorsig van die ontwikkeling van koöperasies in Suid-Afrika. Stellenbosch.

AGRI SA. 2006. Tuiste van die Suid-Afrikaanse Boer. Agri SA tuisblad. [Web:] http://www.agrisa.co.za/ [Datum van gebruik: 24 Feb. 2006].

AGRI -TV. 2003. Agri-TV se tuisblad. [Web:] http://www.agritv.co.za/co_vs_corp.html [Datum van gebruik: 21 Feb. 2006].

ANON. 1996. Maatskappy en ou vorm van koöperasie het 'n plek. *Die Boer: Suid-Afrikaanse Landbou-unie*, 24(7):2-11, Jul.

ARANGIES, J. 1984. Oorvleueling tussen landboukoöperasies in die RSA. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (D.Comm.)

BHUYAN, S. & OLSON, E.F. 1998. Potential role of non-agricultural co-operatives in rural development: A report on focus group studies conducted in rural North Decota. *American Journal of Agriculture Economics*, 70(5), 1-17, Des.

BKB (Boere-Saamwerk beperk). 2006. The historical development of BKB. BKB tuisblad. [Web:] http://www.bkb.co.za [Datum van gebruik: 21 Feb. 2006].

BORG, W.R. & GALL, M.D. 1989. Educational research: An introduction. 5de uitg. New York : Longman.

BOSHOFF, C.H. 1968. Die wese en omvang van 'n koöperasie. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Navorsingsverslag. 1/1968.) 78 p.

BOUDREAU, C. 2001. UK: Ageing Co-ops at a Crossroad. *Journal of Co-operative Grocer: an electronic journal, 97:1-2.* [Web:] http://www.cooperativegrocer.coop/articles/index.php?id=357 [Datum van gebruik: 31 Mrt. 2006].

CAMPBELL, D. 2003. The keeper of the co-op faith. *Rural Cooperatives*, 70(2):2, Mar/Apr. [In EBSCOHost: Business Source Premier, Full Display: //www-sa.ebsco.com] [Datum van gebruik: 25 Aug. 2003].

CHADWICK, B.A., HOWARD, M.B. & STAN, L.A. 1984. Social science research methods. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

CILLIERS, H.S. & BENADE, M.L. 1973. Maatskappyereg. 2de uitg. Durban : Butterworth.

COMPETITION COMMISSION (Competition Tribunal Republic of South Africa). 2003. The Competition Tribunal tuisblad. [Web:] http://www.comptrib.co.za/decidedcases/html/04LMJAN03.htm [Datum van gebruik: 20 Jan. 2006].

COSATU. 2001. COSATU Submission on the Draft Co-Operatives Bill. COSATU tuisblad. [Web:] http://www.cosatu.org.za/docs/2001/coopsbil.htm [Datum van gebruik: 21 Feb. 2006].

DE WET, J.J., DE K. MONTEITH, J.L., VENTER, P.A. & STEYN, H.S. 1981. Navorsingsmetodes vir die opvoedkunde: *'n inleiding tot empiriese navorsing*. Durban, Pretoria: Butterworth.

DEPARTEMENT van Handel en Nywerheid (DHN) ***kyk*** SUID-AFRIKA. Departement van Handel en Nywerheid.

DEPARTEMENT van Landbou-ekonomie en Bemarking ***kyk*** SUID-AFRIKA. Departement van Landbou-ekonomie en Bemarking.

DOYER, T. (tobias@abbiz.co.za) 2006. Submission on the Co-operatives Bill to the Portfolio Committee on Trade and Industry. [E-pos aan:] Grobler, M.J. (kkomplaas@intekom.co.za) Feb. 23.

DREYER, J.S. 1993. Navorsingsmetodologie: Praktiese teologie. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika. (Studiegids PTB 302-A, 229-292).

DU PLESSIS, P.G. , (red.) 1986. Toegepaste Bedryfsekonomie: 'n Inleidende oorsig. Pretoria : HAUM.

DYER, C. 1995. Beginning research in psychology: A practical guide to research methods and statistics. Oxford: Blackwell.

GROBLER, JE. 2005. Mondelinge mededeling aan outeur. Voorsitter van direksie van Senwes. Klerksdorp. (Kassetopname in besit van die outeur.)

HAGAN, F.E. 2000. Research methods in criminal justice and criminology. 5de uitg. Boston : Allyn & Bacon.

HASKELL, J. 2003. Why Co-operatives?. *Rural Cooperatives*, 70(3):7, Mei/Jun. [In EBSCOHost: Business Source Premier, *Full Display: //www-sa.ebsco.com*] [Datum van gebruik: 3 Jul. 2001].

HUYSAMEN, G.K. 1993. Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe. Pretoria: Southern

ICA (International Co-operative Alliance). 2005. ICA tuisblad. [Web:] http://www.ica.coop/ [Datum van gebruik: 1 Sep. 2005].

KING COMMITTEE. 2002. The secretary of the King Committee. [Web:] http://www.ecseonline.com/King [Datum van gebruik: 3 Sep. 2005].

JOYNT, E. (emarie.joynt@senwes.co.za) 2006. Mondelinge mededeling aan outeur sowel as stukke deurgestuur. Sekretaris van Senwes. Klerksdorp. [*E-pos aan:*] Grobler, M.J. (kkomplaas@intekom.co.za) Jan. 30.

KOMMISSIE van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede ***kyk*** SUID-AFRIKA. Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede.

KOÖPERATIEWE RAAD van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie ***kyk*** SALU.

LANDBANK. 1997. Land Bank submission to the truth and *reconciliation commission*. Landbank tuisblad. [Web:] http://www.landbank.co.za/landbank/articles.htm [Datum van gebruik: 11 Okt. 2005].

LANDBANK. 1999. A mandate in Action: The Land Bank today. Landbank tuisblad. [Web:] http://www.landbank.co.za/landbank/articles.htm [Datum van gebruik: 11 Okt. 2005].

LANDBOUBESIGHEIDSKAMER ***kyk*** LBK.

LBK (Landboubesigheidskamer). (tobias@abbiz.co.za) 2006. *Presentation to the South African Treasury regarding cooperative taxation*. [E-pos aan:] Grobler, M.J. (kkomplaas@intekom.co.za) Feb. 23. (Ongepubliseer.)

LOUBSER, A. 2005. Enkele aspekte rondom die King II verslag. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika (Departement Handelsreg). [Web:] http://www.unisa.ac.za [Datum van gebruik: 11 Okt. 2005].

LOURENS, M.J. 1996. Maatskappyvorming vir Sentraalwes. (*In* 'n dokument uitgegee aan alle lede van Sentraalwes op 24 Jul. 1996).

MARX, S. & RADEMEYER, W.F. , (reds.) 1990. 2 vols. Bedryfsekonomie. Pretoria : Van Schaik.

MARX, S., RADEMEYER, W.F. & REYNDERS, H.J.J. , (reds.) 1991. Bedryfsekonomie: Riglyne vir ondernemingsbestuur. Pretoria : Van Schaik.
MASON, J. 1996. Qualitative researching. London : Sage.

MCMILLAN, J. & SCHUMACHER, S. 1997. Research and education: a conceptual introduction. 4de uitg. New York : Longman.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1992. Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe. Hers uitg, 3de dr. Pretoria : RGN.

NAMPO. 1997. Proposals for a nun-statutory mechanism to address the problem of widely fluctuating maize prices in South Africa. Dokument voorgelê tydens Nampo se jaarkongres op 1 April 1997.

NCBA (National Cooperative Business Association). 2005. NCBA tuisblad. [Web:] http://www.ncba.org/ [Datum van gebruik: 5 Aug. 2005].

NIEUWENHUIZEN, P. 1999. Kwesbaarheid van Suid-Afrika se Landbou-ondernemersbasis. *ProAgri*, 27:26-27, Jun.

ORTMANN, G.F. & KING, R.P. 2006. *Small-scale farmers in South Africa: Can agricultural cooperatives facilitate access to input and product markets?*. Minnesota : University of Minnesota. (Staff paper series P06-4).

PALYS, T. 1997. Quantitative and qualitative perspectives. 2de uitg. Simon Fraser University. Toronto : Hartcourt Brace.

PARASUMAN, A., ZEITHAML, V. & BERRY, L. 1985. A conceptual Model of Service Quality and It's Implications for Future Research. *Journal of Marketing: an electronic journal*, 49:41-50. [Web:] http://www.lut.fi/kati/courses/kv-markkinointi/090246000/ServiceQuality.pdf [Datum van gebruik: 7 Mrt. 2006].

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1993. Psigologiewoordeboek. 2de uitg. Johannesburg : Lexicon.

PRETORIUS, J.T. 2000. Capital maintenance doctrine in South African Corporate law. [Beskikbaar op web:] http://www.accaglobal.com/publications/studentaccountant/36856 [Datum van gebruik: 7 Mrt. 2006].

RäDEL, F.E. & REYNDERS, H.J.J. 1980. *Inleiding tot die Bedryfsekonomie*. *Pretoria:* Van Schaik.

RANDALL, T. 2001. Commitment to cooperative systems. *Rural Cooperatives*, 68(1):2, Jan/Feb. [In EBSCOHost: Business Source Premier, Full Display: //www-sa.ebsco.com] [Datum van gebruik: 25 Aug. 2003].

RöPKE, J. 1992. Cooperative Entrepeneurship. Marburg: Marburg Consult.

ROSNOW, R.L. & ROSENTHAL, R. 1996. Beginning behavioral research: A conceptual primer. 2de uitg. New Jersey, **USA** : Prentice Hall.

SA ***kyk*** SUID-AFRIKA.

SUID-AFRIKAANSE LANDBOU-UNIE ***kyk*** SALU.

SALU. 1966. Inleiding tot die Koöperasiewese. Pretoria : Koöperatiewe Raad van die SALU.

SALU. 1970. Koöperatiewe kernbesluit insake oorvleueling en onekonomiese dienste. Verslag van Studiegroep. Pretoria. Dokument 84/71.

SALU. 1971. Beleidsdokument oor Koöperatiewe Oorvleueling. Pretoria. Dokument 136/80.

SALU. 1996. Koöperatiewe sake. (Radiopraatjie nr. 05/96. soos oor Landbouradio op 6 Februarie 1996.)

SALU. 2003. Die pad vorentoe vir die koöperatiewe beweging. (*In* 'n Interne inligtingsdokument vir die koöperatiewe beweging : Die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Pretoria. **P. 1-6.**)

SASKO (Sasko Milling & Baking). 2006. Sasko tuisblad. [Web:] http://www.sasko.co.za/ [Datum van gebruik: 20 Jan. 2006].

SENTRASURE (Sentrasure Beperk). 2005. Sentrasure tuisblad. [Web:] http://www.sentrasure.co.za/ [Datum van gebruik: 20 Jan. 2006].

SENWES. 2005. 'n Nuwe dag het aangebreek: Senwes se waardeontsluitingstrategie. Inligtingstuk uitgegee deur Senwes aan hulle lede.

SENWES. 2006. Senwes breek nuwe grond met sy SEB ekwiteit transaksie. Inligtingstuk uitgegee deur Senwes aan hulle lede.

STEENEKAMP, F.J.L. 1964. Landboukoöperasies in Suid-Afrika: 1900-1960. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Proefskrif).

STRAUSS, A.L. & CORBIN, J. 1990. Basics of qualitative research: Grounded theory procedures and techniques. Newbury Park,**Calif.** : Sage.

STRYDOM, E.M.L. 2002. Handboek vir Maatskappywetgewing 2002 waarby ingesluit die Wet op Beslote Korporasies en Wet op Binnekennistransaksies. 15de uitg. Durban : Butterworth.

SUID-AFRIKA. 1943. Versekeringswet: Wet nr. 27 van 1943. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1968. Bemarkingswet: Wet nr. 59 van 1968. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1981. Wet op Koöperasies: Wet nr. 91 van 1981. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 2005. Wet op Koöperasies : Wet nr. 14 van 2005. (Proklamasie Nr. 832,2005.) *Staatskoerant,* 482, Aug. 18. (Regulasiekoerant Nr. 27912.)

SUID-AFRIKA. Departement van Handel en Nywerheid. 2004. South African Company Law for the 21st Century: Guidelines for corporate reform. Pretoria. 27 p.

SUID-AFRIKA. Departement van Handel en Nywerheid. 2005. Co-operatives Bill 2005: Synopsis. Institute of certified public accountants of South Africa. [Web:] http://www.technical/cpa/sa.co.za [Datum van gebruik: 20 Jan. 2006].

SUID-AFRIKA. Departement van Handel en Nywerheid. 2006. Co-operatives Strategy Implementation approach. Pretoria. 35 p. (Ongepubliseer.)

SUID-AFRIKA. Departement van Landbou-ekonomie en Bemarking. 1967. Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede. Pretoria : Staatsdrukker. 233 p. (RP 78/1967.)

SUID-AFRIKA. Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede. Pretoria : Staatsdrukker. 24 p. (RP 78/1967.)

SWEDISH INSTITUTE. 2004. Agriculture and food processing in Sweden. [Web:] http://www.sweden.se/ [Datum van gebruik: 20 Jan. 2006].

THOMPSON, D. 1994. Cooperative Principles Then and Now. *Journal of Cooperative Grocer: an electronic journal, 53:1-3.* [Web:] http://www.cooperativegrocer.coop/articles/index.php?id=158 [Datum van gebruik: 31 Mrt. 2006].

VAN DER MERWE, H. 2004. AGRI SA honderd jaar jonk. *Agri,* 33(3):32, Jun/Jul.

VAN DER WALT, L. 2005. The resuscitation of the cooperative sector in South-Africa. (*In* Paper prepared for the International Co-operative Alliance XXI: International Cooperative Research Conference. Cork Ireland 11 – 14 Augustus. 14 p.)

VAN HEERDEN, J. 1960. Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie as landbou-organisasie. Pretoria.

VAN NIEKERK, J.A.S. 1982. 'n Oorsig oor die ontwikkeling van Landboukoöperasie in die RSA. Pretoria : Suid-Afrikaanse Landbou-unie se Koöperatiewe Raad.

VAN NIEKERK, J.A.S. 1986a. Koöperatiewe teorie en praktyk. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (D.Comm.)

VAN NIEKERK, J.A.S. 1986**b**. Die struktuur van landboukoöperasies. (*In* 60 Jaar koöperasie : Uitgegee deur die Koöperasiepers van Suid-Afrika Beperk. **p 82-87**.)

VAN NIEKERK, J.A.S. 1998. Die LBK se plek en rol binne die georganiseerde landbou. (*In* 'n Memorandum van die LBK uitgegee aan die lede van die algemene raad op 30 Jan. 1998.)

VAN RENSBURG, J.F.J. 1995. Ondernemingsvorm vir koöperasies: Vergelyking tussen maatskappye en koöperasies. Bethlehem.

VAN RENSBURG, L.R.J., (red.) 1997. Ondernemingsbestuur: 'n Inleiding. Pretoria : Van Schaik.

VAN ZYL, J. 1998. Koöperasies kry 'n tweede asem. *SA Koöp: Skakelblad vir die koöperasiewese in Suid-Afrika,* 14(9):11, Jun.

VAN ZYL, J. 2000. Koöperasies moet nie afgeskryf word nie. *SA Koöp: Skakelblad vir die koöperasiewese in Suid-Afrika,* 16(8):15, Jun.

VAN ZYL, J. 2003**a**. Onderkry is min vir diè ondernemingsvorm. *SA Koöp: Skakelblad vir die koöperasiewese in Suid-Afrika,* 20(12):4-5, Okt.

VAN ZYL, J. 2003**b**. LBK 'n waardevolle bondgenoot. *SA Koöp: Skakelblad vir die koöperasiewese in Suid-Afrika,* 21(3):18-19, Des/Jan.

VAN ZYL, J. 2006. Landbou-ondernemings. *SA Koöp: Skakelblad vir die koöperasiewese in Suid-Afrika,* 23(2):4-5, Des/Jan.

VLEISSENTRAAL (Vleissentraal Koöperatief Beperk). 2004. Vleissentraal Bpk. tuisblad. [Web:] http://www.vleissentraal.co.za/main [Datum van gebruik: 20 Jan. 2006].

VON RAVENSBURG, N. 1999. Modern Approaches to the promotion of cooperative self help in rural development. Occasional paper. Johannesburg : Konrad Adenauer Stiftung.

WESTER, F. 1987. Strategieën voor kwalitatief onderzoek. Muiderberg : Couthino.

WESTER, F. & PETERS, V. 1995. An introduction to the principles and practice of our method of qualitative analysis. Kampen : Kok.

WETTE ***kyk*** SUID-AFRIKA.

WPK (WPK Belggings Beperk). 2006. WPK tuisblad. [Web:] http://dev2.re-al.co.za/wpk/anndele/afr.asp [Datum van gebruik: 20 Jan. 2006].